

**OPVOEDKUNDIG-SIELKUNDIGE RIGLYNE IN DIE HANTERING VAN ROU EN
VERLIES BY DIE JONG KIND**

deur

DENIKA CLASSEN

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS – MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF H E ROETS

JUNIE 2010

Life is a process of loss, change, and growth.
Understanding loss issues can make them more predictable
And therefore less frightening.

Linda Goldman (2000:13)

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat

OPVOEDKUNDIG-SIELKUNDIGE RIGLYNE IN DIE HANTERING VAN ROU EN
VERLIES BY DIE JONG KIND

my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik is erken is deur middel van volledige
verwysing.

Denika Classen

Studentenommer: 32873670

Datum

OPSOMMING

OPVOEDKUNDIG-SIELKUNDIGE RIGLYNE IN DIE HANTERING VAN ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Deur: DENIKA CLASSEN

Graad: MAGISTER IN OPVOEDKUNDE MET SPESIALISERING IN
VOORLIGTING

Promotor: PROF H E ROETS

'n Literatuurstudie is onderneem om die beleving van rou en verlies in die verskillende ontwikkelingsfases te ondersoek, sowel as om kenmerke van rou en verlies by die jong kind te identifiseer en riglyne vir die hantering daarvan saam te stel.

Die empiriese studie het die aanbieding van werkswinkels behels. Hiermee saam moes bepaal word of ouers en kinders baat vind by die werkswinkels en of die inligting oor rou en verlies 'n behoefte by ouers aanspreek.

Uit die empiriese studie is bevind dat ouers onkundig is oor rou en verlies by die jong kind. Al die ouers het vrae oor rou en verlies gehad. Na die werkswinkels het ouers 'n positiewe verandering in hulle gedrag teenoor hul kinders opgemerk, sowel as in die gedrag van hul kinders. Die grootste leemte in die hantering van rou en verlies by die jong kind blyk oop en eerlike kommunikasie te wees.

Sleuteltermes: opvoedkundig-sielkundig, rou, verlies, riglyne, jong kind, kind, ouer, vraelys, skool, onderwyser, hantering

SUMMARY

PSYCHO-EDUCATIONAL GUIDELINES FOR HANDLING LOSS AND GRIEF IN THE YOUNG CHILD

By: DENIKA CLASSEN
Degree: MASTER IN EDUCATION WITH SPECIALISATION IN GUIDANCE
AND COUNSELLING
Promoter: PROF H E ROETS

A literature study was undertaken to investigate the experience of loss and grief in the different developmental stages, as well as to identify characteristics of loss and grief in the young child. Guidelines have been compiled on how to handle loss and grief in young children.

The empirical study comprised of workshop presentations. Through these presentations it was also determined as to whether parents and children would benefit from such workshops, as well as if the information regarding loss and grief addressed the parents' needs.

The empirical study found that parents are ignorant about loss and grief in the young child. However, all the parents had questions about loss and grief. After the workshops parents indicated that they became aware of positive changes in their own behaviour towards their children, and also in that of their children. One of the biggest problems in handling loss and grief in the young child seemed to be open and honest communication.

Key terms: psycho-educational, grief, loss, guidelines, young child, child, parent, questionnaire, school, teacher, handling

ERKENNING:

My opregte dank aan die volgende persone, sonder wie hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

1. My Hemelse Vader, vir die voorreg om te kan studeer, en vir die gawes en talente wat ek ontvang het.
2. My gesin:
 - ♥ My beste vriend en eggenoot, Jaco. Dankie vir eindelose geduld, hulp, moed inpraat en spesiale insette en raad. Dankie ook vir die tegniese versorging en uitleg. Spanwerk, soos altyd!
 - ♥ My kinders, vir baie liefde en drukkies. Julle is my trots!
3. My dierbare ouers, Lothar en Mariëtta Grossmann, wat my leer droom het, my drome gedeel het, en so graag aanmoedig en moed inpraat. Sonder julle sou ek nie vlerke kon gee aan my drome nie. Dankie vir jare se liefde en opoffering. Ek vlieg!
4. My sus, Talitha, en broer, Heiko, wat in my bly glo, ten spyte van enigiets.
5. Prof H E Roets vir besondere leiding, die bevestiging van die doel met hierdie studie, raad, geduld en inspirasie. Mag hierdie studie ook bydra tot die “awesome” tema van 2010. Dankie vir elke ekstra myl wat Prof saam met my geloop het.
6. Die toegewyde proefpersone wat deelgeneem het aan hierdie studie.
7. Die onderwysers en Die Hoorn, Oudtshoorn se gemeenskapskoerant, wat gehelp het met die identifisering en werwing van proefpersone.
8. Liesel Sanday, for helping with the English summary.

Opgedra aan my twee geliefde seuns, Jandré en Ulrich,
en hul pa, Jaco, wat die spesiale ouerskapstaak en –reis
met my deel...

INHOUDSOPGAWE

	BI
Verklaring	iii
Opsomming	iv
Summary	v
Erkenning	vi

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN AGTERGROND

1.1	Inleiding	1
1.2	Agtergrond	2
1.3	Bewuswording van die probleem	3
1.4	Literatuuroorsig	4
1.5	Probleemstelling	6
1.6	Aannames	6
1.7	Doelstellings	7
1.8	Definisies van sleutelterme	7
1.9	Navorsingsmetode	9
1.10	Paradigma as vertrekpunt	10
1.11	Verdere verloop van die studie	10
1.12	Gevolgtrekking	11

HOOFSTUK 2

ROU EN VERLIES AS VERSKYNSEL

2.1	Inleiding	13
2.2	Die omvang van rou en verlies	14
2.3	Ontwikkelingsfases van die jong kind	15

2.3.1	Kognitiewe ontwikkeling: Piaget se teorie	15
2.3.2	Emosionele ontwikkeling: Kübler-Ross	17
2.3.3	Sosiale ontwikkeling: Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling	19
2.4	Bowlby se teorie van gehegtheid (attachment) en verlies	23
2.5	Rou en verlies in die verskillende ontwikkelingsfases	24
2.6	Rou en verlies by die jong kind	29
2.7	Die rouproses	32
2.8	Die routake	33
2.9	Faktore wat roureaksies kan beïnvloed	34
2.10	Verliese in die kinderjare	35
2.11	Sekondêre verlies	36
2.12	Geslagsverskille en rou en verlies	37
2.13	Die proses van aanvaarding	37
2.14	Verliese wat gereeld deur jong kinders ervaar word: 'n bespreking	39
2.14.1	Verlies weens egskeiding	39
2.14.2	Die dood van 'n ouer	42
2.14.3	Die dood van sibbe	43
2.14.4	Verlies en aanneming / pleegsorg	43
2.14.5	Verlies van 'n troeteldier	44
2.15	Miskende rou (disenfranchised grief)	44
2.16	Kultuurverskille en rou en verlies	45
2.17	Die probleem van verliese buiten dood	46
2.18	Gevolgtrekking	47

HOOFSTUK 3

DIE RELASIETEORIE EN RIGLYNE VIR BELANGRIKE PERSONE IN DIE HANTERING VAN DOOD EN VERLIES

3.1	Inleiding	49
3.2	Die relasieteorie in 'n neutedop	49

3.3	Praktiese toepassing van die relasieteorie op die jong kind	51
3.4	Die rol van die ouer	55
3.5	Die rol van die skool	59
3.6	Die rol van die sielkundige	64
3.7	Gevolgtrekking	69

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

4.1	Inleiding	70
4.2	Navorsingsdoelstelling	70
4.3	Navorsingsmetode	71
4.3.1	Kwalitatiewe aksienavorsing	71
4.3.2	Data-insameling	73
4.3.2.1	Metode	73
4.3.2.1.1	Informele gesprekke	73
4.3.2.1.2	Werskwinkel: Inhoud	73
4.3.2.1.3	Werkkaart	90
4.3.3	Steekproef	104
4.4	Interpretasie van die data	105
4.5	Etiese oorwegings	105
4.6	Betroubaarheid	107
4.7	Gevolgtrekking	108

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE EN DIE BESPREKING DAARVAN

5.1	Inleiding	109
5.2	Demografiese besonderhede van respondente	109

5.2.1	Respondent A	109
5.2.2	Respondent B	110
5.2.3	Respondent C	110
5.2.4	Respondent D	110
5.2.5	Respondent E	111
5.2.6	Respondent F	111
5.2.7	Respondent G	112
5.2.8	Respondent H	112
5.3	Terugvoer van werksinkelsessies volgens die werkkaarte vir elke sessie	113
5.3.1	Sessie 1: Tipes verlies en ontwikkeling	113
5.3.2	Sessie 2: Roufases en routake	118
5.3.3	Sessie 3: Die ouer of versorger se rol	122
5.3.4	Sessie 4: Die rol van die skool	128
5.4	Evaluasie	131
5.5	Interpretasie van die data	136
5.5.1	Demografiese besonderhede van respondente	136
5.5.2	Sessie 1	137
5.5.3	Sessie 2	138
5.5.4	Sessie 3	142
5.5.5	Sessie 4	147
5.5.6	Evaluasie	149
5.5.7	Kommentaar van onderwysers	151
5.6	Gevolgtrekking	155

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

6.1	Inleiding	157
6.2	Aannames wat die studie gerig het	157
6.3	'n Oorsig van die studie	158
6.4	Bevindinge uit die literatuurstudie	158

6.5	Bevindinge van die empiriese studie	164
6.6	Leemtes van die studie	168
6.7	Bydraes van die studie	168
6.8	Aanbevelings vir verdere navorsing	169
6.9	Slotgedagte	169
BRONNELYS		171

TABELLE

Nr		Bl
1	Die omvang van rou en verlies	14
2	Kognitiewe ontwikkeling: Piaget se teorie	16
3	Psigososiale ontwikkeling: Erikson	19
4	Vergelyking van dood en egskeiding	41
5	Relasieteorie en die invloed op psigiese fasette	51
6	Riglyne	67
7	Pre-operasionele fase: Piaget	75
8	Psigososiale fases van die jong kind: Erikson	76
9	Opsomming van riglyne en die gevolge van die toepassing daarvan	83
10	Wanneer is professionele hulp nodig	90

DIAGRAMME

Nr		Bl
1	Inhoud van Hoofstuk 2	12
2	Menslike ontwikkeling: Kübler-Ross	17
3	Ontwikkelingsfases van die jong kind	22
4	Rou en verlies in die verskillende ontwikkelingsfases	25
5	Inhoud van Hoofstuk 3	48
6	Die aksienavorsing spiraalproses	72

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN AGTERGROND

Children are like wet cement.
Whatever falls on them makes an impression
- Anonymous

1.1 Inleiding

Daar is soveel verliese wat kinders ervaar, hetsy of dit gepaard gaan met traumatiese gebeure soos egskeiding en dood, of in alledaagse situasies soos verhuising, ouers wat in ander dorpe of lande werk, verlies van 'n troeteldier of 'n plek in 'n span, oudste kinders wat aandag en tyd van die ouers afstaan na die geboorte van nog 'n kind, ensovoorts. Tog, wanneer oor verlies gepraat word, word dit meestal in terme van die dood gedoen. Dood is egter maar een tipe verlies, en daarom is dit nie vreemd as die rouproses na die dood van 'n persoon ooreenstem met wat na ander verliese deurgemaak word nie.

Voorts is daar nie, volgens die navorser se wete, 'n handleiding beskikbaar wat spesifiek op die belewing van dood en verlies by die jong kind gefokus is, en riglyne gee aan ouers, onderwysers en sielkundiges oor hulp en ondersteuning aan hulle nie. Dit kom voor asof daar onder mense 'n onsekerheid oor verlieshantering by veral die jong kind bestaan. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die meeste mense onkundig is oor die ontwikkelingsfases van jong kinders en wat presies hulle in 'n bepaalde stadium rondom dood en verlies ervaar en begryp. Daarom sal 'n bondige handleiding wat hierdie behoefte kan aanspreek van waarde wees in die praktyk – daar waar ouers, onderwysers en sielkundiges jong kinders help met genesing na 'n verlies – hetsy deur die dood of enige alledaagse tipe verlies. Dit is dan ook dié behoefte wat hierdie studie gaan aanspreek.

1.2 Agtergrond

Die menslike spesie is gemaak om in verhoudings betrokke te raak, byvoorbeeld in 'n gesin, met vriende, onderwysers, in 'n werksomgewing, in 'n span, ensovoorts. Verhoudings met ander het vreugde en sekuriteit tot gevolg, maar as hierdie verhoudings verander of beëindig word, word baie pynlike emosies deurleef (Perry, 2001). Hierdie veranderinge wat binne verhoudings plaasvind is dikwels as gevolg van dood, maar ook as ander tipes verliese wanneer verhoudingsbande bloot gesny word deur byvoorbeeld egskeiding, verhuising of uitsluiting (soos in 'n span of vriendekring).

Volgens Perry (2001) kan die pyn wat met 'n verlies ervaar word gekoppel word aan die aard van die verandering en oorgang (was dit skielik, of was daar tyd om die betrokke persone voor te berei op wat voorlê). Ander faktore wat bydra tot die intensiteit van die pyn met 'n verlies en met aanpassing is die aard van die verhouding, 'n geskiedenis van ander verliese, die kwesbaarheid van die betrokke persoon en die ondersteuningstelsel wat beskikbaar is (Perry, 2001).

Dood, as die mees permanente vorm van verlies (Perry, 2001), vind vandag meestal alleen plaas. Mense sterf in hospitale en versorgingsoorde waar hulle die nodige sorg ontvang – weg van familie en vriende. As gevolg hiervan het geliefdes nie so gereedlik die kans om saam met die sterwende persoon te wees nie, en heel dikwels mis die familie die oomblik wanneer die laaste asem uitgeblaas word. Dus is die lewendes deesdae meer geïsoleer van die sterwendes, en dit dra by tot die misterie en vrees rondom dood.

Twee faktore beïnvloed blykbaar 'n persoon se begrip van dood: die ontwikkelingsfase van die persoon en sy/haar ervaring – omgewings-, godsdienstige en kulturele agtergrond (NASP, 2003).

Die volgende twee punte kan lig werp op van die oorsake en kompleksiteite van dood en rou in die moderne wêreld:

- 'n Hoë persentasie van Amerika se kinders ervaar die verlies van beskerming in die volwasse wêreld, omdat kwessies soos moord, geweld en misbruik, en die rou daaraan verbonde, beide hulle binne- en buitewêreld affekteer.

- Daar is dikwels skaamte en geheimhouding wanneer iemand se dood veroorsaak is deur selfmoord of die Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS). Dit veroorsaak dat die kind wat rou in isolasie is, en dit kan veel meer skade aanrig as die oorspronklike verlies (Goldman, 2000). Iemand wat die Suid-Afrikaanse situasie verstaan en weet van die misdaadprobleem en VIGS, sal kan insien dat Suid-Afrikaanse kinders soveel meer deur gekompliseerde verlies en rou geraak word.
- Kinders van die negentigerjare ervaar verliese in die vorm van skielike fatale ongelukke en sterftes as gevolg van siektes, selfmoord, geweld en VIGS. Daar is ook baie verliese buiten die dood wat dieselfde effek op kinders het. Voorbeelde hiervan is die verlies aan stabiliteit in die familie deur egskeiding en skeiding, geweld en misbruik, werkloosheid, gevangenisskap van ouers, verhuising en alkohol- en dwelmverslawing in die gesin (Graham, 2004). Al hierdie kwessies het rou tot gevolg en dit raak baie van vandag se jong kinders (Worden, 1982).
- Aangesien kinders dood en verlies anders as volwassenes hanteer, asook die verskillende wyses waarop kinders in die verskillende ontwikkelingsfases daarop reageer, is dit nodig dat die belangrike persone in 'n kind se lewe hierdie belewenisse moet verstaan (Perry, 2000; Theunissen McFarlane, 1998). Deurdat 'n begrip gevorm word van hoe kinders verliese hanteer, kan sielkundiges, onderwysers en ouers beter bystand en hulpverlening bied aan kinders wat sulke krisis beleef.

1.3 Bewuswording van die probleem

Tydens die internskapjaar in 2007 het die navorser heelwat met gevalle wat rou en / of verlies ervaar gewerk. Onsekerheid, oor veral die hantering hiervan deur ouers, onderwysers en studente in sielkunde, het gou duidelik geword – veral waar dit oor die jong kind van ongeveer twee tot tien jaar handel. Vrae soos die volgende het na vore gekom:

- Wat is 'n jong kind se belewenis, begrip, emosie en ervaring van dood en verlies?
- Hoe verskil kinders se hantering van verlies van dié van volwassenes?
- Hoe kan die jong kind wat verlies ervaar of rou gehelp word?

- Wat is die taak en rol van die skool?

Antwoorde op hierdie vrae is dan ook die tipe inligting wat natuurlik van waarde kan wees in die hulpverlening aan die kind.

In die skool waar die navorser as intern sielkundige gewerk het, het 'n tragedie hom afgespeel: 'n ma het haar tienjarige dogter en haarself om die lewe gebring. Die trauma van hierdie gebeurtenis het menige kind na hulp en antwoorde laat soek op hulle baie vrae en onsekerhede. Hulle was hartseer oor die gebeurtenis, maar later veral oor die verlies aan 'n maatjie, of hulle het vrae oor die dood gehad. Ander kinders van ongeveer sewe tot nege jaar het gesukkel om hulle gevoelens te verwerk rondom die dood van 'n ouer, of selfs as gevolg van die tydelike verlies aan 'n ouer, soos byvoorbeeld diegene wat in Irak en elders diens doen. Onderwysers het vrae gevra oor hoe om die situasie in die klaskamer te hanteer, en ouers wou weet hoe om hulle kinders te help. Die navorser het self na riglyne gesoek – op die man af, prakties en bruikbaar. Die behoefte het duidelik uitgestaan: mense wil weet hoe om kinders wat rou en / of verlies ervaar te help.

1.4 Literatuuroorsig

In die literatuursoektog het geblyk dat daar heelwat bronne oor dood en verlies beskikbaar is, maar 'n duidelike leemte bestaan waar dit die jong kind raak. Andrews en Marotta (2005) sê ook dat dit verstommend is, in hierdie tye waarin kinders soveel verlies ervaar – veral van primêre versorgers, dat baie van dit wat ons weet oor hulpverlening aan kinders slegs afgelei is van literatuur oor volwassenes.

Kinders in die verskillende ontwikkelingsfases reageer verskillend op dood en verlies, en hulle verstaan dit ook verskillend (Worden, 1982; Kaufman & Kaufman, 2005). Williams wys egter daarop dat *“adults are still clumsy, confused and relatively ignorant about how to handle children’s grief over loss of a loved one”* (2003:1).

Dit is vir hierdie studie belangrik om daarop te let dat dood 'n vorm van verlies is (Perry, 2001). Dit is ook uit die literatuur duidelik dat kinders oor ander verliese ook rou. Dit wil sê dat nie slegs 'n sterfte roureaksies by kinders ontketen nie. Hierdie

reaksies kan kinders op kognitiewe, emosionele, fisiese en sosiale vlak beïnvloed (Branch & Brinson, 2007).

Volgens Lyness (2004) rou kinders op verskillende maniere, afhangende van die situasie en die verhouding met die oorledene (of die persoon (of dier) met wie die kind 'n verhouding gehad het). Kinders se beleving en hantering van verlies verskil van volwassenes s'n. Die omstandighede waarin die persoon gesterf het, of van die kind geskei is, kan ook gevoelens van rou beïnvloed.

Voorbeelde is:

- 'n Baie ou of siek persoon – die dood is verwag en mense het tyd gehad om hulle daarop voor te berei. Tog maak dit nie noodwendig die uiteindelijke afsterwe makliker nie.
- 'n Baie jong persoon – gevoelens van onregverdigheid word ervaar.
- Waar 'n persoon baie moes ly kan 'n gevoel van verligting na die afsterwe ervaar word.
- 'n Skielike, onverwagse verlies, soos wanneer iemand in 'n motorongeluk sterf, of weens geweld, is baie traumaties. So 'n persoon kan lank neem om die verlies te aanvaar.
- Selfmoord, wat uiters moeilik is om te verwerk. Naasbestaandes voel intense hartseer, en selfs woede en skuld. Hulle kan dikwels nie verstaan wat tot die selfmoord aanleiding kon gee nie.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die rouproses baie persoonlik en individueel is. Sommige kinders kan uitreik vir hulp, terwyl ander weer kan onttrek en depressief raak.

Rou is normaalweg afgehandel wanneer aan die oorledene (of die verlies) gedink kan word sonder 'n gevoel van pyn (Worden, 1982). Daar sal altyd 'n mate van hartseer wees, maar anders as met die rouproses. Nog 'n teken van voltooide rou is wanneer die persoon weer begin "lewe". Met kinders is dit egter moontlik dat rou in die verskillende ontwikkelingsfases weer kan voorkom (Monroe & Kraus, 2005). Dit gebeur omdat kinders, soos hulle ouer word, sekere aspekte rondom die verlies beter begryp.

Uit hierdie inligting blyk dat dit noodsaaklik is om begrip te toon vir kinders wat verliese ervaar. Soos Goldman (2000:48) dit stel: *“As caring adults, we need to create an understanding of the grieving child for parents, teachers, counselors, and other school personnel”*. Dit kan gedoen word deur die nodige kennis en met praktiese idees om hulp te verleen.

1.5 Probleemstelling

“Bereavement in childhood is not expressed in the same manner common to adults and is related to the child’s developmental state...” (Kaufman & Kaufman, 2005:237). Aangesien volwassenes en kinders se belewing en hantering van rou en verlies verskil, kan gevra word hoe jong kinders verlies ervaar, en hoe hulle dit hanteer.

Hierdie studie sal dus ondersoek instel na hoe voorskoolse kinders, van ongeveer twee tot ses jaar, dood en verlies hanteer, met die doel om riglyne vir ondersteuning deur onderwysers, ouers en sielkundiges daar te stel.

In die lig van verskillende ouderdomsgroepe se unieke belewing en hantering van dood en verlies is die navorsingsvraag die volgende:

Hoe hanteer jong kinders rou en verlies, en wat kan ouers, onderwysers en sielkundiges doen om hulle te ondersteun en te help met die verwerking daarvan?

1.6 Aannames

Die volgende aannames word vir hierdie navorsing gemaak:

- Aangesien die voorkoms van rou en verlies by ouers en kinders verskil, is dit moontlik dat ouers nie oor die nodige inligting beskik om hulle kinders by te staan tot die suksesvolle verwerking van die moeilike gebeure nie.
- Dit is dikwels so dat kinders wat rou en verlies ervaar gedragsprobleme in die skool kan toon. Aangesien dit moontlik is dat onderwysers nie oor genoegsame kennis van rou en verlies by jong kinders beskik nie, kan hierdie gedrag verkeerdelik as wangedrag beskou word, terwyl dit eintlik met die kind se belewing van rou en verlies te make het.

- Moontlik kan kennis oor rou en verlies by jong kinders waarde toevoeg vir ouers, onderwysers en skole, sodat kinders beter ondersteuning en begrip kan ontvang.
- Riglyne vir die hantering van rou en verlies by die jong kind kan moontlik vir onderwysers, ouers en sielkundiges van praktiese waarde wees om onmiddellik hulp te verleen.
- Dit is moontlik dat die suksesvolle hantering van rou en verlies by die jong kind samewerking tussen die skool, die ouerhuis en die sielkundige sal vereis.
- Soos wat volwassenes se maniere van rou verskil, sal kinders ook verskille toon. Daar word aangeneem dat geen kinders se hantering van rou en verlies identies sal wees nie.

1.7 Doelstellings

Die doelstellings van hierdie studie is die volgende:

- Om 'n opsomming van inligting uit 'n verskeidenheid van literatuur te maak deur 'n literatuurstudie van hoe kinders rou en verlies hanteer.
- Om 'n kwalitatiewe aksienavorsingstudie te onderneem met die ouers van kinders tussen die ouderdom van twee en ses jaar wat 'n verlies of verliese ervaar het.
- Om die bevindinge te interpreteer en bespreek.
- Om riglyne vir ouers daar te stel vir die ondersteuning van en hulpverlening aan jong kinders wat rou en / of verlies ervaar.

1.8 Definisies van sleutelsterme

Die volgende belangrike terme word in hierdie navorsing gebruik en word uitgeklaar ten einde enige onsekerheid uit te skakel:

Riglyne

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendal et al, 1994) word riglyne hier in die figuurlike sin gebruik en dit word beskryf as "reël(s) waarvolgens gewerk, gehandel moet word". Die bedoeling met hierdie studie

is egter meer om advies te gee en begrip van dood en verlies by jong kinders te vestig sodat hulpgewing makliker en met vertroue kan geskied. Riglyne in hierdie studie is dus voorstelle en dit is natuurlik aanpasbaar. Hopelik sal die riglyne verdere denke stimuleer en aangepas word vir individuele gevalle. Geen twee persone se rou en verlies is immers dieselfde nie.

Rou

“(Grief) is the price people pay for love and commitment to one another” (Hooyman & Kramer, 2006:2). Persone rou weens die verlies aan iets of iemand met wie daar ‘n nou verbintenis was. Rou is die normale sielkundige, sosiale en fisiese reaksie na ‘n verlies en dit is ‘n baie persoonlike proses, gebaseer op die persoon se eie persepsie van die verlies (Hooyman & Kramer, 2006). Lyness (2004) beskryf dit as ‘n voortdurende helingsproses wat mense deurgaang na die dood van iemand of na ‘n verlies.

Verlies

Elke tipe persoonlike groei en verandering kan ‘n rede wees om te begin rou (Le Count, 2000). Hooyman en Kramer (2006) beskryf verlies as ‘n gebeurtenis wat as negatief ervaar word deur die betrokke persone. Hierdie gebeurtenis het langtermyn veranderinge in sosiale situasies, verhoudings en patrone van denke en emosie tot gevolg. Verliese kan fisies of simbolies wees, of tasbaar of nie (Goldman, 2000). ‘n Fisiese verlies is iets tasbaar wat verdwyn, byvoorbeeld as gevolg van die dood. ‘n Simboliese verlies is ‘n sielkundige of sosiale verandering wat plaasvind, soos die verlies aan ‘n plek in ‘n span. Volgens Perry (2001) en Cohen et al (2006) is dood die mees permanente vorm van verlies, maar ander tipes kan individue se emosionele ankers verander, breek of verswak.

Onderwyser

Dit is iemand wat verantwoordelik is vir die onderrig van die kind buite die ouerhuis, byvoorbeeld in die kleuterskool, primêre skool, speelgroep en Sondagskool. Dit kan egter uitgebrei word na persone wat aktiwiteite vir kinders aanbied soos musiek- en swemlesse.

Ouer

Die ouer is die primêre versorger van die kind. Dit beteken dat, wanneer na die ouer verwys word, dit ook pleegouers, aanneemouers, grootouers, familie en enige ander persone insluit wat vir die versorging van die kind verantwoordelik is.

Sielkundige

Volgens die Psigologiewoordeboek (Plug et al, 1988) is 'n sielkundige (psigoloog) "n Persoon wat oor 'n nagraadse kwalifikasie in die psigologie beskik en in die een of ander vertakking van die psigologie werksaam is". Wat hierdie navorsing betref sal die term "sielkundige" gebruik word vir persone wat in 'n professionele terapeutiese hoedanigheid met kinders werk, maar baie van die voorstelle kan vir 'n breër groep professionele persone in die gesondheidswetenskappe bruikbaar wees.

Jong kind

Vir die doeleindes van hierdie studie, is die jong kind tussen die ouderdom van twee en ses jaar (die kleuterjare).

1.9 Navorsingsmetode

Met hierdie navorsing word gepoog om praktiese inligting daar te stel van hoe jong kinders rou en verlies ervaar, sowel as om riglyne te verskaf vir ouers in die hantering daarvan. Daarom is die metode wat gevolg word kwalitatiewe aksienavorsing (Berg, 2007; Henning et al, 2004).

Werkswinkels sal aangebied word vir die ouers of voogde van jong kinders (3 tot 6 jaar) wat dood of enige vorm van verlies ervaar het. Vraelyste en individuele informele onderhoude sal gebruik word om inligting te bekom en om praktiese riglyne vir ouers daar te stel. Deelnemers sal verseker word van hul anonimiteit en die konfidensialiteit van inligting.

Die navorsingsmetode word volledig in Hoofstuk 4 beskryf.

1.10 Paradigma as vertrekpunt

Die vertrekpunt vir hierdie navorsing is vanuit 'n opvoedkundig-sielkundige perspektief. Die relasieteorie, wat in Hoofstuk 3 beskryf en toegepas word, word gebruik.

1.11 Verdere verloop van die studie

Die omvang van die navorsing is duideliker wanneer 'n bondige oorsig van die hoofstukuiteensetting gegee word:

Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond

Hierdie hoofstuk is die bekendstelling en verduidelik waarom die studie onderneem word. Agtergrond oor die tema word gegee, sowel as hoe die navorser van die probleem bewus geword het. 'n Literatuuroorsig stel die probleem in perspektief. Daarna volg die probleemstelling, aannames en doelstellings van die studie, definisies van sleutel terme en 'n bondige beskrywing van die navorsingsmetode. Die hoofstuk word afgesluit met die uiteensetting van die verloop van die studie en 'n gevolgtrekking.

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig: Rou en verlies as verskynsel

Die ontwikkeling van die jong kind en die belewing van rou en verlies is die fokus van die bespreking in Hoofstuk 2. In hierdie hoofstuk sal aangetoon word hoe jong kinders rou en verlies hanteer, en hoe dit met hulle ontwikkelingsvlak – kognitief, emosioneel en sosiaal – ooreenstem. Die verskillende tipes verliese word ondersoek en die roufasies en routrake vir jong kinders word weergegee, sowel as watter faktore roureaksies kan beïnvloed.

Hoofstuk 3: Literatuuroorsig: Die relasieteorie en riglyne vir belangrike persone in die hantering van dood en verlies

Hoofstuk 3 sal gewy word aan 'n bondige bespreking van die relasieteorie en die invloed van rou en verlies op jong kinders se relasies. Die rol wat belangrike persone soos ouers, onderwysers en sielkundiges in die jong kind se lewe kan speel sal uitgelig word deur breë riglyne en voorstelle van hoe die jong kind binne sy / haar lewenskonteks gehelp kan word met rou en verlies.

Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp

Hierdie hoofstuk word gebruik vir die bespreking van die metode wat die navorser gevolg het om die navorsing te doen. Elke fase van die navorsing en die prosedure wat gevolg is word bespreek. Daar word 'n volledige uiteensetting gegee van die werkswinkelinhoud, wat oor vier agtereenvolgende sessies strek. Die etiese aspekte van die studie word ook duidelik uiteengesit.

Hoofstuk 5: Bevindinge en die bespreking daarvan

In hierdie hoofstuk word die bevindinge en interpretasie van die studie bespreek. Die werkswinkel se invloed, toepaslikheid en relevansie word bespreek.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings, aanbevelings en beperkinge van die studie

Hierdie is die laaste hoofstuk en word gewy aan 'n opsomming van en terugblik op die studie wat onderneem is.

1.12 Gevolgtrekking

Rou en verlies is iets wat baie normaal is – dit is onafwendbaar en elke persoon sal iewers daarmee te doen kry. Tog bly dood en verlies onderwerpe waarmee baie individue steeds ongemaklik is. Volwassenes voel ook dat hulle kinders teen verliese wil beskerm, al is dit 'n onmoontlike taak. Daarom lê die hantering van rou en verlies eerder by suksesvolle hulpverlening en ondersteuning aan die jong kind, sodat hy/sy weer met nuwe insig en vreugde met die lewe kan voortgaan.


In Hoofstuk 2 sal rou en verlies by jong kinders meer volledig bespreek word, met in agname van die ontwikkelingsfases waarin die jong kind hom / haar bevind. Die ondersteuningsrol van die ouer, onderwyser en sielkundige sal ook aandag geniet.

HOOFSTUK 2

ROU EN VERLIES AS VERSKYNSEL

If a child is old enough to love, he or she is old enough to grieve
 Linda Goldman (2000: 24)

Diagram 1: Inhoud van Hoofstuk 2



2.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 word rou en verlies as verskynsel bespreek. Daar word veral aandag gegee aan die jong kind se ervaring daarvan, maar ten einde aan te dui hoe die jong kind se belewenis van ander verskil, is kort beskrywings van rou en verlies in die ander ontwikkelingsfases ingesluit.

Die relevansie van rou en verlies word bewys deur statistieke te gee van die voorkoms van sommige tipes verliese. Daarna word Piaget en Erikson se teorieë gebruik om 'n beeld van die jong kind se kognitiewe en sosiale ontwikkelingsvlak te skets, sowel as inligting van Elizabeth Kübler-Ross oor die emosionele ontwikkeling. Sodoende word dit duidelik dat die kind se beperkte begrip en vaardighede ook die beleving van rou en verlies behoort te beïnvloed, wat dan ook hulpverlening aan hierdie groep kinders behoort te raak. Om hierdie punt verder te illustreer word Bowlby se teorie van gehegtheid ingespan om die invloed van verliese op jong kinders te bespreek.

Nadat die jong kind se ontwikkeling in perspektief gestel is, word aandag gegee aan hoe rou en verlies deur kinders in verskillende ontwikkelingsfases beleef word. Die ouderdomsindeling varieer geweldig in die verskillende bronne. Daar is wel vele ooreenkomste, maar 'n breedvoerige uiteensetting word gegee.

Die volgende aspek wat bespreek gaan word, is rou en verlies – die rouproses, routake en wat hierdie proses kan beïnvloed. Dit is belangrik om kennis hiervan te hê, sodat die beleving van die jong kind, sowel as gedrag, verstaan kan word. Kennis van die rouproses kan ook intervensie vergemaklik, omdat ondersteuning gebied kan word volgens waar die kind hom / haar in die proses bevind.

Hoewel dit 'n natuurlike instink is om kinders te wil beskerm, is dood en verlies in elke persoon se lewe onafwendbaar. Daarom word 'n bespreking gegee van tipiese verliese wat in die kinderjare voorkom – baie daarvan sou eintlik nie eens as verliese deur volwassenes erken word nie. 'n Bespreking van 'n paar van die verliese wat dikwels voorkom word ook gegee, sodat daarop gelet kan word en inligting die kind se ondersteuningsnetwerk kan bemagtig.

Wanneer met rou en verlies gewerk word, wat 'n hoogs individuele en unieke ervaring vir elke mens is, is dit ook nodig om te let op verskille ten opsigte van geslag en kultuur. Hierdie twee aspekte is nie die fokus van hierdie studie nie, en word baie kortliks bespreek – eintlik net vir kennisname.

Dit is so maklik om aan verlies te dink as “die dood”. Soos in hierdie hoofstuk blyk is dit egter ver van die waarheid. Ongelukkig veroorsaak hierdie ingesteldheid, wat verlies en dood met mekaar gelykstel, dikwels dat ander verliese misgekyk word. Daarom word verwys na verliese buiten dood en miskende rou.

Die doel van Hoofstuk 2 is om rou en verlies in perspektief te stel, sowel as die emosies, gedrag en tipiese verliese, sodat die jong kind wat rou geïdentifiseer en begryp kan word.

2.2 Die omvang van rou en verlies

In die onderstaande tabel word die omvang van rou en verlies weergegee met data wat beskikbaar is van die Verenigde State van Amerika (VSA). In Suid-Afrika kan die situasie egter veel erger daar uitsien, weens kompliserende faktore soos HIV-Vigs en tuberkulose in 'n derdewêreld land, werkers wat migreer, armoede en werkloosheid.

Tabel 1: Die omvang van rou en verlies

Probleem	Persentasie / aantal kinders geraak
Egskeiding	40% (ongeveer 1.5 miljoen kinders jaarliks) (National Institute of Health, 2002)
Enkelouers	32% van alle kinders (ongeveer 22.3 miljoen) (Kids Count, 2009)
Sterftes onder kinders en jong volwassenes	228 000 per jaar (Compassionate Friends, 1999)
Miskende rou – soos met die verlies aan 'n troeteldier, stabiliteit of deur verhuising	Feitlik alle kinders sou iewers met verlies (hoe klein ookal) te make gekry het (Sciarra, 2004).

Dit blyk dus duidelik dat rou en verlies by kinders 'n relevante onderwerp is. Niemand word uitgesluit hierby nie, en alle persone sal iewers in hulle lewe met rou en verlies in aanraking kom.

2.3 Ontwikkelfases van die jong kind

Die jong kind ontwikkel fisies, emosioneel, kognitief en spiritueel. In enige van hierdie ontwikkelingsaspekte kan dood en verlies ervaar word. Die tipe verlies wat ervaar kan word is ook baie wyd, byvoorbeeld 'n ouer, vriend, grootouer, en as gevolg van verskillende omstandighede, soos verhuising, moord, siekte, ongelukke, ensovoorts. Met soveel veranderlikes is dit duidelik dat rou in die kinderjare veelfasettig en kompleks is (Monroe en Kraus, 2005).

2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling: Piaget se teorie

Jean Piaget het 'n teorie van kognitiewe ontwikkeling daargestel wat help om die kind in elke ontwikkelingsfase beter te begryp, want dit gee 'n blik op hoe 'n kind in 'n bepaalde fase dink en redeneer. Piaget onderskei die volgende stadia van kognitiewe ontwikkeling (Mwamwenda, 1995), elk met verskillende motoriese, kognitiewe en taalvaardighede, wat 'n persoon in staat stel om komplekse konsepte te verstaan (Freeman & Reinecke, 2007):

- Sensories-motoriese periode: geboorte tot 2 jaar
- Pre-operasionele periode: 2-7 jaar, vroeë kinderjare en skooljare
- Konkreet operasionele periode: 7-11 jaar, laat kinderjare
- Formeel operasionele periode: adolessensie (vanaf ongeveer 11 jaar) tot volwassenheid, met geen eindpunt

Vervolgens word 'n aangepaste uiteensetting van die hoofkenmerke van elke fase, soos weergegee deur Pritchard (2005), gegee. Die laaste kolom gee 'n uiteensetting van kinders se begrip van dood volgens die ontwikkelingsfases, soos weergegee deur Goldman (2000) en Andrews en Marotta (2005):

Tabel 2: Kognitiewe ontwikkeling: Piaget

Periode en ouderdom	Eienskappe	Begrip van dood
Sensories-motories 0-2 jaar	Eenvoudige refleksiewe gedrag Bou hierop vir latere vaardighede, soos die vorming van skemas en patrone Objekpermanensie: besef iets bestaan selfs al is dit nie sigbaar nie	“Out of sight, out of mind” – iemand is heeltemal weg Onderbreking van roetine
Pre-operasioneel 2-7 jaar	Egosentries – kan nie ander se standpunt insien nie Onderskei nie tussen lewende en nie-lewende objekte nie Die verbeelding begin ontwikkel Begin met simboliese gedagtes	Tydelik, gedeeltelik en omkeerbaar Sommige funksies kan voortgaan Dink sy / haar aksies of denke kon die dood veroorsaak en voel skuldig daaroor Dink dood is soos slaap en donker
Konkreet operasioneel 7-11 jaar	Gebruik logiese denke met betrekking tot konkrete bewyse Begin verskeie perspektiewe in berekening bring en maak gevolgtrekkings Verstaan konkrete probleme	Nuuskerig en realisties Wil besonderhede van die dood hê Begin permanensie en universaliteit van dood begryp Weet dat lewe eindig met die dood Kan logiese vrese en gedagtes oor dood uitdruk Dink aan dood se oorsake in konkrete terme Begryp idees van lewe na die dood Dink steeds aan die dood in terme van ouderdom of gebrek
Formeel operasioneel 11+ jaar	Kan hipoteties en abstrak dink en afleidings maak Denke word slegs deur gebrekkige kennis beperk Gebruik laer vlakke van denke as met onbekende probleme te make kry, byvoorbeeld val terug op die konkreet-operasionele stadium	Dood is ‘n natuurlike proses Dood kan nie beheer word nie, maar is ver weg, in die toekoms Ontken die eie dood – dink daaraan slegs in terme van ouderdom en ernstige siekte


Die jong kind, wat die fokus van hierdie studie is, bevind hom in die pre-operasionele stadium. Gevolglik sal die begrip van dood en verlies geraak word deur die kognitiewe kenmerke van hierdie fase, soos hierbo vervat.

2.3.2 Emosionele ontwikkeling

Volgens Elizabeth Kübler-Ross (1983) word die mens gebore met vyf natuurlike emosies: vrees (vir harde, onverwagse geluide en om van hoogtes af te val), smart, woede, jaloesie en liefde. Hierdie natuurlike emosies word egter verdraai sodat ons 'n distorsie van emosie ervaar en onnatuurlike emosies beleef. Dit bring mee dat ons allerlei ekstra vrese het, dat smart verander in selfbejammering, onderdrukte woede bring 'n gevoel van wraak, haat en bitterheid mee, jaloesie vir groei bring kompetisie en begering mee, en voorwaardelike liefde in die plek van onvoorwaardelike liefde.

Die mens bestaan uit vier kwadrante: die fisiese, emosionele, intellektuele en spirituele of intuïtiewe kwadrant. Kübler-Ross (1983) gee dit soos volg weer:

Diagram 2 : Menslike ontwikkeling: Kübler-Ross



Die fokus van hierdie studie is die jong kind, en dus die emosionele kwadrant. Jong kinders vrees nie die dood nie, maar hulle het wel die ingebore vrees vir harde geluide en om van hoë plekke af te val. Later vrees hulle skeiding, want hulle is bang om alleen gelaat te word sonder 'n liefdevolle versorger – 'n basiese behoefte vir 'n

klein kind wat baie bewus is van sy / haar afhanklikheid. Jong kinders wat aan trauma blootgestel is, is verwond en sal die trauma moet herleef en leer om die paniek, pyn, angste en woede van verwerping te laat gaan.

Verliese, skeiding en verwerping (al is dit net die gevoel van verwerping en nie werklik nie), is nie beperk tot wanneer iemand sterf nie. Dit gebeur oral in die gemeenskap en dit sal nie altyd deur ander persone raakgesien of erken word nie. Dit laat die jong kind kwesbaar – met wantroue, vrees vir naby verhoudings, vervreemding van die persone wat vir die skeiding blameer word, en rou en smart oor die afwesigheid van liefde.

Kinders moet toegelaat word om uiting te gee aan hulle natuurlike emosies sonder dat etikette soos “tjankbalie” of “baba” gegee word. Dit is gesond en kan baie toekomstige hartseer afweer.

Jaloesie is nog ‘n natuurlike emosie wat dryfkrag by kinders tot gevolg het. Dit stimuleer hulle om te leer en mekaar se gedrag na te maak. Hierdie emosies word slegs negatief gemaak deur volwassenes wat kinders daarvoor verkleineer of straf. Hierdie emosie moet begryp word – ook in situasies waar ‘n broer of suster byvoorbeeld meer aandag kry weens siekte. Jong kinders kan jaloers wees op die aandag en wens om ook siek te wees of dat die broer of suster eerder moet sterf om terug te kan keer na normale omstandighede – slegs omdat hulle nie die implikasie ten volle begryp nie. In sulke situasies moet daar eerder meer tyd met die kinders spandeer word as om daarvoor te raas. Ouers moet probeer luister na hulle kinders se simboliese taal – dit wat gesê word sonder dat hulle werklik iets sê, of ‘n dieper boodskap as die blote woorde wat geuiter word (Kübler-Ross, 1983).

Vir die jong kind is liefde – onvoorwaardelike liefde – belangrik vir ‘n gevoel van sekuriteit en geborgenheid. Aanraking, veral in die eerste lewensjaar, is van die uiterste belang vir jong kinders om liefde te ervaar.

Woede is ‘n natuurlike emosie wat min mense begryp. Dit is ‘n uiting van wil en ‘n eie opinie, soos in die weiering om iets te doen. Wanneer woede in die natuurlike vorm aanvaar word, kan die kind leer uit sy / haar foute en ‘n gevoel van trots ontwikkel in

die eie keuses wat gemaak word. 'n Kind wat woede mag uitdruk sal ontwikkel in 'n individu met selftrots, eiewaarde en die vermoë om besluite te neem. Wanneer kinders nie aan woede uiting kan gee nie word dit onderdruk en dit kan lei tot wraakgevoelens en selfs werklike haat. Hierdie onderdrukte woede kan jare later, onverwags, na vore kom en op gewelddadige wyse. Wanneer kinders egter toegelaat word om uiting te gee aan natuurlike woede, kan vergifnis na vore tree. Woede is 'n emosie wat kinders dikwels met dood en verlies ervaar. Ongelukkig leer hulle om nie daaraan uiting te gee nie. Wanneer woede onderdruk word, gee die kind sy mag prys en hy / sy projekteer die werklike gevoelens op ander persone of objekte (Goldman, 2000).

Ouers en ander volwassenes behoort kinders toe te laat om vrylik uiting te gee aan die natuurlike emosies en onvoorwaardelike liefde aan die kinders bewys. Die gevolg is meer geestesgesonde en gelukkige volwassenes (Kübler-Ross, 1983).

2.3.3 Sosiale ontwikkeling: Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling

Volgens Erikson se teorie (Corey, 2005) vind ontwikkeling regdeur die lewe plaas. Daar is egter in elke fase 'n krisis wat opgelos moet word, en dit gee aanleiding tot groei en ontwikkeling, of regressie. Die krisis is die draaipunt in 'n bepaalde lewensfase. Die mens se lewe word bepaal deur besluite wat op hierdie krisistye geneem word. Wanneer die krisis nie opgelos is nie, vervul 'n persoon nie die ontwikkelingstaak vir 'n bepaalde fase nie. Dit is belangrik om daarop te let dat Erikson van mening is dat die mens dwarsdeur die lewe bly ontwikkel.

Die psigososiale ontwikkelingsfases word in die volgende tabel uiteengesit (soos aangepas uit Corey, 2005:62-64):

Tabel 3 : Psigososiale ontwikkeling: Erikson

Ouderdom in jare	Psigososiale fase
Eerste jaar	Baba: Vertroue teenoor wantroue Vertroue ontwikkel wanneer in die basiese behoeftes voorsien word. Indien dit nie gebeur nie, ontwikkel wantroue teenoor die wêreld, en veral in interpersoonlike verhoudings.

Ouderdom in jare	Psigososiale fase
1-3	<p>Vroeë kind: outonomie teenoor skaamte en twyfel</p> <p>Daar is 'n stryd tussen selftwyfel en selfvertroue. Die kind moet eksperimenteer, fouteer en grense toets. Ouers wat afhanklikheid aanmoedig inhibeer die kind.</p>
3-6	<p>Voorskools: inisiatief teenoor skuld</p> <p>'n Sin van inisiatief en vaardigheid moet ontwikkel. Dit kan gebeur wanneer kinders betekenisvolle aktiwiteite kies en dit help met 'n positiewe selfbeskouing. Kinders wat nie besluite mag neem nie, ontwikkel skuldgevoelens oor hulle eie inisiatief. Hulle laat ander toe om keuses vir hulle te maak.</p>
6-12	<p>Skoolgaande: industrie teenoor minderwaardigheid</p> <p>Kinders se begrip van die wêreld moet uitbrei, hulle geslagsidentiteit moet steeds ontwikkel en hulle leer die basiese vaardighede vir sukses op skool. 'n Sin vir industrie moet ontwikkel, wat beteken hulle moet persoonlike doelwitte stel en bereik. As dit nie gebeur nie, ontwikkel 'n gevoel van ontoereikendheid.</p>
12-18	<p>Adolessensie: identiteit teenoor rolverwarring</p> <p>Dis 'n tyd van oorgang tussen kind en volwassenheid. Grense word getoets, afhanklikheidsbande word gebreek en 'n nuwe identiteit word gevestig. Baie konflik ontstaan rondom die uitklaring van die identiteit, doelwitte en betekenis van die lewe. As 'n sin van identiteit nie verkry word nie, lei dit tot rolverwarring.</p>
18-35	<p>Jong volwassenheid: intimiteit teenoor isolasie</p> <p>Vorm intieme verhoudings. Indien dit nie gebeur nie, lei dit tot isolasie en vervreemding.</p>
35-60	<p>Middeljare: produktiwiteit teenoor stagnasie</p> <p>'n Behoeftte ontstaan om betrokke te raak by die volgende generasie. Dit is 'n tyd van aanpassing by die teenstrydigheid van drome en wat werklik bereik is. As 'n sin van produktiwiteit nie bereik word nie, lei dit tot sielkundige stagnasie.</p>
60+	<p>Die latere lewe: integriteit teenoor wanhoop</p> <p>Integriteit is die uiteinde wanneer op die lewe teruggekyk word met 'n gevoel van selfwaarde, sowel as 'n paar verwyte. As ego-integriteit nie bereik word nie, ontstaan gevoelens van hopeloosheid, skuld, self-verwerping en wanhoop.</p>


Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui is, is die fases van vroeë kind, voorskools en skoolgaande van belang vir hierdie studie.

Wat rou en verlies betref is dit moontlik dat kinders in die vroeë kind fase se outonomie geïnhibeer kan word weens hulle ervaring met skeiding (rou en verlies), wat onsekerheid meebring. Dit beteken kinders in hierdie fase kan dalk meer afhanklik wees en minder bereid wees om te ondersoek en eksperimenteer. Wanneer die belangrike volwassenes dit begryp, kan die kind ondersteun word en, met die herstel van die orde en balans, wel die ontwikkelingstaak suksesvol afhandel.

In die voorskoolse fase kan skuldgevoelens ontstaan oor die dood of verlies. Kinders in hierdie fase kan dink dat hulle op een of ander wyse verantwoordelik is vir die verlies. Dit gebeur juis ook weens inisiatief, want in hierdie fase beskik kinders oor 'n lewendige verbeelding. Hulle kan ook skuldig voel oor hulle pogings, inisiatief wat wel geneem word, nie die situasie verander nie. 'n Kind wat teruggetrokke raak en nie besluite na 'n verlies wil neem nie, benodig hulp en ondersteuning. Blote gesprek en die versekering dat die kind nie die blaam kan dra vir die sterfte of verlies nie, kan moontlik die situasie ontlont.

In die skoolgaande fase kan kinders wat industrie (werksvaardigheid) moet ontwikkel juis geïnhibeer word om dit te doen weens 'n sterfte of verlies en die gepaardgaande roureaksies. Rou en verlies kan juis veroorsaak dat hulle nie op werk kan konsentreer en opdragte voltooi soos hulle graag sou wou nie. Behalwe vir die pyn van rou en verlies kan die kind hier dus 'n gevoel van onbekwaamheid en minderwaardigheid ontwikkel. Weereens, soos in die vorige fases gemeld is, kan steun van volwassenes help. Die kind se begrip dat die roureaksies normaal en tydelik is, sal die kind laat begryp dat daar niks met sy / haar werksvermoë en vaardighede skort nie.

Diagram 3: Ontwikkelingsfases van die jong kind



2.4 Bowlby se teorie van gehegtheid (attachment) en verlies

In verskeie bronne wat geraadpleeg is (Hooyman & Kramer, 2006; Jewett, 1992; Lindsay & Elsegood, 1996; Brown, 1999; Doka, 1995 en Goldman, 2000) word melding gemaak van John Bowlby se “Theory of attachment and loss” en die belangrikheid daarvan in kinders se rou- en verlieservarings. Hierdie teorie fokus op belangrike persone met wie ‘n kind ‘n hegte band vorm. Bowlby het die impak van verlies op kinders ondersoek met navorsing op kinders wat ‘n moeder aan die dood afgestaan het, en die effek daarvan op hulle volwasse lewe. Volgens Bowlby (1979) vorm kinders ‘n noue band met volwassenes weens ‘n biologiese meganisme wat die oorlewing van ‘n spesie verseker. Hierdie verhoudings wat gevorm word vervul die behoefte aan veiligheid en sekuriteit. Wanneer ‘n persoon met wie ‘n kind ‘n hegte band gevorm het van die toneel verdwyn weens enigiets van dood, tot egskeiding, internasionale werksverpligtinge, emigrasie of verhuising, mishandeling, of watter rede ookal bestaan, is daar ‘n intense fokus by die kind op die verlies, ‘n verlange om die persoon terug te bring, rusteloosheid, ongeorganiseerdheid, smart en angs en protestering oor die skeiding en verlies. Die uiteinde is dat die kind ook reorganisasie sal beleef en die lewe voortsit sonder die fisiese teenwoordigheid van die persoon wat afwesig is (Bowlby, 1979). Kinders behou egter steeds bande met die verlore persoon, deur byvoorbeeld in die afwesigheid van die persoon met hom / haar te praat. Hierdie optrede is belangrik vir die helingsproses. Wat egter van belang is van Bowlby se teorie, is die feit dat ‘n kind se sekuriteit en gevoelens van veiligheid geskud is wanneer rou en verlies ervaar word. Dit alleen bevestig die geldigheid van hierdie studie om te verseker dat die jong kind die nodige ondersteuning sal kry in tye van erge onsekerheid en aanslae op die kind se selfbeeld en algemene ontwikkeling weens ervarings van intense rou en verlies.

Nog ‘n belangrike gewaarwording van Bowlby is die feit dat kinders se fisiese verwydering van die persoon met wie ‘n hegte band gevorm is (meestal die moeder), reaksies tot gevolg het wat met die protes, smart en apatie van volwassenes in rou ooreenstem (Bowlby, 1979). Kinders se roureaksies kom na vore as ‘n tipe skeidingsangs. Die intensiteit van die roureaksies hou direk verband met die vlak van

gehegtheid in die verhouding – 'n baie hegte band wat gesmee is tussen die kind en die volwassene sal meer intense roureaksies tot gevolg hê (De Vries, 2001).


Dit is dus sonder twyfel waar dat kinders in rou en verlies dieselfde emosies kan ervaar as wat volwassenes wat rou ervaar, hoewel hulle dikwels anders rou as volwassenes (Goldman, 2000; Doka, 1995). Hierdie feit bevestig dat kinders se ervarings van rou en verlies nie afgemaak behoort te word nie. Hulle benodig net soveel steun en hulp as volwassenes – en selfs meer, omdat veral jong kinders nog nie oor die kapasiteit – verbaal, kognitief en sosiaal – beskik om uiting te kan gee aan emosies nie, en om die volle omvang van 'n situasie te begryp nie. Hierdie jong kinders is volgens Bowlby (1979) en Lindsay en Elsegood (1996) die kwesbaarste vir latere emosionele- en gedragsprobleme.

Bowlby se teorie van gehegtheid en verlies vereis dat gekyk word na wat gebreek of verlore is wanneer 'n naby verhouding vir 'n kind eindig. Dit lewer dan insig in die reaksies van die kind, en kan bydra dat ouers, onderwysers en sielkundiges die kind beter kan begryp.

2.5 Rou en verlies in die verskillende ontwikkelingsfases

Andrews en Marotta (2005) sê dat kinders se ontwikkelingsvlak direk verband hou met hoe hulle dood verstaan en daarop reageer. Soos wat kinders groter word, verander hulle begrip van die dood. Volgens Sciarra (2004) beskik kinders oor die kapasiteit om werklik te rou wanneer hulle tussen 3½ en 4 jaar oud is. 'n Volwasse begrip van die dood sal wees dat dit onomkeerbaar en universeel is, en dat alle liggaamsfunksies eindig. Hierdie begrip is min of meer teen sewejarige ouderdom by die meeste kinders gevorm (Andrews & Marotta, 2005).

Diagram 4: Rou en verlies in die verskillende ontwikkelingsfases



Hier volg 'n kort oorsig van die reaksies op dood in die verskillende ontwikkelingsfases (NASP, 2003; Sims, 2005):

- **Geboorte tot 3 jaar:**

Die kind sien dood as 'n verlies, skeiding en verlating. Selfs kinders so jonk as 6 maande toon tekens van skeidingsangs as hulle vir lang periodes van die primêre versorger geskei is (Doka, 1995). Kinders vind dit moeilik om die konsep van

dood te begryp. Emosies word spontaan geuiter, maar weens egosentrisme sal die kind slegs rou as hy/sy daardeur geraak word. Jong kinders kan huil en aandagsoekend wees, maar toon geen insig in die situasie nie, behalwe vir die effek op hom-/haarself (Monroe en Kraus, 2005; Van As, 2005).

- **3-6 jaar:**

Vir die kind is situasies tydelik en omkeerbaar. Kinders in hierdie fase glo in towerkrag en dat hulle blote gedagtes iets kan laat gebeur. Dood word as tydelik gesien – asof die persoon of dier weg is en die kind wag vir hom/haar om terug te keer. Vae terme soos “ons het ‘n geliefde verloor” mag hierdie idee versterk, want die kind kan sulke frases interpreteer as dat die “verlore” persoon weer gevind kan word.

Kinders in hierdie fase glo dat hulle wense en gedagtes die werklikheid kan beïnvloed. Dit kan lei tot self-blaam (byvoorbeeld as iets sleg van die oorledene gedink of gesê is), of die idee dat die persoon sal terugkeer as hulle gedrag goed genoeg is. ‘n Kind kan daarom sukkel met nagmerries, deurmekaarheid en regressie. Hy/sy kan selfs ongeraak blyk te wees.

- **7-8 jaar:**

In hierdie fase is die dood vir kinders finaal. Dalk het die kind in hierdie fase reeds met die dood van ‘n troeteldier te make gehad. Tog sien hulle steeds nie die dood as iets wat met jonger mense kan gebeur nie. Dood is iets wat met ou mense gebeur, of wanneer iemand in ‘n ongeluk is. Hierdie kinders kan volwassenes ongemaklik maak met ‘n ongewone belangstelling in die omstandighede rondom iemand se dood. Hulle mag moontlik baie vrae vra oor wat gebeur het, wat na die dood gebeur, of hulle mag ongeraak voorkom en voorgee niks het gebeur nie. Omdat kinders in hierdie fase sosiaal ontwikkel, is hulle baie bewus van ander se response en hulle mag dalk vrae hê oor hoe hulle optrede behoort te wees. In hierdie ouderdomsgroep benodig kinders fisiese, tasbare wyses waarop rou ervaar en uitgedruk kan word. Rituele soos besoeke en begrafnisse is baie belangrik.

Galanos (2007) noem die volgende rakende ontwikkeling en rou en verlies:

- **Kinders jonger as 2 jaar** sal 'n geliefde mis, maar hulle beskik nie oor die geheue om rou ten volle te ervaar nie. Die permanensie van die verlies sal nog nie gevestig wees nie.
- **Kinders van 2-5 jaar** beskik oor 'n beter geheue en vorm reeds hegte bande met persone. Hulle sal 'n verlies meer intens beleef, en kan regresseer. Kinders in hierdie fase se gevoelens van rou kan soms vir periodes “verdwyn”, wat hulle in staat stel om te kan speel en droom. Hulle ervaar die verlies en rou in episodes, want hulle kan nie hartseer vir lang periodes verduur nie (Brodkin, 2004). Kinders slaag ook daarin om hulle gevoelens die beste deur te werk deur middel van spel. Daarom kan spel gesien word as 'n belangrike deel van die rouproses (Goldman, 2000).
- **Kinders van 6-10 jaar** verstaan die ewigheidsbegrip. Daarom sal hulle verlies anders ervaar as in die vorige fases. Kinders van skoolgaande ouderdom kan selfs die verlies as 'n tipe stigma sien. Kinders in hierdie fase kan egter steeds gedagteprosesse, wat towerkrag insluit (fantasie en magiese denke), en irrasioneel en onomkeerbaar is, hê. Hulle kan moontlik nie logiese verduidelikings verstaan en aanvaar nie, en kan sukkel om verkeerde gevolgtrekkings (soos skuldgevoelens as gevolg van die dood, verlies of skeiding) om te keer. Dikwels sien kinders in hierdie ouderdomsgroep die dood as iets tasbaar en fisies, en kan selfs die dood personifiseer as iemand wat slagoffers jaag en vang (Hooyman & Kramer, 2006) – wat natuurlik vrees en angs sal ontlok. Hierdie kinders toon dikwels sterk emosies, maar kan makliker woede en aggressie wys. Ongelukkig weet hulle nog nie hoe om op gepaste wyse op te tree en uiting te gee aan hartseer en woede nie. Hierdie kinders kan nog nie hulle emosies goed beheer nie en sukkel om self afleiding te soek van dit wat hulle onmiddellik ervaar. Hulle praat makliker oor die verlies en wys emosies openlik. Hulle sal ook maklik noem dat met die oorledene gepraat word. Al het die verlies plaasgevind toe die kind baie jonk was, sal hy/sy dit in die selfkonsep moet integreer. Hierdie kinders sien hulleself dikwels as “anders” as ander kinders, weens die verlies wat hulle ervaar het. Skeidingsangs kan voorkom (Hooyman & Kramer, 2006).

Sciarra (2004) verdeel die ontwikkelingsfases vir die ervaring van rou en verlies soos volg:

- **Babas en kleuters (geboorte tot 5 jaar)**

Soos reeds genoem, sal kinders in hierdie fase nie begrip hê van die permanensie van die dood nie. Altman Klein en Staley (2000) sê min kinders onder 5 jaar kan verstaan dat die dood onomkeerbaar, onafwendbaar en finaal is. Hulle sien dit as byvoorbeeld 'n reis waarop iemand vertrek het, of iets wat soos slaap is. Jong kinders glo in towerkrag en dink hulle kan die oorledene terugwens. Omdat kinders in hierdie fase alles verpersoonlik, kan hulle sukkel met skuldgevoelens en glo dat die dood van die persoon plaasgevind het deur hulle toedoen. Volgens Piaget se teorie is hierdie kinders in die pre-operasionele fase. Hulle is baie letterlik en interpreteer daarom opmerkings soos "Ons het Oupa verloor" ook letterlik. Kinders jonger as 5 jaar beskik oor die minste persoonlike hulpbronne om hulle te help, en daarom is hulle die kwesbaarste vir emosionele en gedragsprobleme (Christ, 2000; Hooyman & Kramer, 2006). Dit is bevestig in 'n studie van Raveis et al (1999) wat bevind het jonger kinders beleef meer angs na die dood van 'n ouer as ouer kinders. Hierdie kinders sal dikwels nie-verbale gedrag gebruik om uitdrukking aan emosies te gee, of klouerige gedrag openbaar as 'n ouer hulle vir selfs net 'n klein rukkies alleen wil laat (Hooyman & Kramer, 2006).

Hoewel kinders se begrip van die dood baie beperk is in hierdie fase, ervaar hulle wel verlies en die veranderinge wat dit binne die gesin en familie meebring as 'n familielid sterf. Dit kan in hulle gedrag na vore kom deur byvoorbeeld angs en vrees, regressie, skeidingsvrees, geïrriteerdheid en blaas- en stoelgangprobleme. Deur op die uitkyk hiervoor te wees, kan die kind toegelaat word om openlik te rou en die nodige ondersteuning ontvang. Kinders onder vyf jaar praat makliker oor die oorledene as wat ouer kinders sal (Hooyman & Kramer, 2006).

- **Skoolgaande kinders (6-12 jaar)**

Volgens Piaget se teorie is kinders van 7-12 jaar in die konkreet-operasionele fase. Dit beteken hulle denke is meer konkreet, en hulle hou op om fantasie in denke te gebruik. Hierdie kinders benodig meer inligting rondom die sterfte of

verlies, soos wat met die liggaam gebeur. Hulle sal moontlik heelwat vrae vra, wat natuurlik beantwoord moet word.

In hierdie fase besef hulle dat die dood finaal en permanent is. Teen ongeveer die ouderdom van 10 jaar weet kinders dat die dood universeel en onafwendbaar is, en dit kan vrees en ontsteltenis by hulle ontketen. In hierdie fase vra kinders hulself dikwels die volgende vrae as 'n geliefde sterf:

- Het ek dit veroorsaak?
- Wie sal vir my sorg?
- Sal dit met my gebeur?

- **Adolescente**

In hierdie fase het die meeste adolessente reeds met dood in aanraking gekom. Hulle verstaan wat die dood is – universeel en onafwendbaar – maar hulle is dikwels ambivalent teenoor dit, wat kan verduidelik waarom hulle dikwels risiko-gedrag openbaar – amper asof hulle die dood probeer flous. Adolessente se begrip van dood beteken egter nie dat hulle hul eie sterflikheid wil aanvaar nie. In die ondersteuning draai hulle in hierdie fase dikwels na vriende, maar hulle is tog baie bewus van die volwassenes om hulle. Daarom is dit van groot hulp as volwassenes die korrekte optrede aan die adolessent modelleer. Adolessente ervaar die verlies baie dieselfde as volwassenes, in fases van skok en ontkenning, woede, smart, depressie en ongeorganiseerdheid, en laastens, hoop en aanvaarding. Omdat adolessente graag volwasse en onafhanklik wil voorkom, en boonop nie anders as die portuur wil wees nie, kan dit gebeur dat hulle hul eie ervaring van verlies ontken en uiterlik kalm voorkom. Dit bemoelijk natuurlik die rouproses.

2.6 Rou en verlies by die jong kind

Volgens Doka (1995) is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou met rou en verlies by kinders:

- Kinders ontwikkel deurgaans en daarom sal hulle begrip van dood en reaksies op dood en verlies ook deurgaans verander. Aangesien kinders fisies, kognitief, emosioneel, spiritueel, sosiaal, sielkundig en in gedrag ontwikkel,

kan dieselfde gebeurtenis in verskillende fases anders ervaar word en die uitdagings en probleme wat daarmee verband hou kan verskil. Die feit is dat kinders, in die ontwikkeling wat hulle deurgaang, probeer sin maak van hulle wêreld. Hier is dit ook van belang om daarop te let dat *“as children mature and develop new capacities, they are likely to experience a grief phenomenon...they begin to process the experience of death from a different vantage point than was possible earlier....they make meaning of the loss”* (Hooyman & Kramer, 2006).

- Kinders rou op maniere wat dieselfde is, en verskil van volwassenes (Goldman, 2000; Doka, 1995; Brown, 1999). Een groot verskil is dat kinders uitdrukking gee aan gevoelens van rou in sarsies...hulle sal byvoorbeeld die een oomblik nog huil, en dan buite gaan speel. Volwassenes mag dit vreemd en onverstaanbaar vind. Tog is spel, soos reeds genoem, ‘n belangrike deel van die rouproses vir die jong kind (Goldman, 2000; Andrews & Marotta, 2005; Doka, 1995). Hierdeur probeer die kind prakties en fisies sin maak van die onverstaanbare en onwerklike omstandighede. Die kind kry ook deur spel ‘n mate van beheer oor hulle gevoelens van rou.
- Kinders benodig baie ondersteuning in hulle hantering van verliese. Ongelukkig ervaar ouers dikwels dieselfde verliese en in krisistye is hulle dan nie in staat om ondersteuning te gee nie – vir die kind is dit dan ‘n verdere verlies (sekondêre verlies) (Goldman, 2000).

Galanos (2007) en Kübler-Ross (1983) se opmerkings oor skuld kan hierby gevoeg word, aangesien dit so belangrik is om daarop te let by ‘n kind wat rou en verlies ervaar:

- Kinders is bewus van volwassenes se gevoelens, al word niks gesê nie. Hulle blameer hulself dikwels en voel dat hulle op ‘n manier verantwoordelik was vir die sterfte of verlies, wat dan die emosies by die volwassenes ontketen het. Daarom behoort volwassenes eerder eerlik te wees oor wat hulle voel en ervaar.

Normale tekens van rou (Goldman, 2000; Hooyman & Kramer, 2006; Wood, 2008):

- Die kind in rou kan moontlik...
 - Gedrag van die oorledene namaak
 - “normaal” wil voorkom – en skielik die nar van die klas word
 - die verhaal oor en oor vertel
 - daarvan hou om iets van die oorledene te dra of vas te hou
 - na die oorledene verwys in die teenswoordige tyd en selfs met hom / haar praat (Hooyman & Kramer, 2006)
 - angstig word – bekommer hom/haar oor die gesondheid van ander geliefdes of oor die eie gesondheid
 - Onttrek en asosiaal wees
 - Probleme met slaap ondervind – nagmerries of bednatmaak
 - Kinders wat nie in die dag kan rou nie kan moontlik meer drome en nagmerries daarvoor hê
 - Rusteloos word, sukkel om stil te sit
 - Uit hul beurt praat in die klas
 - Nie hul skoolwerk voltooi nie
 - Sukkel om te luister en om op ‘n taak te fokus
 - Te veel begin praat
 - Ongeorganiseerd word
 - Roekelose fisiese aktiwiteit toon
 - Vlietende gedagtes hê – swak konsentrasie. ’n Werklike of gefantaseerde beelde rakende die dood kan ander gedagtes onderbreek
 - Sukkel om instruksies te volg
 - Kan huil of nie – afhangende van die situasie en die kind
 - Kwaad wees vir die dood, vir God, of vir volwassenes in die algemeen. Hulle mag selfs kwaad wees vir hulleself en verantwoordelik voel vir die dood van die persoon
 - Fisiese klagtes soos hoofpyn en maagpyn hê. Simptome kan selfs met dié van die oorledene ooreenstem

Branch en Brinson (2007) wys daarop dat jong kinders se roureaksies baie fisies kan wees en hulle reageer dikwels deur woede, rusteloosheid, deur nie te slaap of eet nie, en ervaar skeidingsangs.

2.7 Die rouproses

Daar is twee tipes rou, volgens Goldman (2000) en Cohen et al (2006):

- Normale of ongekompliseerde rou
Rou is die normale proses wat deurgegaan word na die verlies van 'n belangrike verhouding. Dit behels 'n wye reeks gevoelens en gedrag wat tipies na 'n verlies voorkom. Dit is ook die fokus van hierdie studie.
- Gekompliseerde rou
Dit is wanneer probleme met die rouproses ervaar word. So 'n persoon stel uit om te rou, of kon glad nie rou nie. Hierdie tipe rou gaan nie deel uitmaak van hierdie studie nie.

Wanneer persone 'n groot verlies ervaar gaan bepaalde emosies daarmee gepaard, naamlik vrees (ook vrees om gevoel uit te druk), angs, afgryse, skuld, woede, intense hartseer, skok en gevoelloosheid (numbness) (Hooyman & Kramer, 2006). Sommige persone toon egter min of geen tekens van rou nie. Dit kan wees omdat hulle daarin slaag om sterk te wees voor ander en privaat uitdrukking gee aan hulle ervarings van verlies, of omdat daar nie 'n hegte band bestaan het nie. Daar is ook persone wat hulle gevoelens van rou onderdruk of ontken (Hooyman & Kramer, 2006). Die rouproses behels egter 'n soeke na betekenis en aanpassing in 'n veranderde wêreld (Hooyman & Kramer, 2006).

Volgens Worden (1982) bestaan die rouproses uit vier fases:

Fase 1 – gevoelloos – ontken die verlies

Fase 2 – hunkering – smag daarna dat die oorledene moet terugkeer

Fase 3 – gedisorganiseerd en wanhopig – die persoon vind dit moeilik om te funksioneer

Fase 4 – georganiseerde gedrag – die persoon se lewe begin weer normaal voortgaan

Elisabeth Kübler-Ross (1975, 1983) se fases van rou stem grootliks met dié van Worden ooreen. Sy onderskei die volgende roufases:

- Ontkenning
- Woede

- Onderhandeling
- Hartseer en terneergedruktheid
- Aanvaarding

Bogenoemde fases is nie rigied nie, maar uitruilbaar en vind voortdurend vir 'n tydperk plaas.

Eberling en Eberling (in Goldman, 2000) tref die volgende onderskeid tussen die roufases:

- Skok en ontkenning
- Soeke en verlange
- Disorganisasie en smart
- Herbouing en heling

2.8 Die routake

Worden (1982) identifiseer vier routake wat deurgewerk moet word om balans te herstel en die rouproses te voltooi:

Taak 1: Aanvaar die werklikheid van die verlies

Daar is altyd 'n gevoel van onwerklikheid. Die persoon moet begryp dat die geliefde weg is en nie gaan terugkeer nie – dit is permanent.

Taak 2: Ervaar pyn of rou

Pyn sal nie deur alle persone met dieselfde intensiteit beleef word nie, maar om deur pyn te werk is noodsaaklik op die weg na genesing.

Taak 3: Pas aan in 'n omgewing waarin die oorledene afwesig is

Hoe dit bereik sal word sal bepaal word deur die rol wat die oorledene in die persoon se lewe vervul het. Die verhouding met die persoon wat gesterf het moet verander van interaksie tot herinneringe. Belangrike aspekte van die geliefde word opgeneem in die kind se eie selfidentiteit.

Taak 4: Om emosie en energie te onttrek en in 'n ander verhouding te herbelê

Mense is geneig om aan vorige verbindings vas te hou, in stede daarvan om nuwes te vorm.

Goldman (2000) vereenvoudig die route selfs verder:

Taak 1: Begrip

Die kind moet verstaan wat gebeur het. Met dood moet hulle beseft dat die liggaam opgehou werk het. Onthou dat kinders die dood verskillend sien volgens hulle ontwikkelingsfases, en dat dit hulle ervarings van rou ook sal affekteer.

Taak 2: Rou

Woede en die dood moet hanteer word. Kinders se rou is 'n proses wat tot in adolessensie kan voortgaan.

Taak 3: Herdenking of viering

Die kind moet maniere vind waarop dit wat verlore is onthou kan word. Dit kan op formele wyse geskied, soos deur 'n herinneringstuin, 'n herinneringsdiens of 'n gedenkplaat. Op informele wyse kan byvoorbeeld 'n plakboek gemaak of 'n boom geplant word.

Taak 4: Om aan te gaan

Kinders begin weer die lewe geniet. Hulle is weer gereed vir deelname en kan van die skuldgevoelens laat vaar, wat met 'n gevoel van verligting gepaard kan gaan. Dit beteken nie dat die verlies vergete is nie.

2.9 Faktore wat roureaksies kan beïnvloed

Volgens Christ (2000) kan die volgende aspekte met verminderde probleme na die dood van 'n ouer verbind word:

- Goeie versorging van die kind.
- Die verhouding met die oorblywende ouer.
- Die ouer se warm en vertroostende teenwoordigheid en aktiewe probleemoplossingstyl, wat ook die kind se sterkpunte ondersteun.

- 'n Familie wat stabiel is en 'n eeheid vorm.
- Oop kommunikasie oor wat gebeur het, sowel as aanmoediging om vrae te vra en uitdrukking aan gevoelens te gee.
- 'n Stabiele inkomste, sosiale ondersteuning, geleentheid tot deelname in die kultuur, gemeenskap en rituele rondom die dood (byvoorbeeld die begrafnis).

2.10 Verliese in die kinderjare

Volgens Goldman (2000) is daar 7 kategorieë van verliese wat kinders ervaar:

- Verhoudings – deur die dood van 'n persoon of dier, die afwesigheid van 'n onderwyser, ouer of vriend of die onbeskikbaarheid van 'n ouer weens byvoorbeeld egskeiding, gevangenisstraf of dwelmmisbruik.
- Die omgewing – hierdie tipe verlies kan plaasvind as gevolg van natuurrampe, soos vloede en orkane, of deur verhuising, verandering en verwisseling van skool, veranderinge in die familiestruktuur, of deur van die gesin geskei te word.
- Vaardighede – voorbeelde van verlies van vaardighede is wanneer 'n kind teruggehou word in die skool, nie vir sportspanne gekies word nie, oorgewig is, siek of fisiek gestrem is en ontwikkelingsverskille toon in vergelyking met hulle portuurgroep, soos disleksie en aandagafleibaarheid.
- Verlies van 'n toekoms of beskerming deur volwassenes – hierdie tipe verlies kom voor wanneer kinders rolmodelle verloor, vrees dat die skool (en selfs die wêreld) onveilig is, 'n gebrek aan motivering vir skool toon en probeer om probleme met geweld op te los.
- Eksterne objekte – dit vind plaas deur die verlies van 'n gunsteling speelding of 'n objek soos 'n kombes. Verlies as gevolg van roof en diefstal, asook wanneer die kind verdwaal of verlore raak, kan hierby ingesluit word.
- Die self – dit gaan gepaard met die verlies van 'n liggaamsdeel, soos 'n tand wat gewissel word, of, in ernstiger gevalle, 'n ledemaat. Die verlies aan selfwaarde vind plaas weens fisiese, seksuele en emosionele mishandeling en misbruik, of deur verwaarlosing.
- Gewoontes – dit is wanneer die kind van gewoontes moet afsien, soos duimsuig en om naels te byt, veranderinge in die daaglikse roetine en eetpatrone.

Lindsay en Elsegood (1996) onderskei die volgende tipes verliese:

- Verliese wat met ontwikkeling gepaard gaan, soos om gespeen te word en om skool toe te gaan.
- Eksterne verlies, soos deur sterfte of egskeiding, maar ook die verlies van speelgoed, die verlies van ouers se aandag weens die geboorte van 'n baba, ensovoorts. Hierdie tipes verlies hou meestal met skeiding verband.
- Innerlike verlies sluit in die verlies aan identiteit, selfvertroue en selfagting, wat kan plaasvind in reaksie op eksterne verlies, of glad nie.

Verder maak Lindsay en Elsegood (1996) ook onderskeid tussen verwagte en onverwagte verliese. Verwagte verliese is byvoorbeeld 'n sterfte na 'n lang siekbed. In sulke gevalle kan die kind voorberei word op die naderende verlies en hulle kry die kans om te groet. Skielike verliese is moeiliker vir kinders om te hanteer.

Branch en Brinson (2007) sonder die volgende uit as die hoof oorsake van skeiding van geliefdes in die kinderjare:

- Egskeiding
- Alkoholisme en dwelmmisbruik
- Ernstige siekte (soos HIV en Vigs)
- Gevangenisskap

2.11 Sekondêre verlies

Soms het die verliese wat kinders deurleef, soos egskeiding, dood, ouers se werksverlies, aanneming, ensovoorts, ook sekondêre verliese tot gevolg. Dit beteken dat die een verlies tot 'n tipe "kettingreaksie" van verliese lei. So sal 'n kind wat 'n egskeiding beleef ook moontlik te make hê met sekondêre verliese soos 'n verhuising, verlies aan vriende en die omgewing, skool, gesintradisies, ensovoorts. (Hooyman & Kramer, 2006; Holland, 2008). Die ouer wat emosioneel afwesig is in tye van rou weens sy/haar eie roureaksies, is nog 'n voorbeeld van sekondêre verlies vir die kind (Goldman, 2000).

2.12 Geslagsverskille en rou en verlies

Monroe en Kraus (2005) en Hooyman en Kramer (2006) meen dat geslagverskille voorkom in die wyse waarop kinders rou en verlies hanteer. Seuns is so byvoorbeeld meer geneig om gedrag in die skool te openbaar wat ernstige gevolge kan hê, en in ekstreme gevalle tot permanente uitsluiting kan lei. 'n Rede hiervoor kan wees omdat seuns dikwels met woede en aggressie reageer wanneer hulle ontsteld of verward is. Die gevolg van hulle optrede is dat hulle 'n woedende respons as reaksie op hulle optrede kan verwag – wat natuurlik sleg is. Raveis et al (1999) wys daarop dat verskillende studies se bevindinge verskil het oor of seuns of dogters meer geraak word deur rou en verlies. Dit kom dus voor of daar nie uitsluitel oor hierdie aspek bestaan nie.

2.13 Die proses van aanvaarding

Christ (2000) het gevind dat kinders se hersamestelling (reconstitution, of aanvaarding) na die dood van 'n ouer op 4 faktore berus:

- **Begrip van die sterfte** – inligting is baie belangrik, sowel as die versekering dat die kind steeds versorging en sekuriteit sal hê.
- **Emosionele reaksies op die dood** – byvoorbeeld skeidingsangs. Na die dood van 'n ouer was die kind minder bereid om van die oorblywende ouer geskei te wees. Telefoonoproepe het gehelp, maar ouers is aangeraai om in die eerste jaar na die sterfte nie vir lang periodes van die kind geskei te wees nie. Sommige kinders raak bekommerd oor hulle eie sterflikheid en psigo-fisiologiese simptome soos maagpyn en hoofpyn is algemeen. Kinders soek die ouer se aanmoediging om oor die oorledene te praat – hulle vra eintlik toestemming. Dit word gedoen omdat hulle bang is hulle ontstel die ouer. Andrews en Marotta (2005) het bevind dat kinders ook daarvan hou om te hoor hoe ander oor die oorledene praat.
- **Rou**
Die voorskoolse kind rou hoofsaaklik oor 'n funksie wat die ouer verrig het, soos beskerming en versorging. Dit is belangrik vir die oorblywende ouer om dan van hierdie take oor te neem. Die jong kind se ouers is byna eksklusief die bron van hulle selfbeeld en selfagting. Daarom is die rol wat die

oorblywende ouer vervul ekstra belangrik vir die kwesbare selfbeeld van die jong kind.

Van sesjarige ouderdom af rou kinders oor die persoon self en nie net oor die funksie van die persoon nie. Hierdie kinders praat graag oor wat hulle en die oorledene saam gedoen het. Hulle verkies om met vreugde oor die ouer te praat. Kinders praat graag met die oorledene met slaapyd en koester die gedagte dat die ouer oor hulle waak.

Jonger kinders gaan makliker na die graf as ouer kinders. Hulle geniet dit om die graf te versier en om geskenke te neem.

Ouers is soms bang dat hulle beheer oor hulle emosies kan verloor wanneer foto's of video's van die oorledene gewys word. Daarom vind kinders dit dan makliker om ander familie by hulle rou te betrek. Kinders moet sien dat hulle ouers rou, hoewel hulle nie oorweldig behoort te word deur die volle intensiteit van volwasse rou nie. Kinders is ingestel op die ouer en wil hom/haar graag help om beter te voel.

Die kinders ervaar troos wanneer hulle besittings van die oorlede ouer het, soos foto's, klere en juwele.

In die eerste maande na die dood is dit algemeen vir kinders om huilend wakker te word in die nag, of om van nagmerries te kla. Hulle het ook soms hartseer en bitter gedagtes en vrees dat hulle nie die situasie kan deurleef nie. Daar is ook woede teenoor God wat die ouer laat siek word en sterf het. Ware woede is egter meer dominant in rou in die adolessente fase.

- **Die hersamestelling van die familie / gesin**

Na die dood van een ouer, moet die ander ouer baie nuwe take en rolle aanneem. Kinders word gehelp deur die respons van ouers op hulle rou en deur die versigtige skepping van 'n nuwe, voorspelbare omgewing om kinders se vorige vlak van funksionering te herstel. Dit is goed om ander volwassenes te betrek om met hierdie baie moeilike take behulpsaam te wees. Baie kinders

smag na 'n normale gesinslewe. Wanneer jong kinders vra of die ouer weer gaan trou, dui dit nie daarop dat die oorledene ongeliefd was nie. Inteendeel, die kind wil net graag hê die lewe moet terugkeer na hoe dit was voor die ouer gesterf het. Wanneer daar sprake van 'n nuwe liefde in die oorblywende ouer se lewe is, mag die kind egter negatief op die nuwe realiteit reageer weens vrese vir byvoorbeeld 'n verdere verlies aan aandag en liefde van die ouer weens sy / haar verdeelde aandag.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde faktore ook belangrik is vir die kind se aanvaarding van enige verlies, en wel soos volg:

- Die kind moet die verlies kan begryp. Hy moet verstaan wat hy verloor het en waarom.
- Emosionele reaksies op die verlies moet beleef word, byvoorbeeld die kind moet kan hoor dat sy optrede geregverdig is, soos wanneer hy / sy huil of kla van simptome soos moegheid. Hierdie gevoelens moet as geldig verklaar word in die lig van die verlies.
- Die rouproses as gevolg van die verlies moet deurloop word, naamlik om te ontken dat dit gebeur, om kwaad te voel oor die verlies, om pyn te voel weens die verlies (hartseer / terneergedruk) en om dit uiteindelik te aanvaar (sien punt 5).
- Die hersamestelling van die gesin – die kind benodig die steun van die gesin na 'n verlies, en die sekuriteit dat die veilige gesinsomgewing sover moontlik sal terugkeer na normaal na die verlies.

2.14 Verliese wat gereeld deur jong kinders ervaar word: 'n bespreking

2.14.1 Verlies weens egskeiding

Aangesien egskeidings (of bloot skeiding weens die beëindiging van 'n verhouding) so algemeen voorkom (40% van kinders in die VSA word daardeur geraak), verdien dit 'n aparte bespreking. Naas die dood is egskeiding waarskynlik een van die mees algemene vorme van verlies. Holland (2008) sê dat verlies weens skeiding 'n groter uitdaging in skole stel as rou, waarskynlik omdat meer ouers skei as sterf.

Egskeiding gaan gewoonlik gepaard met drie fases: voor die egskeiding, die werklike skeiding, en die tyd daarna. Die werklike skeiding tot sowat twee jaar daarna is 'n krisisperiode vir die kind (Morrison & Cherlin, 1995). In hierdie tyd beleef kinders dikwels 'n agteruitgang in die kwaliteit van die tuisomgewing, asook finansiële probleme. Dit blyk ook dat seuns meer geraak word hierdeur as meisies – veral as hulle deur die moeder grootgemaak word en nie manlike rolmodelle het nie (Hooyman & Kramer, 2006).

Sciarra (2004) meld dat nie alle kinders dieselfde deur egskeiding geraak word nie. Baie jong kinders word meer deur egskeiding geraak as ouer kinders (Morrison & Cherlin, 1995; Hooyman & Kramer, 2006). Kleiner kinders begryp nie wat egskeiding is nie en dink dat die afwesige ouer nie meer deel is van die familie nie en dat hy / sy die ouer nie weer sal sien nie. Jong kinders reageer ook hier met fantasie en gedagtes aan hoe die ouers weer byeen kan kom. Hulle is weereens geneig, weens hul egosentrisme, om te dink hulle kon die egskeiding verhoed, of is daarvoor verantwoordelik (Brodkin, 2008; Branch & Brinson, 2007). Die ouer se afwesigheid word daarom gesien as verwerping en verlating van die kind.

Met egskeiding is dit belangrik vir die kind se aanpassing dat die ouers goed moet aanpas. Soos Brodkin (2008:44) opmerk: *“By working with your spouse, you can ease the stress and transition for your child”*. Branch & Brinson (2007) deel hierdie siening. Die kwaliteit van ouers se verhouding voor en tydens die egskeiding beïnvloed ook die kind. Kinders in 'n egskeiding moet voortdurend hoor dat daar reëlins getref is om hulle versorging en sekuriteit te verseker. Hulle voel dikwels ontwortel en benodig daardie versekering by herhaling. Wanneer die ouers nie ter wille van kinders oor die weg kom nie, beleef die kind lojaliteitsprobleme en gevoelens van eensaamheid. Dikwels vrees hierdie kinders dat hulle hulle toesighoudende ouer ook sal verloor, en daarom hou hulle dikwels hulle gevoelens van rou privaat en werk dit nie deur nie. Dit lei tot onsuksesvolle en onvoltooide rou. Gevoelens van verwerping bestaan in die sin dat kinders voel as die ouers hulle werklik liefgehad het hulle nie sou kies om te skei nie. Dit is maklik vir kinders in egskeiding om verskeur tussen die twee ouers te voel. Dit laat hulle met gevoelens van woede en hooploosheid (Hooyman & Kramer, 2006).

Dood en egskeiding is beide verliese, en die rouprosesse kom grootliks ooreen. Holland (2008) wys daarop dat skeiding van die ouers dikwels dieselfde emosionele effek het as wanneer die ouer gesterf het. Tog is daar noemenswaardige verskille. 'n Vergelyking van dood en egskeiding, aangepas uit Sciarra (2004) en Hooyman & Kramer (2006) word hier in tabelvorm weergegee:

Tabel 4: Vergelyking van dood en egskeiding

	Dood	Egskeiding
Finaliteit	Onomkeerbaar en finaal. Jong kinders sukkel om dit te begryp.	Hoop en fantaseer voortdurend oor hereniging van ouers. Dit verhoed rou om voort te gaan.
Ondersteuning	Rou en rituele is algemeen. Die gemeenskap bied steun.	Tradisioneel is daar geen gebruike om te rou oor 'n egskeiding nie. Daar is min steun aan die kinders en weens die stigma ook 'n stilte rondom skeiding – nog 'n wyse waarop rou verhoed word.
Lojaliteit	Kan lojaal wees aan die oorledene en sy / haar nagedagtenis eer.	Kinders voel vasgevang tussen twee kwaai ouers wat mekaar slegsê. Kinders blameer dikwels hulself vir die probleme en voel hulle moet kant kies.
Keuse	Woede word ervaar oor die ouer die kind verlaat het, maar wanneer die kind besef die ouer kon nie kies om te sterf of nie, verdwyn dit gou weer.	Woede wat verband hou met gevoelens van verwerping kan die rouproses vir lank domineer, want egskeiding bly 'n keuse, al is dit pynlik.
Herstrukurering van familie	As die oorlewende ouer trou is dit moeilik om te aanvaar die oorledene word "vervang".	Dit is nog moeiliker as met 'n sterfte om te aanvaar as die ouer weer trou, want drome van hereniging word vernietig. Dit bring woede mee.

2.14.2 Die dood van 'n ouer

Soos reeds in die vorige punt bespreek is, kom gevoelens met die dood van 'n ouer en 'n egskeiding grootliks ooreen, maar daar is ook verskille. Dit is ook reeds genoem dat jong kinders, met hulle gebrek aan kognitiewe vaardighede om sin te maak van die verlies, en verbale vaardighede om uiting te gee aan gevoelens, die meeste deur verliese geraak word. Raveis et al (1999) wys weer daarop en sê dat dit ook waar is vir die kind jonger as vyf wat 'n ouer aan die dood afstaan.

Kinders se aanpassing na die dood van 'n ouer word direk beïnvloed deur die oorblywende ouer se optrede en aanpassing (Raveis et al, 1999). Wat sleg is na die dood van 'n ouer, wat ook met egskeiding voorkom, is dat dit heelwat sekondêre verliese tot gevolg het weens, onder andere, verhuising, verandering van skool en ouers wat weer trou. Kinders kan ook voel dat die ander ouer hulle ook "versaak" het, omdat die ouer so in rou is dat hy / sy nie aan die kinders kan aandag gee soos wat nodig is nie (Brown, 1999).

Doka (1995) noem dat kinders ongeveer 'n jaar na die dood van 'n ouer 'n innerlike rekonstruksie van die ouer gevorm het wat met hulle ontwikkelingsvlak ooreenstem. Die feit dat hulle, hoewel op 'n veranderde wyse, steeds met die ouer 'n verhouding kon voortsit, het blykbaar die aanpassing en aanvaarding van die verlies, sowel as veranderinge, gehelp fasiliteer. Kinders is bewus van hierdie innerlike voorstellings van die ouer en dit verander soos die kind ontwikkel. Kinders verbeel hulle hoe dit sou wees as die ouer nog daar was. Dit is belangrik, want 'n mens kan nie verlies probeer hanteer sonder om te besef en erken wat verlore is nie. Deur rekonstruksie van die ouer probeer die kind sin maak van die verlies, en hy / sy probeer dit met die werklikheid integreer.

Raveis et al (1999) het bevind dat wanneer kinders goeie kommunikasie met die oorblywende ouer het, hulle minder simptome van depressie (rouereaksies) en angs toon.

In die voorskoolse fase sal elke kind wat van die dood van 'n ouer hoor daardeur geraak word en vrees dat dieselfde lot hulle kan oorkom (Doka, 1995).

2.14.3 Die dood van sibbe

“Children lose an ally if a sibling dies” – Brown (1999:45)

Wanneer ‘n broer of suster sterf, laat dit gevoelens by kinders van kwesbaarheid en minderwaardigheid, sowel as vrees vir persoonlike veiligheid. Die ouers was immers nie in staat om die gestorwe kind te beskerm nie! Brown (1999) sê dat baie van die reaksies wat voorkom met die dood van ‘n ouer ook met die dood van sibbe ooreenstem. Kinders moet in hierdie geval roureaksies van ander familieledede en ouers saam deurmaak.

Indien van kinders verwag word om die rol wat die oorledene vertolk het oor te neem en dat hierdie kind geïdealiseer word, vind kinders dit moeilik om hulle eie identiteit te vorm. Vir hulle is die boodskap wat geïmpliseer word dat hulle, en nie die oorledene nie, eerder moes sterf. Dit veroorsaak skuldgevoelens by die kind oor die dood van die sibbe. Gevoelens van woede word ervaar wanneer die kind voel dat hy/sy byna met die oorledene moet kompeteer vir aandag as ouers byvoorbeeld nie wil toelaat dat iemand aan die oorledene se besittings mag raak nie. Die oorlewende kinders interpreteer dit as: “Ek is nie goed genoeg nie”. (Hooyman & Kramer, 2006; Brown, 1999).

2.14.4 Verlies en aanneming / pleegsorg

Volgens Hooyman en Kramer (2006) gaan aanneming gepaard met veelvuldige verliese: van die biologiese ouers, uitgebreide familie, omgewing, geskiedenis, gesondheidsinligting, ensovoorts. Alle aangenome kinders rou oor die biologiese moeder, want hulle was met haar verbind tydens die swangerskap. Die fetus sou ook bewus geraak het van die gevoelens wat die moeder gehad het tydens die swangerskap, soos hartseer, spanning, angs en onsekerheid. Ongelukkig is dit ‘n band wat min aanneemouers begryp of van kennis dra. Elke ontwikkelingsfase bring vir aanneemkinders nuwe kwessies van verlies mee. Verjaardae kan met woede gepaardgaan as gevolg van die afwesigheid van die biologiese ouers. Hierdie

kinders se verlies word vererger weens die gebrek aan inligting oor hulle biologiese ouers en waar die kinders vandaan kom.

Jong kinders maak hulle eie idees op oor waar hulle vandaan kom – hulle is immers in die konkrete denkfase en fantasie is deel daarvan. Daarom sal hierdie kinders ook dikwels die biologiese ouers idealiseer. Dit help om hulle teleurstellings met betrekking tot aanneemouers in die alledaagse lewe te hanteer. Kinders wat aangeneem is rasionaliseer dikwels oor die redes vir die aanneming. Hulle plaas gewoonlik die blaam daarvoor op iemand anders as die biologiese ouer, om sodoende gevoelens van verwerping te versag.

2.14.5 Verlies van 'n troeteldier

Daar is dikwels 'n besondere verhouding tussen 'n kind en 'n troeteldier. Dit is dan ook met die verlies van 'n troeteldier dat baie kinders die eerste keer met die dood, as 'n vorm van verlies, te make kry. Ouers behoort 'n troeteldier se dood aan te gryp as 'n leergeleentheid vir die kind rondom verlies, maar die intensiteit van die roureaksies wat op die verlies volg behoort nooit onderskat of afgemaak te word nie. Net soos met ander verliese benodig die kind ondersteuning. Die kind se vrae moet beantwoord word en hy / sy is geregtig op eerlike inligting volgens die ontwikkelingsvlak oor wat gebeur het. Die kind behoort ook toegelaat te word om die dooie diertjie te sien en behoorlik afskeid te neem. Dit kan gedoen word rondom 'n tipe begrafnis vir die dier. Deel gevoelens met mekaar en praat met die kind oor die dier en wat gebeur het. Die ouers kan die kind bystaan om die dier se lewe te gedenk deur rituele soos om 'n prentjie te teken of om die dier se speelgoed op 'n spesiale manier te bêre. Dit is ook belangrik om die kind se skool in te lig oor die verlies, sodat onderwysers met hom / haar kan simpatiseer. Die dood van 'n troeteldier kan kinders baie help om te leer hoe om toekomstige verliese te hanteer. (Goldman, 2000; Brodtkin, 2007)

2.15 Miskende rou (disenfranchised grief)

Sommige verliese het wel roureaksies tot gevolg, maar dit word nie tipies deur die samelewing erken nie. Daarom is daar ook nie veel ondersteuning vir persone wat dié tipes verliese moet deurleef nie, en dit word miskende rou (disenfranchised grief)

genoem (Sciarra, 2004). Die verlies is baie werklik, maar die persoon wat dit deurmaak kan nie noodwendig op steun van ouers, vriende of die gemeenskap reken in so 'n situasie nie.

Hierdie tipe rou kom algemeen onder skoolgaande kinders voor (Sciarra, 2004). Dit is juis weens miskende rou nodig vir ouers, onderwysers en sielkundiges om bewus te wees van tekens van rou sodat kinders ondersteuning en begrip kan ontvang, selfs vir verliese wat as “onbelangrik” of “klein veranderinge” beskou word. Voorbeelde hiervan vir jong kinders kan van die volgende insluit: verlies aan 'n maat, verhuising, 'n nuwe skool, 'n nuwe klas (en die verlies daardeur van 'n gunsteling onderwyser), die dood van 'n troeteldier, die besef dat kersvader net fantasie is en dat die tandmuis nie bestaan nie.

2.16 Kultuurverskille en rou en verlies

Verlies is 'n komplekse proses van aanpassing by 'n veranderde werklikheid. Hierdie proses is tegelykertyd *“immensely personal, intricately relational, and inevitably cultural”* (Neimeyer, 1999:66). Volgens Hooyman en Kramer (2006:100) is kultuur *“a major determinant in how children experience and adapt to loss”*. Dit is belangrik vir 'n professionele persoon (sielkundige, berader, maatskaplike werker, onderwyser, ensovoorts) om bewus te wees van die kulturele verskeidenheid en verskillende norme wat bestaan, asook die verskille in rituele en rouprosesse tussen verskillende kulture. Die verhouding met die oorledene en die beskouing van wat normale en abnormale rou is, verskil ook volgens kultuur (Hooyman & Kramer, 2006). Hierdie kulturele verskeidenheid beïnvloed die intervensie wat gebruik word om persone in rou en verlies by te staan, asook die sukses daarvan (Hooyman & Kramer, 2006).

Godsdienverskille sluit aan by kultuur. Sielkundiges, onderwysers en beraders moet die godsdiensoortuigings van persone rondom rou en verlies in ag neem en respekteer. Die volgende riglyne kan behulpsaam wees om die nodige sensitiwiteit aan die dag te lê (Sciarra, 2004):

- Vind uit wat die familie glo oor die dood en die verwagtinge van 'n hiernamaals, of lewe na die dood.
- Leer meer oor die rituele rondom rou in die familie se geloof.

- Vind uit of daar geslagsreëls is rondom die hantering van dood, en respekteer dit as daar is.
- Help die kind om sy / haar eie manier te vind om die oorledene se nagedagtenis te eer.

Hoewel 'n persoon se geloofsoortuiging behulpsaam kan wees in die hantering van rou en verlies, kan dit ook die teenoorgestelde uitwerking hê en bydra tot die ontkenning van die dood. So kan kinders skuldig voel oor hulle verlange en hulle pyn as onnodig sien as hulle hoor dat 'n geliefde "na 'n beter plek verhuis het". Met kennis van kultuurverskeidenheid en die gebruike van verskillende gelowe kan 'n sielkundige en berader beter bystand lewer aan kinders in rou. Ouers kan bemagtig word om nie kinders se pyn af te maak nie, maar om geloof te gebruik om oor die kind se pyn gesprek te voer (Sciarra, 2004).

Verlies en kultuur is nie 'n onderwerp wat so geredelik gedek is soos kultuurverskille in roureaksies na 'n sterfte nie (Hooyman & Kramer, 2006). Dit is egter belangrik om bewus te wees daarvan dat kultureel diverse groepe wel oor belangrike verliese, buiten dood, treur. Daar is duidelike kultuurverskille oor wat gesonde en gepaste sosiale steun en gedragspatrone in rou en / of verlies is. Hooyman en Kramer (2006) wys daarop dat gepaste steun aan persone in krisis as gevolg van rou en verlies slegs gegee kan word vanuit 'n multikulturele perspektief, en die besef dat rou en verlies vir elkeen 'n unieke ervaring is.

2.17 Die probleem van verliese buiten dood

Volgens Hooyman en Kramer (2006) is daar min rituele en hulpmiddels beskikbaar vir ander tipes verliese, wat nie dood insluit nie, soos dit wat gepaardgaan met egskeidings en werkloosheid. Vir kinders kan verliese van die volgende insluit: die verlies aan 'n maat, 'n verhuising en al die verliese wat daarmee gepaardgaan, die verlies van 'n ledemaat of gesondheid, die verlies deur egskeiding of aan sosiale status en behoeftebevrediging weens werksverliese, die verlies aan aandag weens 'n moeder wat weer die arbeidsmark betree, ensovoorts. Wat kinders betref is dit noodsaaklik om te besef dat dit nie net hulle ervaring van rou en verlies is wat verskil van volwassenes nie, maar ook watter verliese bestaan en beleef word. Dit is

immers, weens lewenservaring, vir 'n volwasse persoon makliker om die verlies van 'n vriend (nie as gevolg van 'n sterfte nie) te begryp, terwyl dit vir kinders anders kan wees weens beperkte ervaring en sosiale vaardighede.

2.18 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die jong kind wat rou en verlies ervaar in perspektief gestel deur na die ontwikkelingsfases te kyk, sowel as hoe hierdie kinders se reaksies verskil van kinders in ander fases. Tipiese verliese wat jong kinders kan ervaar is genoem en bespreek, sowel as die rouproses en routake wat kinders moet deurgaang om die verlies te kan integreer en aanvaar. Hierdie inligting is van belang om ouers, onderwysers en sielkundiges bewus te maak daarvan dat jong kinders wel rou oor die dood en verliese – anders as baie se opvatting dat hierdie kinders nie rou nie, of “maklik” herstel na dood en verlies.

Hierdie hoofstuk het bewys dat jong kinders baie hulp en steun benodig en dat baie jong kinders deur verskeie situasies verlies en rou kan ervaar.


HOOFSTUK 3

DIE RELASIE-TEORIE EN RIGLYNE VIR BELANGRIKE PERSONE IN DIE HANTERING VAN DOOD EN VERLIES

Should you shield the canyons from the windstorms,
You would never see the beauty of their carvings

Elizabeth Kübler-Ross

Diagram 5: Inhoud van Hoofstuk 3



3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die relasieteorie as die fokuspunt gebruik. Hierdie teorie handel oor verhoudings – met ander, die omgewing, en met die self. Die teorie sal bondig bespreek word, en daarna volg die toepassing van die teorie op die lewe van die jong kind wat rou en verlies ervaar.

Belangrike relasies vir die jong kind sluit in die ouers (en ander naby familie), onderwysers en maats. Vir die kind wat rou en verlies ervaar, word die sielkundige, berader of terapeut dikwels ook 'n belangrike persoon met wie 'n verhouding – hoewel terapeuties – gestig word. Daarom word die ouer, onderwysers en sielkundige (terapeut) se rol as hulpverleners hier bespreek. Hierdie is belangrike persone met wie jong kinders verhoudings gevorm het wat 'n groot rol kan speel op hul weg na herstel na ervarings van rou en verlies. Hier word slegs breë riglyne gegee oor moontlike optrede, rolle wat vertolk kan word en wyses waarop die jong kind ondersteun kan word.

3.2 Die relasieteorie in 'n neutedop

Die relasieteorie (Jacobs & Vrey, 1982, soos weergegee in die Studiegids vir Inleidende Oriëntering vir die graad Honneurs Baccalaureus Educationis (B.Ed) met spesialisering in Skoolvoortligting (OSV451), 2002), wat aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) ontwikkel is, sien die persoon, 'n geestelike wese, as die middelpunt van sy/haar eie wêreld, maar in wisselwerking met verskeie ander objekte, idees, persone en die self. Hierdie wisselwerking word gekenmerk deur verskeie verhoudings wat gestig word – ook met die self. Soos 'n kind se persoonlikheid ontwikkel, raak hy/sy meer vaardig in die stigting van verhoudings, en as gevolg daarvan kan hy/sy makliker by die omgewing aanpas. 'n Kind wat goed aanpas, is in staat tot selfaktualisering (om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel, met ander woorde om dit te word wat 'n persoon kan, wil en behoort te word). Dit impliseer noodwendig dat 'n voorvereiste hiervoor toereikende verhoudings met die komponente van die kind se leefwêreld moet wees.

Die kind as persoon bestaan uit die volgende:

- Die ek (ego)
Die ek is geestelik, die motivering agter 'n persoon se denke en handeling.
- Die self
Die self is wat 'n persoon as hom- of haarself raaksien: die liggaam, hoe jy lyk, hoe jy is (persoonlikheid). Die self is opgemaak van aangebore en verworwe eienskappe van 'n persoon.
- Die identiteit
Die identiteit word opgemaak uit dit wat 'n persoon van hom- of haarself sê, sowel as uit wat ander sê. Dit beantwoord die vraag: "Wie is ek?". Om hierdie vraag te beantwoord is selfkennis nodig. Identiteit word ook in verhouding met ander gevorm, soos vriende, ouers en onderwysers.
- Die selfkonsep
Die selfkonsep is die evaluering van die self en is daarom 'n waarde-oordeel, 'n selfbeskouing van hoe iemand hom-/haarself sien. Hierdie selfbeskouings vind plaas op drie vlakke: fisies (liggaamsbeeld), psigies (wat die persoon sien as die eie vermoë of onvermoë) en sosiaal (in verhouding tot ander mense en objekte). Die algemene vlak van die selfkonsep word in die vroeë jare gevorm deur die warmte, nabyheid en sorg van die primêre versorger, dikwels die moeder (Lindsay & Elsegood, 1996).

Om volwasse te word, is die volgende nodig:


- Denke, of betekenisgewing
Deur denke en betekenisformasie gee die kind vorm aan sy / haar leefwêreld.
- Betrokkenheid (om te doen)
Kennis van die wêreld word deur aksie bekom, met ander woorde deur te handel, of iets te doen.
- Beleving, of gevoel (emosie)
Wanneer 'n persoon betrokke is by iets, is daar 'n gevoelsmatige aspek wat bykom: hoe die ervaring was om iets te doen, byvoorbeeld lekker of sleg, angs en vrees, geluk, opgewondenheid, ensovoorts. Hierdeur word die kwaliteit van die betrokkenheid bepaal, en of daar in die toekoms daarmee voortgegaan sal word, en of dit vermy sal word.


- Verhoudingvorming (die stig van relasies)
Om suksesvol relasies te kan vorm, moet die kind hom of haar in die wêreld kan oriënteer en betekenis daaraan gee. Die kwaliteit van relasies hang af van hoe die kind gevoelens beleef, soos hartseer, vreugde, blydskap, ensovoorts. Elke persoon is mede-verantwoordelik vir die relasies wat hy/sy stig. Daar sal situasies en persone wees waartoe 'n persoon aangetrokke voel of waarvan iemand wil wegbly. Gesonde relasies het 'n gesonde opvoedingsituasie tot gevolg, en die teendeel is waar van problematiese relasievorming.




3.3 Praktiese toepassing van die relasieteorie op die jong kind

Skematies kan die relasieteorie soos volg gebruik word om die invloed van rou en verlies op die kind en relasies met ander uiteen te sit (met dank aan prof. Roets vir die beskikbaarstelling hiervan):

Tabel 5: Relasieteorie en die invloed op psigiese fasette

Konstrukte van relasieteorie	Implikasies van rou en verlies
 Die ego	Egosterkte bepaal wat en hoeveel 'n mens sal kan hanteer. 'n Goed ontwikkelde ego is belangrik vir die hantering van probleme. Hoe sterker die ego, hoe beter weerbaar, en gevolglik beskerm, is die kind teen terugslae en verliese. Jong kinders is baie egosentries. Daarom sal hulle waarskynlik dink aan dood en verlies as hulle fout – hulle het dit op een of ander manier veroorsaak, of kon dit verhoed het. Gevolglik word die verlies dan ook beleef as 'n verwerping en versaking van die kind self.

Konstrukte van relasieteorie	Implikasies van rou en verlies
	<p>Die nuus van verlies is dikwels so erg dat die kind, om hom-/haarself te beskerm, egoverdedigingsmeganismes, byvoorbeeld ontkenning, repressie, apatie en aggressie kan inspan. Die kind kan ook optree asof niks fout is nie en gaan speel na die aanhoor van die nuus. Dit dui bloot daarop dat wat die kind gehoor het te veel is om nou te verwerk (Lindsay & Elsegood, 1996).</p> <p>Kinders beleef rou in sarsies om die ego nie te oorlaai met die intensiteit van rou nie (Doka, 1995).</p>
 <p>Die self</p>	<p>Die self begin ontwikkel wanneer kinders bewus word van hulle eie liggame en behoeftes; hulle begin hulle eie menswees as't ware erken en begryp. Wanneer jong kinders rou en verlies ervaar, soos in die geval van 'n egskeiding, ervaar die kind dit as hy / sy word verlaat. Weens rou en verlies openbaar kinders met verskillende persoonlikhede verskillende tipes gedrag. Kinders kan byvoorbeeld woedend of aggressief optree. Hulle ontvang dan negatiewe terugvoer van persone wat nie hierdie gedrag verstaan nie. Kinders ontvang in sulke gevalle boodskappe soos dat hulle onbelangrik is (want die behoefte word nie vervul nie), sleg is (want hulle optrede en gedrag is onaanvaarbaar), min waarde het (want die ouer spandeer dalk nie tyd met hulle nie weens die eie roureaksies). Dit kan die siening van die self, en gevolglik die identiteit en selfkonsep baie negatief raak. 'n Kind wat hegte verhoudings kon vorm se roureaksies is erger, maar die uiteinde is dat hulle daardeur kan groei. Dit is moontlik omdat sterk relasies met ander 'n buffer vir die kind kan vorm en 'n fondasie lê wat hom / haar help om verlies en ander terugslae beter te hanteer.</p>
	<p>Aanpassings moet gemaak word in selfdefiniëring na 'n groot verlies (Neimeyer, 1999). Dink maar aan kinders wat 'n broer of suster verloor het en nou 'n enigste kind is, of kinders in pleegsorg of wat aangeneem word. Verliese deur emigrasie of verhuising bring ook 'n verlies aan identiteit mee. Kinders wat</p>

Konstrukte van relasieteorie	Implikasies van rou en verlies
 <p>ID555222</p> <p>Identiteit</p>	<p>permanent van hulle ouers of versorgers geskei word ervaar 'n verlies van identiteit en moet daarom ingelig word oor wie hulle is en waar hulle vandaan kom (Lindsay & Elsegood, 1996). Hulle moet dus verbind bly aan hulle erfenis. Belangrike aspekte van die geliefde word opgeneem in die kind se eie selfidentiteit (Worden, 1982).</p>
 <p>Selfkonsep</p>	<p>Die jong kind se ouers is byna eksklusief die bron van hulle baie kwesbare selfbeeld en selfagting (Christ, 2000). Dit is dus duidelik dat die selfkonsep 'n knou sal kry na die verlies van 'n ouer of met egskeiding, wanneer die kind die afwesigheid van die ouer as verwerping van hom / haar kan beskou (Jewett, 1994). Volgens Martinek en Zaichkowsky (soos weergegee deur Lindsay & Elsegood, 1996) is die kind se selfbeeld onstabiel tot en met sewejarige ouderdom. Die vroeë jare van 'n kind se lewe is veral belangrik in die vorming van naby verhoudings en die selfkonsep. Verliese in hierdie tyd het 'n negatiewe uitwerking op die selfkonsep. Kinders voel volgens Jewett (1994) minderwaardig en ongeliefd. Dikwels lei een verlies tot veelvuldige verliese, wat die selfkonsep steeds meer striem.</p>
 <p>Betrokkenheid</p>	<p>Die dood van 'n ouer bedreig die kind se sosiale ontwikkeling (Raveis et al, 1999). Volgens Lindsay en Elsegood (1996) kan kinders op ongepaste wyse uiting gee aan onderdrukte emosies (acting out), ook in skole. Dit kan die verhouding met onderwysers en maats negatief raak – veral ook omdat die kind se selfkonsep 'n knou gekry het, en 'n negatiewe selfkonsep beïnvloed verhoudings en sosialisering (Lindsay & Elsegood, 1996).</p> <p>Jong kinders gebruik spel om sin te maak van gebeure en dit word op so 'n wyse deurgewerk en vir die kind verstaanbaar gemaak. Daarom is spel uiters belangrik in kinders se hantering van rou en verlies (Lindsay & Elsegood, 1996).</p> <p>Betrokkenheid by wat rondom die rou en verlies gebeur is van belang vir die kind se aanpassing, aanvaarding en verwerking.</p>

Konstrukte van relasieteorie	Implikasies van rou en verlies
	Deur take te gee wat hulle kan verrig, voel hulle deel van die gesin en dit laat hulle minder hulpeloos voel (Lindsay & Elsegood, 1996)
 Gevoel	<p>Die dood van 'n ouer bedreig die kind se emosionele ontwikkeling (Raveis et al, 1999). Jong kinders het nie woorde om hulle gevoelens te beskryf nie en behoort daarmee gehelp te word (Lindsay & Elsegood, 1996). In dood en verlies reageer hulle volgens dit wat ouers en belangrike persone vir hulle wys. As ouers hulle emosies terughou, sal kinders aanvaar dat hulle ook nie aan emosies uiting mag gee nie. Aangesien kinders dink dat hulle gedrag of denke die verlies kon veroorsaak, ontstaan skuldgevoelens by die kind. Emosies kan van die volgende insluit: angs, skaamte, vrees, hooploos, ongeloof, woede, hartseer, smart, eensaamheid.</p>
 Denke	<p>Jong kinders hou hulle gedagtes besig met wensdenkery, fantasie en towerkrag. Hulle glo hulle kan met hulle gedagtes die oorledene terugbring of die situasie verander. Hulle dink ook dikwels dat hulle gedrag die verlies of dood veroorsaak het, omdat hulle dalk iets gesê, gedink of gewens het voor die verlies plaasgevind het, soos: "Ek wens jy gaan dood", in 'n oomblik van woede. Aangesien die kind, volgens hom / haar dan die dood of verlies veroorsaak het, behoort hy / sy ook oor die vermoë te beskik om dit ongedaan te maak.</p>
 Selfgesprek	<p>Skuld maak dikwels deel uit van kinders se selfgesprek, omdat hulle verantwoordelik kan voel vir wat gebeur het. Selfgesprek is dikwels negatief, omdat kinders baie selfkritiek lewer as gevolg van gevoelens van skuld (Lindsay & Elsegood, 1996). Die kind internaliseer ook gesprekke met die oorledene, soos in die geval van 'n ouer wat gesterf het. Dit is nie heeltemal selfgesprek nie, maar neem soms tog die vorm van selfregulering aan as die kind, in die veranderde verhouding wat met die oorledene gestig is, steeds sekere tipes gedrag openbaar omdat die oorledene dit so sou wou hê. Rou word, volgens Lindsay en Elsegood (1996), gekenmerk</p>

Konstrukte van relasieteorie	Implikasies van rou en verlies
	<p>deur innerlike konflik. Kinders voel dikwels negatief oor hulleself en voel hulle het nie waarde nie. Dit is dikwels ook, weens moeilike gedrag, die boodskap wat hulle van mense om hulle ontvang, en wat dan weer hierdie innerlike gesprek versterk. Jewett (1994) reken kinders vra hulleself gereeld af of iemand hulle lief sal kan hê. Hulle soek dan antwoorde hierop uit ander se response. Dit is duidelik hoe hierdie tipe selfgesprek en selfkonsep met mekaar verband hou.</p>
 <p>Selfaktualisering</p>	<p>Volgens Lindsay en Elsegood (1996) verloor kinders van die vaardighede wat hulle onlangs aangeleer het in 'n stresvolle situasie, soos rondom verlies en dood. Verlies bedreig die kind se ontwikkeling en welsyn. Dit is ook bekend dat kinders in stresvolle situasies regresseer om veilig te kan voel. Hulle tree dan op soos in vorige ontwikkelingsfases waarin hulle meer geborge gevoel het.</p> <p>Die hantering van rou en verlies lei tot groei in die individu (Neimeyer, 1999) en weerbaarheid (resilience) ontwikkel as kinders sien dat hulle daarin slaag om van die probleme suksesvol op te los (Lindsay & Elsegood, 1996). Tog kan rou en verlies ook die individu se ontwikkeling belemmer as rou gekompliseerd raak en nie deurgewerk word nie.</p>

3.4 Die rol van die ouer

“There are two choices when a loved one dies – to live in grief, remorse, and guilt covered thinly by a façade; or to face those feelings, work them through, and emerge with an acceptance of death and a commitment to living” (Edith Mize, soos opgeneem in Kübler-Ross, 1975:97)

Volgens Brown (1999), Hooyman en Kramer (2006), Andrews en Marotta (2005), Lindsay en Elsegood (1996) en Altman Klein en Staley (2000) benodig kinders die volgende ten tyde van 'n verlies:

- 'n Huislike omgewing en roetine wat sover moontlik onveranderd bly – dit lei tot minder angstigtheid by kinders.

- Die gerusstelling dat wat gebeur het nie die kind se skuld is nie.
- Die geleentheid om uiting te gee aan gevoelens en om emosionele ondersteuning te ontvang.
- Ouers wat hulle eie rou en smart wys, en die geleentheid om rougevoelens met mekaar te deel.
- Inligting oor wat gebeur het. Goldman (2000) en Brodtkin (2004) sê jong kinders benodig die eenvoudigste inligting moontlik, maar genoeg feite wat nodig is vir hulle om te begryp en te kan groei. Indien kinders nie sulke inligting kry nie, vul hulle die gapings met hulle eie onrealistiese verbeelding en interpretasie.
- Die kans om vrae te mag vra.
- Om oor gelukkiger dae te kan praat en herinneringe te koester – ook die oorledene of persoon wat weg is se besittings.
- Om ouderdomstoepaslik te mag rou.
- Fisiese kontak – wat veral vir jong kinders baie belangrik is.
- Om deur byvoorbeeld spel die rou gevoelens te onderbreek. Dit is aanvaarbaar om gelukkig te wees en die lewe te geniet.
- Waar moontlik, die geleentheid om afskeid te neem en te groet.

Goldman (2000:53) som dit wat kinders in krisistye benodig oulik op met die volgende woorde:

- Let kids know
- Let kids talk
- Let kids participate
- Let kids be unique

Dit is baie belangrik om eerlik met kinders te kommunikeer en om nie inligting te weerhou nie (Goldman, 2000; Andrews & Marotta, 2005). Kinders se reaksie word beïnvloed deur hulle begrip van die oorsake en gevolge van die verlies. Wanneer kinders uitgesluit word van gesprekke oor rou en verlies kry hulle die indruk dat die

onderwerp taboe is en dit lei tot rou in isolasie. Kinders behoort eerder ouderdomstoepaslike inligting te ontvang en direkte antwoorde op hulle vrae te kry (Hooyman & Kramer, 2006; Wood, 2008; Altman Klein & Staley, 2000). Brodtkin (2004) beveel ook aan dat kinders verseker moet word dat hulle sterk is en dat die verwagting bestaan dat hulle nog lank sal leef. Dit word gedoen om vrese oor die eie, of die ouers, se welsyn aan te spreek.

Primêre versorgers behoort te let op simptome wat kan dui op rou en verlies by die jong kind, begrip toon daarvoor dat dit as 'n reaksie op die verlies plaasvind en die kind toelaat om openlik te rou. 'n Ouer wat nie emosie wys of openlik rou nie, kan die rouproses vir die kind bemoeilik en dit kan gevoelens van onsekerheid veroorsaak. Te veel emosie is egter ook nie goed nie, want dit wek vrees by die kind. 'n Middeweg moet eerder deur die ouer gevolg word van om emosie te wys, maar om ook steeds in staat te wees om die kind te ondersteun. 'n Ouer wat emosie wys in tye van rou gee daardeur aan die kind toestemming om dieselfde te doen (Sciarra, 2004; Goldman, 2000). Kinders moet kan sien dat die versorgers huil en iewers weer ophou; hulle moet hoor wat volwassenes doen om beter te voel – sodat hulle die voorbeeld kan navolg (Andrews & Marotta, 2005).

In die geval van 'n egskeiding of sterfte kan die oorblywende ouer die kind beskerm teen die effekte van die gesinstragedie. Hierdie ouer / versorger kan die anker wees wat kinders kan help om 'n nuwe wêreldsiening te vorm wat die werklikheid van die verlies kan insluit, sowel as die kind se kwesbaarheid in ag neem. Om iets positief in die hartseer situasie raak te sien en om die veranderinge en onderbrekings in die daaglikse roetine van die oorspronklike gesin te beperk, kan die negatiewe langtermyn effek van kinders se rou verminder (Hooyman & Kramer, 2006). Vir ouers wat skei kan die kind, volgens Brodtkin (2008), op die volgende maniere gehelp word: die ouers kan ordentlik teenoor mekaar optree, beide ouers moet maklik deur die kind bereik kan word, besef dat woede waarskynlik deel sal wees van die kind se optrede, en dat hierdie reaksie verkort kan word as die kind sien die ouers werk steeds saam en hy/sy hoef nie te kies tussen hulle nie.

Die persoon wat die nuus van 'n verlies aan die jong kind moet oordra, is dikwels die ouers of 'n ander familielid. Die volgende riglyne word deur Jewett (1994) gegee om belangrike inligting aan die jong kind oor te dra:

- Iemand (noem die naam) sal vir jou sorg. (As dit nie die persoon is wat die boodskap gaan oordra nie, gaan voort met die volgende...) Dit gaan nie ek wees nie, maar ek sal by jou bly tot (naam) hier is om jou veilig te hou.
- Dit was nie jou skuld nie. Dit was nie oor jy enigsins stout was of ongeliefd nie. Daar is niks wat jy kon doen, of kan doen, om dit te verander nie.
- Dit is reg en goed as jy weet wat gebeur het, as jy daarvoor wil dink en wil probeer om dit te verstaan.
- Jy kan jou eie gevoelens hê oor wat gebeur het. Jy voel dalk anders as ander mense, selfs as dié saam met wie jy bly. Niemand het die reg om vir jou te sê hoe jy voel of hoe jy moet voel nie.
- Jy mag soveel tyd neem soos wat jy wil om te probeer verstaan en om jou gevoelens te hê. Jy hoef nie gou te maak of voor te gee dat jy nie dink of voel soos jy doen nie.

Die taalgebruik wanneer met kinders oor rou en verlies gekommunikeer word is van die uiterste belang, aangesien dit begrip van die gebeure tot gevolg kan hê, of tot misverstand en wanbegrip kan lei. Jong kinders is kognitief in die pre-operasionele fase. Abstrakte terme soos iemand het gaan "slaap", wanneer na die dood verwys word, kan lei tot vrees wanneer 'n kind moet gaan slaap. Hy / sy verstaan nie dat na dood, en nie na slaap nie, verwys word (Hooyman & Kramer, 2006).

Wat rituele betref behoort kinders nie uitgesluit te word van die gebeure nie. Die ouer se natuurlike reaksie is om die kind te probeer beskerm, maar deur deel te wees van die gesin se rituele kan die kind voel dat hy / sy deel is van die familie in die tydperk van verlies, dat die gevoelens geldig is en dat daar 'n geleentheid is om afskeid te neem. Dit is egter belangrik om die keuse by die kind te laat en om hom / haar nie te dwing om te deel in rituele soos begrafnisse nie. Tydens 'n begrafnis behoort die kind by 'n bekende volwassene te wees wat daar is om deurgaans te verduidelik wat gebeur en vrae kan beantwoord. Na die diens behoort volwassenes ook beskikbaar te wees om vrae en emosies te hanteer wat die kind mag beleef (Hooyman & Kramer,

2006, Goldman, 2000). Rituele is baie waardevolle gebruike wat ook vir ander verliese buiten die dood kan geld. Voorbeelde hiervan is om 'n boom of plant ter nagedagtenis van iemand te plant of om 'n prent te teken om by die kis of graf te plaas.

Waar kinders rou en verlies ervaar is hulle lewens in chaos en onsekerheid gedompel. Kinders put waarde daaruit as daar areas geïdentifiseer kan word waaroor hulle 'n mate van beheer kan hê (Hooyman & Kramer, 2006). Dit gee kinders meer sekerheid. Kinders weet ook nie wat hulle moet doen nie. Deur hulle takies te gee sodat hulle kan voel hulle help, voeg waarde toe en is belangrik, en kan van die onsekerheid uitskakel.

Ouers en versorgers behoort bewus gemaak te word van wat Hooyman en Kramer (2006:122) "grief triggers" noem. Dit is wanneer spesiale dae soos verjaardae, Kersfees, vakansies of sekere mylpale weer as sneller kan dien wat roureaksies aan die gang sit. Wanneer versorgers dit weet kan hulle daarop voorbereid wees en die kind toepaslik ondersteun.

Om emosies te identifiseer en te benoem is baie belangrik. Sodoende word die emosies eintlik as geldig verklaar. Dit verminder dan die pyn omdat die gevoel openbaar gemaak is. Die ouer se kontak en gesprekke met die kind skep 'n atmosfeer van respek en "toestemming" dat die kind emosies mag uiter en deel (Goldman, 2000).

Met rou en verlies behoort die fokus nie te wees om "te laat gaan" nie, maar eerder om betekenis in die verlies te sien en dit deel te maak van die gesin se lewe (Doka, 1995).

3.5 Die rol van die skool

Holland (2008) is van mening dat veels te min in skole gedoen word wat onderrig oor rou en verlies betref. Waar daar ondersteuning is, is dit sporadies en uitgelewer aan die entoesiasme van die skool se personeel en hulle bewustheid (al dan nie) van die

probleme rondom rou en verlies en die voordele om onderrig en hulpverlening oor hierdie onderwerp in die skool te inkorporeer.

Onderrig oor dood en verlies in die klaskamer is 'n manier waarop die skool 'n proaktiewe rol kan speel. As kinders onderrig word oor dood, rou en verlies dien dit as voorbereiding op sulke stresvolle gebeure. Onderwysers wat in staat is om die gedrag, denke en gevoelens van rou en verlies te identifiseer kan dit makliker in kinders raaksien en hulp verleen waar nodig (Goldman, 2000; Wood, 2008; Holland, 2008). Goldman (2000) gebruik die baie bruikbare akroniem SAFE om riglyne aan onderwysers te gee:

S – Seize the moment

Begelei die kind om 'n goeie antwoord op vrae te gee

A – Act

Wanneer jy twyfel, reik uit na die kind. Kinders herken opregtheid

F – Find strengths

Alle kinders het sterkpunte. Soms lei onderdrukte emosies tot ongewenste gedrag. Begrip daarvoor sal die onderwyser weerhou van oordeel

E – Establish a relationship

Praat alleen met die kind. Laat die kind weet dat jy bewus is van sy gedrag en daar is wanneer hy / sy wil praat.

Kinders sal makliker kan leer en deelneem as hulle die geleentheid kry om van onderdrukte emosie ontslae te raak. Die onderwyser kan baie maak van alledaagse verliese deur dit te identifiseer en gebruik. Goldman (2000:117) noem dit “teachable moments” wat aangegryp moet word. Voorbeelde sluit in 'n begrafnis vir 'n dooie diertjie op die terrein, om verliese van troeteldiere te herdenk, dooie en lewende plante te ondersoek en die seisoene te gebruik om dood te beskryf. Gevoelens kan in die klas as geheel hanteer word, en daar kan selfs 'n klasboek ter nagedagtenis aan die diertjie gemaak word. Hierdeur kan die onderwyser 'n belangrike rolmodel vir die kind word in die hantering van rou en verlies.

Die skool behoort egter die kind te sien as deel van, en beïnvloed deur, 'n ekosisteem wat die skool, die kind, familie en portuur insluit. Daar behoort daarom, vir effektiewe

intervensie, met die hele ekosisteem gewerk te word. Die skool moet met sorg bepaal hoe 'n kind ondersteun kan word wanneer hy/sy na 'n verlies terugkeer skool toe. Dit is dikwels vir die kind problematies. Steun aan die kind sal meer effektief wees as die primêre versorgers van die kind gehelp word om aan te pas en om by hulle uit te vind wat die kind se behoeftes is (Reid, 2002; Holland, 2008).

Die hulp van die kind se portuurs moet ook nie onderskat word nie. Die hulp van ander kinders kan bydra tot die verligting van die pyn van verlies (Reid, 2002). Hierdie fasilitering van steun tussen leerders onderling kan plaasvind deur die daarstelling van verskillende ondersteuningsgroepe waar leerders vry is om gevoelens te deel, iets met mekaar in gemeen het, en kan besef dat hulle nie alleen is in die situasie waarin hulle hulself bevind nie.

Volgens Doka (1995) is dit belangrik vir die skool (en veral die onderwysers) om die rouproses te aanvaar deur die hele skoolomgewing oop te maak daarvoor. Wanneer iemand wat 'n verlies ervaar het terugkeer skool toe, behoort die klasmaats gereed gemaak word daarvoor, en gehelp word om op gepaste wyse te reageer (Holland, 2008).

Die volgende riglyne word deur McGlaufflin (1998) gegee om die gegee om die rouproses in die skool te integreer:

- Sien rouSMART as 'n waardevolle lewensvaardigheid
Om verlies te kan hanteer, wat iets is wat onafwendbaar is vir alle mense, help met 'n gesonde emosionele lewe.
- Leer om die geleenthede raak te sien
In die skoolomgewing is daar baie geleenthede om rou te erken, soos met vakansies wanneer almal aan geliefdes dink, of deur 'n herinneringsbord te skep.
- Respekteer die bewustheid van smart
Dit is baie ondersteunend as onderwysers kan wys dat optrede wat met rou gepaard gaan, soos deurmekaar gedagtes, onnodige foute en skielike emosionele reaksies, verstaanbaar en aanvaarbaar is.

- Eer elke moontlike afskeid in die skool
Daar kan meer gemaak word van leerders wat die skool verlaat, diere wat doodgaan, gesinsveranderings, 'n verlies aan vriende, ens. Hierdeur word rou en verlies in alle vorme erken.
- Praat met kinders oor dood en verlies
Dikwels is daar 'n vrees by persone om iets verkeerd te sê, maar as niks gesê word nie kan die leerder voel die verlies is onbelangrik en word nie geag nie, of dat hy/sy nie by die skool daarvoor mag praat nie. 'n Eenvoudige, eerlike opmerking is al wat nodig is.
- Wees so eerlik as moontlik
Die skoolpersoneel behoort inligting te deel wat hulle het, te sê wat hulle nie weet nie, en te verduidelik waarom sekere inligting nie met die kinders bespreek kan word nie. Sulke eerlikheid spreek kinders se behoefte om te weet aan, sowel as die skool se geldige beperkings.
- Praat vanuit meegevoel en nie bejammering nie
Bejammering skep verwydering, terwyl meegevoel spreek van begrip en 'n verbintenis tussen persone – iets waarna 'n persoon in 'n krisis werklik smag. Vir 'n gevoel van emosionele veiligheid behoort onderwysers en leerders na mekaar uit te reik met meegevoel – as 'n vorm van begrip tussen gelykes. Let dus op die taalgebruik en houdings wanneer oor / met 'n persoon wat rou gepaas word.
- Moenie wegstroom daarvan om uiting aan emosie te gee nie
Hoewel dit nie vir onderwysers gemaklik is om voor 'n klas te huil nie, is dit menslik en betekenisvol. Dit wys ook hoe om suksesvol te rou.
- Bied aan kinders uitlaatkleppe vir hulle gevoelens van smart en rou
Enigiets wat in die klas gebruik kan word is hier ter sprake, byvoorbeeld joernale, verf en teken, opdragte wat ooreenkom met die tipe verlies en wat nagevors moet word.
- Behou roetine, dissipline en hoë verwagtings
Vir baie kinders wat 'n dood of verlies moet verwerk is die skool 'n plek van stabiliteit in 'n lewe van chaos. Wees positief oor wat die kind regkry, en wys aan hulle uit waar hulle ou self sigbaar word.

- Moet nooit van 'n verlies vergeet nie, al is dit jare later
Erkenning van 'n verlies is betekenisvol. Selfs jare later, na genesing, word dit steeds saamgedra. Om te onthou van 'n egskeiding, sterfte of troeteldier se dood, eer daardie verhoudings wat vir die kind belangrik was.
- Ondersteun mekaar.
Dit is nie maklik om te aanskou hoe 'n kind rou en smart moet deurleef nie. Dit is emosioneel dreinerend. Daarom moet personeel mekaar ondersteun, aangesien dit ook die warmte en veiligheid wat aan die kinders gebied word sal verbeter.

Goldman (2000) doen die volgende voorstelle aan die hand vir die ondersteuning van die kind wat rou en verlies beleef in die klaskamer:

- Laat toe dat die kind sonder verduideliking die klas kan verlaat
- Stel voor dat die kind 'n volwassene in die skool kies met wie hy / sy kan praat
- Kies 'n veilige plek in die skool waarheen die kind kan gaan
- Laat die kind toe om huis toe te bel, want kinders wat rou is bekommerd oor die welstand van hulle ouers.
- Wys 'n helper in die klas aan wat die kind kan ondersteun
- Skep alleentyd vir die kind met die onderwyser
- Gee meer vorderingsverslae
- Pas van die werkopdragte aan
- Lig ander personeel en relevante persone, soos maats se ouers, in van die verlies.

Die onderwyser het natuurlik veral 'n belangrike rol om te speel binne skoolverband. Dit is die persoon wat die meeste met die kind in kontak is en enige veranderinge in gedrag, akademiese, sosialisering, ontwikkeling, ensovoorts, gou kan opmerk. Dit is ook die onderwyser, wat veral vir jong kinders dikwels 'n baie belangrike en geliefde persoon is, wat kan intree in tye van nood en ondersteuning bied waar dit nie vir die ouer wat ook rou onmiddellik moontlik is nie (Wood, 2008; Hooyman & Kramer, 2006; Holland, 2008). Andrews en Marotta (2005) wys daarop dat baie kinders kort na 'n verlies skeidingsangs beleef. Dit kan ontloft word deur slegs vir vyf minute met 'n onderwyser te praat.

Wanneer 'n kind rou en verlies ervaar kan die skool die enigste plek van orde en stabiliteit wees (Wood, 2008; Andrews & Marotta, 2005). Dit is belangrik om hiervan bewus te wees. Dit is ook die plek waar die kind, in 'n lewe van chaos, kan voel dat daar orde is en dat hy / sy tot 'n redelike mate kan weet wat om te verwag. Dit gee sekuriteit. Die onderwyser kan hierdie gevoelens verder aanhelp deur die klas en die roetine dieselfde te hou. Dit is egter belangrik om nie die kind en wat gebeur het te ignoreer nie. Dit laat die kind onbelangrik voel en dit lyk asof die onderwyser nie belangstel nie.

Dit is van die uiterste belang dat onderwysers inligting moet hê (en gereeld opdateer) van verliese wat kinders ervaar. Eenvoudige opdragte, soos kaartjies vir moedersdag, 'n tekening van die gesin, om familiefoto's te bring, ensovoorts, kan vir kinders wat verliese ervaar problematies wees. Dink hier byvoorbeeld aan die kind wat pas 'n moeder aan die dood afgestaan het of in pleegsorg beland het weens swak versorging, of die kind wat aangeneem is en nie enige foto's het nie. Wanneer onderwysers bewus is van sulke gevalle kan daar vooraf voorsiening gemaak word om hulle in te sluit deur bloot die opdrag effens te wysig.

Andrews en Marotta (2005) stel 'n "buddy"-sisteem voor vir die gesin in rou vir die periode net na die krisis plaasgevind het. Dit beteken 'n ander gesin word aangewys om te help met reëlings rondom skoolgebeure. Dit kan help met die kinders se angste omdat die ouers briewe verloor en afspraak mis.

3.6 Die rol van die sielkundige

Hooyman en Kramer (2006) meen dat, hoewel professionele persone (soos maatskaplike werkers en sielkundiges) daagliks moet werk met persone wat rou oor 'n verlies of verliese, hulle dikwels self ontoereikend voorbereid is om hulle eie en kliënte se verliese te hanteer en aan te spreek. Die eerste stap in die regte rigting is om nie voor te skryf hoe kinders behoort te rou nie. Die kind self behoort eerder aan te dui deur gedrag, gesprek, ensovoorts, waar hy of sy in die proses is (Goldman, 2000). Andrews en Marotta (2005) beveel aan dat die sielkundige en berader se

kennis van die rouproses so goed moet wees, dat die belewenis van rou vir kinders, ouers en onderwysers genormaliseer kan word.

Wanneer met kinders wat rou gewerk word, kan dit waardevol wees om inligting oor die volgende van versorgers en ander familie in te win:

- Die kind se karaktereenskappe
 - Detail van die verlies
 - Rituele – soos of die kind betrek is by rituele voor en na die sterfte
 - Versorging, byvoorbeeld wie die kind versorg en wat die roetine is
 - Familie ondersteuning, byvoorbeeld kan die familie die kind materieel en emosioneel ondersteun.
 - Huidige funksionering van die familie
 - Kennis van dood voor die verlies
 - Begrip van die huidige verlies
 - Roureaksies en vlakke van funksionering – vergelyk dit met voor die verlies.
- (Hooyman & Kramer, 2006)

Kinders kan terugkeer na hulle verliese en weer daarvoor rou in ander ontwikkelingsfases, en selfs tot in volwassenheid (Hooyman & Kramer, 2006; Goldman, 2000; Black, 2005; Branch & Brinson, 2007). Alle persone wat die kind begelei en ondersteun behoort hiervan bewus te wees, maar dit is veral belangrik vir die sielkundige. Dit beteken dat die tydperk van rou vir 'n kind baie lank kan wees (Cohen et al, 2006), met tussenposes waartydens die rou en verlies skynbaar verwerk is. Dink byvoorbeeld aan die dogter wat haar vader reeds as jong kind verloor het. Wanneer sy op trou staan, kan die verlies weer voorop staan, omdat sy skielik intens bewus word van haar pa wat nie saam met haar by die kerk sal inkom of enigsins op haar troue sal wees nie. Monroe en Kraus (2005) sê dat kinders dikwels ervaar dat die persone wat hulle moet ondersteun dikwels onrealistiese verwagtinge het oor die tydsbestek waarbinne die rouproses ten einde behoort te loop. Wanneer die verskynsel van terugkerende rou by kinders in aanmerking geneem word, is dit belangrik om te besef dat die hantering van dood en verlies buite tyd moet plaasvind. Soos Kübler-Ross (1983:8) dit stel: *“Time is a human invention; in reality it does not exist”*.

Wanneer 'n familielid sterf is ander familieledede, tesame met die kind, in rou gedompel. Hierdie volwasse persone beskik dan nie oor die krag of vermoë om die kinders by te staan nie (Wood, 2008). Sciarra (2004) meen dit is juis hier waar die sielkundige en berader in die skool 'n belangrike rol kan speel: deur kinders te help om te treur en om die rouproses te deurloop. Dit is belangrik vir 'n sielkundige of berader om die kind se verhouding met die oorledene te verstaan, ten einde die intensiteit van rou te probeer peil. So sal die verlies van 'n grootouer vir een kind, waar die grootouers as primêre versorgers moes instaan, veel groter wees as vir 'n kind wat min kontak met sy/haar grootouers gehad het. Soos De Vries (2001:75) tereg opmerk: *“With a person’s death comes perhaps the clearest view of what that person and relationship have meant to us in life.”* Die dood van grootouers is egter ook dikwels die eerste kontak wat kinders maak met dood. Daarom sal dit met groot omsigtigheid hanteer moet word.

Persone, en ook kinders, wat iemand aan die dood afgestaan het, of verlies ervaar, smag na die erkenning van hulle verlies. Dikwels word daar nie na die oorledene verwys nie, of die onderwerp word vermy, of daar word slegs verwys na die “verlies”. Deur direk te verwys na wat verloor is, soos “jou broer” of “jou suster” of “jou skool en jou beste maat”, kan die kind makliker uiting gee aan die emosies en gevoelens wat die woorde ontlok. Dit verklaar die erkenning en 'n bewustheid van die verlies en die geldigheid van die gevoelens wat daarmee gepaard gaan (Goldman, 2000).

Jong kinders se rou kom dikwels eerder in gedrag as deur emosie na vore. Dit is belangrik vir die sielkundige om hiervan bewus te wees. Aangesien kinders op hul eie 'n verhouding met die oorledene voortsit deur gesprek en deur eiendom van die persoon te koester en bewaar, wat Andrews en Marotta (2005:47) en Doka (1995:143) “linking objects” noem, kan dit goed wees om te bepaal of die kind so iets het, en of hy/sy hulp nodig het om so 'n spesiale item te vind.

Dit is egter ook so dat sielkundiges en beraders oorweldig kan word deur hulle eie gevoelens en in hulle hulp aan die kind die grense van die terapeutiese verhouding oorsteek (Sciarra, 2004). 'n Gevaarteken vir oorbetrokkenheid sluit in wanneer die terapeut meer tyd met die kind wil spandeer, soos na skool. Terapeute kan ook soms

kwaad voel vir die persoon wat gesterf het en die oorsaak van die kind se smart is, of teenoor 'n ouer wat die normale omstandighede wil herstel sonder om die kind wat rou in ag te neem. Hierdie gevoelens behoort met 'n mentor uitgesorteer te word.

Dit is goed vir die sielkundige of berader om 'n vennootskap met die ouers en skool te vorm. So kan saam besluit word watter inligting in die skool bekend gemaak kan word. Enige veranderinge in die kind se gedrag kan ook hierdeur gemonitor en aangespreek word. Verder is die ouer dikwels ook in rou en steun en ouerbegeleiding deur die sielkundige is baie belangrik ten einde beter versorging van die kind te verseker. Voorts behoort die sielkundige ook kennis in te win van die familie se werking (Hooyman & Kramer, 2006; Lindsay & Elsegood, 1996): wat is die kulturele oortuigings en gebruike, grense, kommunikasiepatrone, probleemoplossingsmetodes, hoe die familie op verlies reageer, ensovoorts. Hopelik kan die terapeut daarin slaag om die impak van die ouer / versorger se roureaksies op die kind te minimaliseer.

Tabel 6: Riglyne

Riglyne vir ouers, onderwysers en sielkundiges		
Ouers	Onderwysers	Sielkundiges
<ul style="list-style-type: none"> • Skep 'n huislike omgewing • Onveranderde roetine • Gee die versekering van geen aandeel / skuld aan die verlies • Gee geleentheid vir die uiting van emosies • Bied emosionele steun • Wys eie smart • Deel gevoelens met die kind • Gee eerlike inligting oor gebeure 	<ul style="list-style-type: none"> • Onderrig oor dood en verlies • SAFE: seize the moment, act, find strengths, establish a relationship • Gebruik alledaagse verliese in die klas • Werk met die hele ekosisteem: skool, kind, familie, portuur 	<ul style="list-style-type: none"> • Moenie voorskryf hoe die kind moet rou nie • Laat die kind toon waar in die proses hy / sy is • Kry genoeg kennis om rou te kan normaliseer • Kry genoeg inligting oor die gesin, die kind en die verlies • Onthou rou kan in ander fases herhaal

Ouers	Onderwysers	Sielkundiges
<ul style="list-style-type: none"> • Gee kans vir vrae • Koester herinneringe tesame • Laat die kind ouderdomstoepaslik rou • Fisiese kontak • Laat die kind rou onderbreek deur spel • Gee kans vir afskeid • Maak kinders deel van gesprekke oor die verlies • Verseker die kind dat hy / sy sterk is en dat die verwagting bestaan dat hy / sy nog lank sal leef • Toon begrip vir roureaksies Die oorblywende ouer help met 'n nuwe wêreldsiening, tree op as die kind se anker • Gebruik eenvoudige taal, maar nie abstrak • Betrek kinders by rituele • Identifiseer areas van beheer vir die kind • Wees bewus van rousnellers • Identifiseer en benoem emosies • Vind betekenis eerder as om te "laat gaan" • In egskeiding: tree ordentlik teenoor mekaar op, en wees maklik bereikbaar vir die kind 	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaal hoe die kind met sy / haar terugkeer na die skool ondersteun moet word • Vestig ondersteuningsgroepe • Maak die skoolomgewing oop vir die rouproses • Sien rou as 'n lewensvaardigheid • Eer elke afskeid • Wees so eerlik moontlik • Praat met meegevoe, nie bejammering • Gee uiting aan emosies • Bied uitlaatkleppe vir emosie deur opdragte • Behou roetine, dissipline en hoë verwagting • Moenie vergeet van 'n verlies • Steun mekaar • Laat die kind die klas verlaat • Wys 'n klashulp aan vir die kind • Laat die kind huis toe bel • Gee meer vorderingsverslae • Pas opdragte aan • Lig ander betrokkenes in 	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaal die intensiteit van rou deur inligting oor die kind se verhouding met wat verlore is • Verwys direk na die verlies • Onthou jong kinders se rou kom in gedrag na vore • Bepaal of die kind 'n "linking object" het • Let op eie oorbetrokkenheid • Vorm 'n vennootskap met die ouers en die skool • Ondersteun ook die ouer

3.7 Gevolgtrekking

Uit hierdie hoofstuk blyk duidelik dat die impak van verlies en rou op die jong kind geweldig is. Dit beïnvloed sy / haar ganse menswees en gevolglik ook die relasies van die kind – met die self, die ouers, in die skool en met maats. Hierdie effek van rou op die kind is bespreek vanuit die relasieteorie en daar is aangedui hoe dit die verskillende psigiese fasette beïnvloed.

Hoewel die suksesvolle voltooiing van die rouproses tot groei en ontwikkeling kan lei, is die kind midde-in die proses baie kwesbaar. Ouers, onderwysers en sielkundiges kan as buffer optree vir die negatiewe effek van rou en verlies op jong kinders. Riglyne is in hierdie hoofstuk uiteengesit soos dit in die literatuur voorkom. Ongelukkig het skole nog nie, wat rou- en verlieshantering betref, die regmatige plek ingeneem nie, en daar is ruimte vir die ontwikkeling van programme vir ouers en skole, wat hulle hierin behulpsaam kan wees.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

People are like stained-glass windows.
They sparkle and shine when the sun is out,
but when the darkness sets in, their true beauty is revealed
only if there is a light from within
Elizabeth Kübler-Ross

4.1. Inleiding

Hoofstuk 4 word gewy aan die werkswyse wat gevolg is ten einde hierdie navorsing sinvol uit te voer en met bruikbare resultate vorendag te kom. Daarom word die doel van die navorsing uiteengesit, die navorsingsmetode word beskryf met 'n uiteensetting van die werkswinkelinhoud, en die wyse waarop die steekproef saamgestel is word verduidelik. Die wyse waarop data wat verkry is geïnterpreteer word, word beskryf, 'n afdeling oor die etiese aspekte is ingesluit, en die hoofstuk word afgesluit met 'n gevolgtrekking van die beskikbare inligting.

4.2. Navorsingsdoelstellings

Hierdie navorsingstudie het hoofsaaklik ten doel om bruikbare riglyne daar te stel vir ouers of versorgers met jong kinders van 2 tot 6 jaar wat rou en verlies ervaar. Hieruit volg die volgende sub-doelwitte:

- Om kennis te bekom van rou en verlies by die jong kind van 2 tot 6 jaar.
- Om 'n literatuurstudie saam te stel van rou en verlies en hoe dit manifesteer by die jong kind in die bepaalde ontwikkelingsfase op kognitiewe, sosiale en emosionele gebied.
- Om uit die literatuur aan te dui dat daar onkunde bestaan oor hoe jong kinders rou en verlies ervaar en hoe hulle ondersteun behoort te word.
- Om uit die literatuur aan te dui dat jong kinders se rou- en verlieservarings uniek is en van ander ouderdomsgroepe verskil.

- Om werkswinkels te ontwikkel en aan te bied vir ouers / versorgers ten einde inligting oor rou en verlies by die kind van 2 tot 6 jaar beskikbaar te stel en om, as uitvloeisel van die navorsing, die sukses van die toepassing van die inligting te meet.
- Om in die groep te probeer vasstel wat die leemtes in die ondersteuning aan die jong kind is, en wat die vrae en behoeftes van ouers en versorgers is.
- Om die kind se versorgers te bemagtig met kennis en praktiese vaardighede om beter en meer gepaste steun aan 'n jong kind in 'n krisis- of pynlike situasie te bied.

4.3. Navorsingsmetode

4.3.1 Kwalitatiewe aksienavorsing


Volgens Berg (2007) soek kwalitatiewe navorsing antwoorde op vrae deur verskeie sosiale omgewings te ondersoek, sowel as die individue wat hierdie sosiale omgewings beset. Kwalitatiewe navorsingstegnieke ondersoek hoe mense leer en sin maak van hulself en ander. Dit is natuurlik duidelik in hierdie studie, waar die ouers van jong kinders leer oor rou en verlies, hulle hantering van rou en verlies ondersoek en, hopelik, uiteindelik aanpassings maak.

Aksienavorsing word soos volg deur Berg (2007:223) beskryf: *“In its present use, action research is one of the few research approaches that embraces principles of participation, reflections, empowerment, and emancipation of people and groups interested in improving their social situations or conditions.”* Henning, Van Rensburg en Smit (2004) bevestig hierdie definisie met 'n beskrywing van aksienavorsing as gedrewe deur sosiale aksie. Dit word geïmplimenteer met die deelname van die persone vir wie die navorsing ontwerp is. Daarom is aksienavorsing tegelykertyd intervensie en navorsing. As in ag geneem word dat die doel van hierdie navorsing is om ouers te bemagtig en om riglyne te verskaf sodat ouers in staat sal wees om rou en verlies by die jong kind te identifiseer en hanteer, maak dit sin volgens die definisie dat aksienavorsing gebruik word.

Berg (2007) noem dat aksienavorsing 'n wye toepassingsveld het, onder andere ook in gemeenskapkontekste. Die volgende kenmerke van aksienavorsing word weergegee (Berg, 2007):

- 'n Nougesette, refleksiewe of interpreterende, benadering tot empiriese navorsing
- Die aktiewe deelname van individue – soos met die werksinkels en werkkaarte wat voltooi word
- Die integrasie van praktiese uitkomst wat verband hou met die werklike lewens van deelnemers aan die navorsingsprojek – soos met die bepaling van of ouers wel bemagtig is deur die werksinkels, en of hulle die riglyne toegepas het en wat die effek daarvan was.
- 'n Spiraal van stappe, wat elk bestaan uit een of ander vorm van beplanning, aksie en evaluasie. Die volgende proses word gevolg: identifiseer die navorsingsvraag / -vrae, versamel inligting om die navorsingsvraag / -vrae te beantwoord (literatuurstudie), analiseer en interpreteer die inligting (literatuurstudie en met die werksinkels), deel die resultate met die deelnemers (werksinkels).

Diagram 6: Die aksienavorsing spiraalproses (Berg, 2007:225)



Berg (2007) noem dat aksienavorsing 'n navorsingsmetode is waarin die primêre dryfkrag van die navorser en die navorsing is om 'n positiewe sosiale verandering teweeg te bring. Twee take is hoofsaaklik die fokus van aksienavorsing, naamlik om inligting en kennis beskikbaar te stel wat direk vir 'n sekere groep mense bruikbaar sal wees (in hierdie geval die inligting oor rou en verlies by die jong kind en praktiese riglyne vir die hantering daarvan), en tweedens, om die gemiddelde persoon in die groep te bemagtig en om elkeen te motiveer om die navorsingsinligting toe te pas en te gebruik.

Met hierdie navorsing word werkswinkels aangebied wat uit vier sessies van een uur elk oor 'n tydperk van vier weke bestaan. Werkkaarte (vraelyste) word tydens die werkswinkels gebruik om inligting te struktureer en ouers te help met die toepassing van die inligting. Die werkswinkels sal poog om ouers te bemagtig om rou en verlies by hulle jong kinders te hanteer en om gepaste steun aan die kind te bied om sodoende gesonde aanpassing te verseker. Na 'n werkswinkel sal ouers gevra word om enige veranderinge in hulle eie gedrag en persepsie van rou en verlies by hulle jong kind aan te meld, sowel as veranderinge by die kind nadat van die aktiwiteite en inligting toegepas is.

4.3.2 Data-insameling

4.3.2.1 Metode

4.3.2.1.1 Informele gesprekke:

Deurgaans is met respondente gesprek gevoer, inligting ingesamel en nuwe of onduidelike inligting vanaf die werkkaarte (vraelyste) is geverifieer.

4.3.2.1.2 Werkswinkels: Inhoud

Sessie 1:

1. Inleiding

Rou en verlies is deel van die lewe. Dit is 'n natuurlike reaksie by versorgers om kinders teen pyn te wil beskerm – veral in die Westerse samelewing, waar dood deesdae meestal in isolasie plaasvind, en waar pyn en probleme, sover dit moontlik is, privaat gehou word. Dit is egter so dat almal een of ander tyd met rou en verliese

te make sal kry. Wanneer 'n kind gehelp kan word om rou en verlies gepas te hanteer, sal dit 'n belangrike lewensles wees wat hom/haar nog baie deur die lewe sal help. Soos Goldman (2000:13) dit stel: *“Life is a process of loss, change, and growth. Understanding loss issues can make them more predictable and therefore less frightening.”*

2. Relasies en tipes verliese

“(Grief) is the price people pay for love and commitment to one another” (Hooyman & Kramer, 2006:2). Persone rou weens die verlies aan iets of iemand met wie daar 'n noue verbintenis was. Daarom kan ons sê dat rou en verlies uit verhoudings ontstaan – met ander, die omgewing en ook met die self.

Goldman (2000) verdeel tipes verliese soos volg:

- Verhoudings – deur die dood van 'n persoon of dier, die afwesigheid van 'n onderwyser, ouer of vriend of die onbeskikbaarheid van 'n ouer weens byvoorbeeld egskeiding, gevangenisstraf of dwelmmisbruik.
- Die omgewing – hierdie tipe verlies kan plaasvind as gevolg van natuurrampe, soos vloede en orkane, of deur verhuising, verandering en verwisseling van skool, veranderinge in die familiestruktuur, of deur van die gesin geskei te word.
- Vaardighede – voorbeelde van verlies van vaardighede is wanneer 'n kind teruggehou word in die skool, nie vir sportspanne gekies word nie, oorgewig is, siek of fisiek gestrem is en ontwikkelingsverskille toon in vergelyking met hulle portuurgroep, soos disleksie en aandagafleibaarheid.
- Verlies van 'n toekoms of beskerming deur volwassenes – hierdie tipe verlies kom voor wanneer kinders rolmodelle verloor, vrees dat die skool (en selfs die wêreld) onveilig is, 'n gebrek aan motivering vir skool toon en probeer om probleme met geweld op te los.
- Eksterne objekte – dit vind plaas deur die verlies van 'n gunsteling speelding of 'n objek soos 'n kombes. Verlies as gevolg van roof en diefstal, asook wanneer die kind verdwaal of verlore raak, kan hierby ingesluit word.
- Die self – dit gaan gepaard met die verlies van 'n liggaamsdeel, soos 'n tand wat gewissel word, of, in ernstiger gevalle, 'n ledemaat. Die verlies aan

selfwaarde vind plaas weens fisiese, seksuele en emosionele mishandeling en misbruik, of deur verwaarlosing.

- Gewoontes – dit is wanneer die kind van gewoontes moet afsien, soos duimsuig en om naels te byt, veranderinge in die daaglikse roetine en eetpatrone.

Wanneer verlies ervaar word, kan die gevolge daarvan verdere verliese veroorsaak. Daarom praat ons van die oorspronklike verlies as die primêre verlies (byvoorbeeld 'n egskeiding) en sekondêre verlies is die verliese wat daarop volg (byvoorbeeld verlies aan aandag, onsekerheid, skeiding van een ouer, verandering in roetine, reëls en tradisies, ensovoorts).

3. Ontwikkelingsfase van die jong kind en rou en verlies

Volwassenes weet die dood is permanent, onafwendbaar, universeel en dat alle liggaamsfunksies staak. Vir jong kinders is dood omkeerbaar, hulle besef nie dit gaan hulle en hulle geliefdes ook tref nie (universeel), hulle dink sommige liggaamsfunksies gaan voort en dat hulle met goeie gedrag of towerkrag die dood kan afweer of omkeer. Baie van hierdie siening van die dood is ook van toepassing op hoe kinders verlies beskou en ervaar.

Tabel 7: Pre-operasionele fase: Piaget

Periode en ouderdom	Eienskappe	Begrip van dood
Pre-operasioneel 2-7 jaar	<ul style="list-style-type: none"> • Egosentries – kan nie 'n ander standpunt insien nie • Onderskei nie tussen lewende en nie-lewende objekte nie • Die verbeelding begin ontwikkel • Begin met simboliese gedagtes 	<ul style="list-style-type: none"> • Tydelik, gedeeltelik en omkeerbaar • Sommige funksies kan voortgaan • Dink sy/haar aksies of denke kon die dood veroorsaak en voel skuldig daarvoor • Dink dood is soos slaap en donker

Tabel 8: Psigososiale fases van die jong kind: Erikson

Ouderdom	Psigososiale fase	Implikasie vir rou en verlies
1-3	<p>Vroeë kind: outonomie teenoor skaamte en twyfel</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Stryd tussen selftwyfel en selfvertroue. • Die kind moet eksperimenteer, fouteer en grense toets. Ouers wat afhanklikheid aanmoedig inhibeer die kind. 	<p>Kinders se outonomie kan geïnhibeer word weens hulle ervaring met skeiding (rou en verlies), wat onsekerheid meebring. Dit beteken kinders in hierdie fase kan dalk meer afhanklik wees en minder bereid wees om te ondersoek en eksperimenteer. Die kind kan ondersteun word en, met die herstel van die orde en balans, die ontwikkelingstaak suksesvol afhandel.</p>
3-6	<p>Voorskools: inisiatief teenoor skuld</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Sin van inisiatief en vaardigheid moet ontwikkel. Dit kan gebeur wanneer kinders betekenisvolle aktiwiteite kies en dit help met 'n positiewe selfbeskouing. • Kinders wat nie besluite mag neem nie, ontwikkel skuldgevoelens oor hulle eie inisiatief. Hulle laat ander toe om keuses vir hulle te maak. 	<p>Skuldgevoelens kan ontstaan oor die dood of verlies, omdat kinders verantwoordelik kan voel vir die verlies. Dit gebeur juis ook weens inisiatief, want hier beskik kinders oor 'n lewendige verbeelding. Hulle kan ook skuldig voel oor hulle pogings (inisiatief) nie die situasie verander nie. 'n Kind wat teruggetrokke raak en nie besluite na 'n verlies wil neem nie, benodig hulp en ondersteuning.</p>
6-12	<p>Skoolgaande: industrie teenoor minderwaardigheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kinders se begrip van die wêreld moet uitbrei, hulle geslags-identiteit moet steeds 	<p>Kinders wat industrie (werksvaardigheid) moet ontwikkel kan geïnhibeer word om dit te doen weens 'n sterfte of verlies en die gepaardgaande roureaksies. Rou en verlies kan</p>

Ouderdom	Psigososiale fase	Implikasie vir rou en verlies
	<p>ontwikkel en hulle leer die basiese vaardighede vir sukses op skool.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Sin vir industrie moet ontwikkel, wat beteken hulle moet persoonlike doelwitte stel en bereik. As dit nie gebeur nie, ontwikkel 'n gevoel van ontoereikendheid. 	<p>veroorzaak dat hulle nie op werk kan konsentreer en opdragte voltooi soos hulle graag sou wou nie. Behalwe vir die pyn van rou en verlies kan die kind hier dus 'n gevoel van onbekwaamheid en minderwaardigheid ontwikkel. Die kind se begrip dat die roureaksies normaal en tydelik is, sal die versekering gee dat daar niks met sy / haar werksvermoë en vaardighede skort nie.</p>

Sessie 2:

1. Inleiding

Kinders kan werklik rou wanneer hulle tussen 3½ en 4 jaar oud is (Sciarra, 2004). 'n Volwasse begrip van die dood sal wees dat dit onomkeerbaar en universeel is, en dat alle liggaamsfunksies eindig. Hierdie begrip is min of meer teen sewejarige ouderdom by die meeste kinders gevorm (Andrews & Marotta, 2005). Die jong kind is in die kwesbaarste ouderdomsgroep wat rou en verlies betref, want hierdie kinders beskik oor die minste hulpbronne (Christ, 2000; Hooyman & Kramer, 2006). Daarom benodig hulle ons hulp en steun soveel meer.

2. Hoe lyk die jong kind wat rou?

- Vir die jong kind is situasies tydelik en omkeerbaar (dus ook dood en ander verliese) (NASP, 2003; Sims, 2005).
- Jong kinders glo in towerkrag en dat hulle gedagtes iets kan laat gebeur – soos om die verlies te veroorsaak of om te keer (Altman Klein & Staley, 2000).
- Self-blaam en skuldgevoelens kan voorkom omdat jong kinders glo hulle blote gedagtes kan iets laat gebeur. Kinders in hierdie fase verpersoonlik alles en

kan dink iemand is dood of weg, of die verlies is deur hul toedoen veroorsaak (Altman Klein & Staley, 2000).

- Omdat die verlies tydelik is, kan hulle wag vir iemand of iets om terug te keer. Vae terme soos dat 'n geliefde "verloor" is versterk hierdie idee. Iets wat verlore is kan mos weer gevind word. Jong kinders kan ook die dood sien as 'n vorm van slaap of 'n reis, wat vrese vir slaap kan ontlok (Altman Klein & Staley, 2000).
- Nagmerries kan voorkom, veral as die kind nie bedags die kans kry om te rou nie. Dan sal die rougevoelens snags in drome tot uiting kom.
- Jong kinders kan onaangeraak lyk. Gevoelens kan ook met rukke verdwyn, wat hulle kans gee om te speel en droom. Jong kinders rou in episodes, want hulle kan nie die hartseer gevoelens vir lang periodes verduur nie (Brodkin, 2004). Spel help ook jong kinders om gevoelens deur te werk en om beheer daaroor te kry (Goldman, 2000).
- Kinders kan van 6 jaar af 'n ewigheidsbegrip hê. Hulle sien die dood as iets tasbaar en fisies, en kan dit selfs personifiseer as iemand wat slagoffers jaag en vang (Hooyman & Kramer, 2006). Dit ontlok natuurlik vrees en angs.
- Op sesjarige ouderdom kan kinders nog nie hulle emosies goed beheer nie. Hulle toon sterk emosies, maar kan makliker aggressie en woede wys (Hooyman & Kramer, 2006).
- Jong kinders praat makliker oor die verlies en wys emosies openlik. Hulle sal maklik noem dat hulle met die oorledene praat (Hooyman & Kramer, 2006). (Hierdie punt is natuurlik waar wanneer die gesprek toegelaat word, of wanneer die kind die omgewing as veilig sien om dit te doen. Ongelukkig word gesprek oor 'n verlies dikwels verbied).
- Skeidingsangs kan voorkom en die kind kan weier om selfs vir klein periodes alleen gelaat te word – dikwels weens irrasionele vrese, soos dat die ander ouer ook sal verdwyn of sterf of die kind verlaat.
- Jong kinders kan met nie-verbale gedrag uitdrukking aan emosie gee. Daarom is fisiese klagtes algemeen en dit kan, onder andere, die volgende insluit: angs, vrees, geïrriteerdheid, woede, rusteloosheid (kan nie stilsit nie), slapeloosheid, 'n gebrek aan eetlus of weiering om te eet, ensovoorts.

- Kinders is baie bewus van die volwassenes se emosies en kan voel dat hulle die oorsaak daarvan is, wat bydra tot verdere skuldgevoelens. Daarom is dit so belangrik dat eerlik en openlik oor gevoelens en ervarings gepraat word (Galanos, 2007; Kübler-Ross, 1983).
- Kinders probeer in hulle ontwikkelingsfases sin maak van hulle wêreld (Doka, 1995). Daarom kan in 'n ander ontwikkelingsfase, wanneer die kind meer begrip het oor die verlies, weer daarvoor gerou word (Hooyman & Kramer, 2006).
- Die gedrag van die oorledene kan nagmaak word.
- Die verhaal van die verlies kan oor en oor vertel word.
- Jong kinders kan na die oorledene in die teenswoordige tyd verwys.
- Die kind kan onttrek en a-sosiaal word.
- Hulle kan sukkel om te konsentreer en vlietende gedagtes hê. Daarom kan hulle sukkel om te luister en op een taak te fokus.
- Ongeorganiseerdheid kom voor by die jong kind wat rou en verlies ervaar.

3. Roufases

Die rouproses bestaan uit vier fases:

Fase 1 – gevoelloos (skok en ontkenning) – ontken die verlies

Fase 2 – hunkering (soeke en verlange) – smag daarna dat die oorledene moet terugkeer

Fase 3 – gedisorganiseerd en wanhopig (disorganisasie en smart) – die persoon vind dit moeilik om te funksioneer

Fase 4 – georganiseerde gedrag (herbouing en heling) – die persoon se lewe begin weer normaal voortgaan (Worden, 1982, Eberling en Eberling (in Goldman, 2000)

Elisabeth Kübler-Ross se fases van rou stem grootliks met dié van Worden ooreen.

Sy onderskei die volgende roufases:

- Ontkenning
- Woede
- Onderhandeling
- Hartseer en terneergedruktheid
- Aanvaarding

Bogenoemde fases is nie rigied nie, maar uitruilbaar, en vind voortdurend vir 'n tydperk plaas.

4. Routake

Daar is vier routake wat deurgewerk moet word om balans te herstel en die rouproses te voltooi (Worden 1982):

Taak 1: Aanvaar die werklikheid van die verlies

Daar is altyd 'n gevoel van onwerklikheid. Die kind moet begryp dat die geliefde weg is en nie gaan terugkeer nie – dit is permanent.

Taak 2: Ervaar pyn of rou

Pyn sal nie deur alle persone met dieselfde intensiteit beleef word nie, maar om deur pyn te werk is noodsaaklik op die weg na genesing.

Taak 3: Pas aan in 'n omgewing waarin die oorledene afwesig is

Hoe dit bereik sal word sal bepaal word deur die rol wat die oorledene in die persoon se lewe vervul het. Die verhouding met die persoon wat gesterf het moet verander van interaksie tot herinneringe. Belangrike aspekte van die geliefde word opgeneem in die kind se eie selfidentiteit.

Taak 4: Om emosie en energie te onttrek en in 'n ander verhouding te herbelê

Mense is geneig om aan vorige verbindings vas te hou, in stede daarvan om nuwes te vorm.

Goldman (2000) vereenvoudig die route selfs verder:

Taak 1: Begrip

Die kind moet verstaan wat gebeur het. Met dood moet hulle beseft dat die liggaam opgehou werk het. Onthou dat kinders die dood verskillend sien volgens hulle ontwikkelingsfases, en dat dit hulle ervarings van rou ook sal affekteer.

Taak 2: Rou

Woede en die dood moet hanteer word. Kinders se rou is 'n proses wat tot in adolessensie kan voortgaan.

Taak 3: Herdenking of viering

Die kind moet maniere vind waarop dit wat verlore is onthou kan word. Dit kan op formele wyse geskied, soos deur 'n herinneringstuin, 'n herinneringsdiens of 'n gedenkplaat. Op informele wyse kan byvoorbeeld 'n plakboek gemaak of 'n boom geplant word.

Taak 4: Om aan te gaan

Kinders begin weer die lewe geniet. Hulle is weer gereed vir deelname en kan van die skuldgevoelens laat vaar, wat met 'n gevoel van verligting gepaard kan gaan. Dit beteken nie dat die verlies vergete is nie.

Die navorser is van mening dat die bogenoemde faktore ook belangrik is vir die kind se aanvaarding van enige verlies, en wel soos volg:

- Die kind moet die verlies kan begryp. Hy moet verstaan wat hy verloor het en waarom.
- Emosionele reaksies op die verlies moet beleef word, byvoorbeeld die kind moet kan hoor dat sy optrede geregverdig is, soos wanneer hy / sy huil of kla van simptome soos moegheid. Hierdie gevoelens moet as geldig verklaar word in die lig van die verlies.

- Die rouproses as gevolg van die verlies moet deurloop word, naamlik om te ontken dat dit gebeur, om kwaad te voel oor die verlies, om pyn te voel weens die verlies (hartseer / terneergedruktheid) en om dit uiteindelik te aanvaar.
- Die hersamestelling van die gesin – die kind benodig die steun van die gesin na 'n verlies, en die sekuriteit dat die veilige gesinsomgewing sover moontlik sal terugkeer na normaal na die verlies.

Sessie 3:

1. Inleiding

Hierdie sessie is gemik op die rol van die ouer: wat kan gedoen word om die jong kind wat verlies ervaar of rou te ondersteun? Dit is ook dikwels vir persone wat die nuus moet oordra van een of ander verlies baie moeilik om dit wel te doen, want wat sê mens? Met hierdie sessie gaan gepoog word om ouers en versorgers te bemagtig en gereedskap te gee om die volgende verlies by die jong kind met vertroue aan te pak. Hopelik kan van hierdie inligting ook op vorige verliese toegepas word om sodoende van die negatiewe effekte daarvan te help opklaar.

2. Die oordra van slegte nuus aan die jong kind

Die persoon wat die nuus van 'n verlies aan die jong kind moet oordra, is dikwels die ouers of 'n ander familielid. Die volgende riglyne word deur Jewett (1994) gegee om belangrike inligting aan die jong kind oor te dra:

- Iemand (noem die naam) sal vir jou sorg. (As dit nie die persoon is wat die boodskap gaan oordra nie, gaan voort met die volgende...) Dit gaan nie ek wees nie, maar ek sal by jou bly tot (naam) hier is om jou veilig te hou.
- Dit was nie jou skuld nie. Dit was nie oor jy enigsins stout was of ongeliefd is nie. Daar is niks wat jy kon doen, of kan doen, om dit te verander nie.
- Dit is reg en goed as jy weet wat gebeur het, as jy daarvoor wil dink en wil probeer om dit te verstaan.
- Jy kan jou eie gevoelens hê oor wat gebeur het. Jy voel dalk anders as ander mense, selfs as dié saam met wie jy bly. Niemand het die reg om vir jou te sê hoe jy voel of hoe jy moet voel nie.

- Jy mag soveel tyd neem soos wat jy wil om te probeer verstaan en om jou gevoelens te hê. Jy hoef nie gou te maak of voor te gee dat jy nie dink of voel soos jy doen nie.

3. Die ouer of versorger se rol

“There are two choices when a loved one dies – to live in grief, remorse, and guilt covered thinly by a façade; or to face those feelings, work them through, and emerge with an acceptance of death and a commitment to living” (Edith Mize, soos opgeneem in Kübler-Ross, 1975:97).

Volgens Brown (1999), Hooyman en Kramer (2006), Andrews en Marotta (2005), Lindsay en Elsegood (1996), Altman Klein en Staley (2000), Brodtkin (2004) en Goldman (2000) kan ouers die volgende doen om kinders te help ten tyde van ‘n verlies:

Tabel 9: Opsomming van riglyne en die gevolge van die toepassing daarvan

Wat om te doen	Gevolg
Hou die huislike omgewing en roetine onveranderd.	Minder angstigheid.
Stel die kind gerus dat wat gebeur het nie sy / haar skuld was nie.	Rou word nie deur skuldgevoelens bemoeilik nie.
Moedig die kind aan om openlik emosie te wys en ondersteun hom / haar. Om emosies te identifiseer en te benoem is baie belangrik.	Die kind leer dit is normaal en aanvaarbaar om hartseer te wees en dit te wys. Met die benoeming van emosies word dit eintlik as geldig verklaar. Sodoende verminder die pyn omdat die gevoel openbaar gemaak is.
Die versorger moet sy / haar eie smart wys en gevoelens met die kind deel, want dit gee die kind toestemming om dieselfde te doen. Te veel emosie wek vrees by die kind, maar ‘n middeweg moet gevind word waar die versorger emosie kan wys en steeds die kind kan ondersteun.	Dit versterk die idee dat rou normaal is, en die smart word gedeel, wat goed is vir die ouer-kind verhouding. ‘n Versorger wat emosie probeer wegsteek en nie openlik rou nie maak die kind onseker. As die kind kan sien die versorger is hartseer en dat dit iewers weer ophou, vervolg op bl 83

Wat om te doen	Gevolg
	en kan hoor wat volwassenes doen om beter te voel, kan die voorbeeld nagevolg word.
Genoeg ouderdomstoepaslike inligting oor wat gebeur het, en antwoorde op die kind se vrae. Hulle moet die geleentheid gegun word om vrae te vra.	Kinders hoef nie die gapings in inligting te probeer vul met hulle eie onrealistiese verbeelding en interpretasie nie.
Laat die kind toe om oor die verlies te praat en gelukkiger dae te koester, ook om besittings van die oorledene te hou.	Dikwels beskou kinders 'n besitting van iemand wat weg is deur hulle hele lewe as 'n "skat" en 'n manier om kontak met die persoon wat weg is te behou. Om oor die verlede te praat word die kind se huidige emosies bevestig en geldig verklaar: die verlies is werklik.
Fisiese kontak – veral vir jong kinders.	'n Gevoel van veiligheid en die versekering van liefde in 'n baie deurmekaar wêreld.
Laat die kind die rigtingwyser wees. As hy / sy rougevoelens met spel onderbreek, of selfs gelukkig blyk te wees, is dit in orde so.	Kinders rou in sarsies omdat die oorweldigende emosie te veel is om langdurig deur te maak. As kinders so kan rou sonder om skuldig te voel daarvoor, is dit goed vir hulle.
Die geleentheid om afskeid te neem en te groet (waar moontlik).	As kinders vooraf goed voorberei is op die afskeid kan hulle dit makliker begryp en verwerk. Hulle kan ook veiliger voel, want traumatiese gebeure word nie onverwags op hulle losgelaat nie. Hulle kan besef die verlies is nie weens verwerping nie.
Kommunikeer openlik en eerlik en moenie inligting weerhou nie.	Kinders se reaksie word beïnvloed deur hulle begrip van die oorsake en gevolge van die verlies. Wanneer kinders uitgesluit word van gesprekke oor rou en verlies kry hulle die indruk dat die onderwerp taboe is en dit lei tot rou in isolasie.
Kinders kan verseker word dat hulle sterk is en dat die verwagting bestaan dat hulle nog lank sal leef.	Vrese oor die kind of die ouer se welsyn word so aangespreek. Dit kan byvoorbeeld help met skeidingsvrees.

Wat om te doen	Gevolg
<p>Wees bewus van rousnellers (“grief triggers”). Dit is wanneer spesiale dae soos verjaardae, Kersfees, vakansies of sekere mylpale weer as sneller kan dien wat roureaksies aan die gang sit.</p>	<p>Versorgers is voorbereid en kan die kind toepaslik ondersteun.</p>
<p>Abstrakte taalgebruik moet vermy word. Jong kinders is baie letterlik. Daarom kan byvoorbeeld ‘n vrees om te gaan slaap ontstaan as na die dood as “slaap” verwys word, of die kind kan dink iemand wat “weg” is kan weer gevind word. Hou verduidelikings eenvoudig in taal wat die kind kan verstaan.</p>	<p>Misverstande, wanbegrip en onsekerheid word uitgeskakel.</p>
<p>Sluit kinders in by rituele. Die ouer se natuurlike reaksie is om die kind te probeer beskerm, maar rituele is eintlik van waarde vir die kind. Laat die keuse egter, na deeglike oorweging en verduideliking, by die kind. Moenie die kind dwing nie. Rituele kan ook gebruik word om ‘n lewe of gebeurtenis te vier of te gedenk. Dink byvoorbeeld aan die plant van ‘n boom, om ‘n prent te teken en op die kis te plaas, ‘n kers aan te steek, ensovoorts.</p>	<p>Die kind voel dat hy / sy deel is van die familie in die tydperk van verlies, dat die gevoelens geldig is en dat daar ‘n geleentheid is om afskeid te neem.</p>
<p>Gee kinders takies om te verrig, maak hulle verantwoordelik vir iets – volgens hul ouderdom.</p>	<p>Dit skakel van die onsekerheid uit en laat die kind voel hy / sy kan darem iets doen om te help en saam aan die las te dra.</p>
<p>Die oorblywende ouer is die anker wat die kind beskerm teen die effekte van die tragedie binne die gesin. Hierdie ouer kan die kind help om die verlies te integreer en ‘n nuwe wêreldsiening te vorm, waarvan die verlies deel uitmaak.</p>	<p>Die negatiewe effekte kan tot ‘n groot mate verminder word.</p>
<p>In egskeiding is die belangrikste dat die ouers ordentlik teenoor mekaar optree,vervolg op bl 85</p>	<p>Deur samewerking tussen ouers kan die verlies van egskeiding makliker deur die kind verwerk word.</p>

Wat om te doen	Gevolg
<p>beide ouers moet maklik deur die kind bereik kan word, beseft dat woede waarskynlik deel sal wees van die kind se optrede, en dat hierdie reaksie verkort kan word as die kind sien die ouers werk steeds saam en hy/sy hoef nie te kies tussen hulle nie.</p>	
<p>Tydens 'n begrafnis: Voor en na die diens moet 'n bekende volwassene by die kind wees om deurgaans te verduidelik wat gebeur en om vrae te beantwoord.</p>	<p>Skakel so vrae, wanpersepsies en onsekerhede uit en hanteer emosies wat ontstaan.</p>
<p>Moenie fokus daarop om "te laat gaan" nie, maar eerder om betekenis daarin te vind en die verlies te integreer en deel te maak van die gesin se lewe.</p>	<p>Die negatiewe langtermyn effekte van rou en verlies word verminder.</p>
<p>Indien die ouer self sodanig deur die krisis geraak word dat dit moeilik is om aan die kind voldoende ondersteuning te bied, moet 'n ander persoon, wat die kind goed ken en vertrou, betrek word om dié rol te vervul.</p>	<p>Die kind is altyd verseker van steun en sekuriteit, wat help om die verlies hanteerbaar te maak.</p>

Goldman (2000:53) som dit wat kinders in krisistye benodig oulik op met die volgende woorde:

- Let kids know
- Let kids talk
- Let kids participate
- Let kids be unique

Sessie 4:

1. Inleiding

In rou en verlies is dit in die jong kind se beste belang as die ouer en die skool, in die besonder die klasonderwyser, 'n vennootskap vorm sodat die kind die beste steun moontlik kan ontvang. Ongelukkig is dit dikwels so dat die skool min inligting kry, en dat daar dikwels onsekerheid is oor wat personeel kan doen en hoe die kind ondersteun behoort te word.

2. Die ouer en die skool

Deur 'n vennootskap met die skool te vorm, kan die kind beter steun geniet, want die kind is deel van 'n ekosisteem, wat die skool, die kind, die familie en portuur insluit. Die volgende voorstelle kan gebruik word vir steun aan die kind in die skool:

- Terugkeer na die skool na 'n verlies is dikwels vir die kind problematies. Steun aan die kind sal meer effektief wees as ouers oor die kind se behoeftes met die onderwyser kommunikeer (Reid, 2002; Holland, 2008).
- Wanneer iemand wat 'n verlies ervaar het terugkeer skool toe, behoort die klasmaats gereed gemaak te word daarvoor, en gehelp word om op gepaste wyse te reageer (Holland, 2008). Die onderwyser speel 'n groot rol hierin, maar ook die ouer, wat die onderwyser op die kind se terugkeer moet voorberei en behoeftes moet bespreek.
- Onderwysers kan meer algemene verliese, soos die dood van troeteldiere, gebruik om jong kinders oor die dood en verlies te onderrig en voor te berei. So kan 'n klein diertjie op die terrein byvoorbeeld begrawe word, met seisoene kan dooie plante ondersoek word en 'n klasboek ter nagedagtenis aan 'n kind se troeteldier kan gemaak word. Hierdeur kan die onderwyser 'n belangrike rolmodel vir die kind word in die hantering van rou en verlies. Dit is egter belangrik dat die ouer die onderwyser bewus moet maak van die moontlikheid, indien dit nie reeds gebruik word nie, asook om die skool in te lig oor, byvoorbeeld, die verlies van 'n troeteldier.

- Bespreek jou kind se simptome van rou en verlies met die onderwyser. Dit is baie ondersteunend as onderwysers kan wys dat optrede wat met rou gepaard gaan, soos deurmekaar gedagtes, onnodige foute en skielike emosionele reaksies, verstaanbaar en aanvaarbaar is.
- Vra die onderwyser om met die kind oor die verlies te gesels. Deur stil te bly daarvoor kan die leerder voel die verlies is onbelangrik en word nie geag nie, of dat hy/sy nie by die skool daarvoor mag praat nie. 'n Eenvoudige, eerlike opmerking is al wat nodig is. As die onderwyser die ouer se toestemming hieroor het, kan dit moontlik ongemak oor die onderwerp help verlig.
- Gee die nodige besonderhede wat met die skool en maats gedeel kan word deur, en versoek die skool en onderwysers om eerlik met die kinders binne die perke van wat deurgegee is te gesels. Die behoefte om te weet wat aangaan by die kind se maats word so bevredig.
- Vra die onderwyser om roetine, dissipline en hoë verwagtings te behou. Vir baie kinders wat 'n dood of verlies moet verwerk is die skool 'n plek van stabiliteit in 'n lewe van chaos.

Goldman (2000) doen die volgende voorstelle aan die hand vir die ondersteuning van die kind wat rou en verlies beleef in die klaskamer. Dit kan met die onderwyser bespreek word en so prakties moontlik toegepas word:

- Help die kind om 'n volwassene in die skool kies met wie hy / sy kan praat.
- Kies 'n veilige plek in die skool waarheen die kind kan gaan.
- Laat die kind toe om huis toe te bel, want kinders wat rou is bekommerd oor die welstand van hulle ouers.
- Wys 'n helper in die klas aan wat die kind kan ondersteun.
- Gee meer vorderingsverslae.
- Pas van die werkopdragte aan. 'n Kind kan byvoorbeeld ongemak beleef met moedersdag as sy moeder gesterf het. Dit laat die kind ongemaklik en emosioneel. Deur te sê moedersdagkaartjies word gemaak vir jou ma – of jy haar ken of nie, of sy lewe en of sy dood is, word enige ongemak rondom die situasie uitgesorteer. Om dit te kan doen, moet die onderwyser bewus wees van die verliese wat die kind al ervaar het.

- Lig ander personeel en relevante persone, soos maats se ouers, in van die verlies. Besonderhede oor kinders se verliese kan op hulle skoolkaarte ingevul word en die onderwysers kan dit, saam met ander inligting, jaarliks opdateer.
- Die onderwyser het natuurlik veral 'n belangrike rol om te speel binne skoolverband. Dit is die persoon wat die meeste met die kind in kontak is en enige veranderinge in gedrag, akademie, sosialisering, ontwikkeling, ensovoorts, gou kan opmerk. Dit is ook die onderwyser, wat veral vir jong kinders dikwels 'n baie belangrike en geliefde persoon is, wat kan intree in tye van nood en ondersteuning bied waar dit nie vir die ouer wat ook rou onmiddellik moontlik is nie (Wood, 2008; Hooyman & Kramer, 2006; Holland, 2008). Andrews en Marotta (2005) wys daarop dat baie kinders kort na 'n verlies skeidingsangs beleef. Dit kan ontloot word deur slegs vir vyf minute met 'n onderwyser te praat.

Kinders kan terugkeer na hulle verliese en weer daarvoor rou in ander ontwikkelingsfases, en selfs tot in volwassenheid (Hooyman & Kramer, 2006; Goldman, 2000; Black, 2005; Branch & Brinson, 2007). Alle persone wat die kind begelei en ondersteun behoort hiervan bewus te wees. Dit beteken dat die tydperk van rou vir 'n kind baie lank kan wees (Cohen et al, 2006), met tussenposes waartydens die rou en verlies skynbaar verwerk is. Dink byvoorbeeld aan die dogter wat haar vader reeds as jong kind verloor het. Wanneer sy op trou staan, kan die verlies weer voorop staan, omdat sy skielik intens bewus word van haar pa wat nie saam met haar by die kerk sal inkom of enigsins op haar troue sal wees nie.

3. Wanneer is professionele hulp nodig?

Christ (2000) meen 'n professionele evaluasie is nodig met die volgende simptome:

Tabel 10: Wanneer is professionel hulp nodig

3-5 jaar	6-8 jaar
<ul style="list-style-type: none"> • Kan 6 weke na die verlies nog nie sorgvry speel nie • Voortdurende klouerigheid, nagmerries, vrese • Geïrriteerdheid en erge hartseer na 2 of 3 maande • Skeidingsvrees wat voortduur en die kind vaar sleg in die kleuterskool • 'n Voortdurende behepthed met dood en wense om by die oorledene aan te sluit • Voortdurende regressie in slaap-, eet- en toiletgewoontes 	<p>As die volgende simptome na maande voortduur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Angs • Depressie • Skuldgevoelens • Swak selfbeeld • Selfmoordgedagtes • Skeidingsvrees (na 6 maande)

4.3.2.1.3 Werkkaarte

Vervolgens word voorbeelde van die werkkaarte vir elke sessie gegee soos dit gebruik is. Na elke sessie se werkkaart word die kommentaar apart aangedui. Die volgende vorms is gebruik:

- Inskrywingsvorm
- Werkkaarte: Sessie 1 tot Sessie 4
- Evaluasie vorm

Inskrywing:

WERKSWINKEL INSKRYWINGSVORM

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

LET WEL: ALLE INLIGTING WORD VERTROULIK HANTEER

Naam: _____ Datum: _____

Geslag: _____

Geboortedatum: _____

Beroep: _____

Huwelikstatus: _____

Beroep van die ander ouer / versorger (indien van toepassing):

Opleiding:

Hoogste standaard / graad geslaag: _____

Verdere opleiding: _____

_____Verhouding tot die kind, bv. ouer, grootouer, pleegouer, tante, ens.
_____Waarom wil jy die werksinkels bywoon?

Sessie 1: Relasies en tipes verlies

Ontwikkelingsfase van die jong kind en rou en verlies

Naam: _____

Datum: _____

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Sessie 1: Tipes verlies en ontwikkeling

1. Wat is jou gevoelens, vrae en gewaarwordinge van rou en verlies by jou jong kind?

2. Met die kennis van tipes verliese, watter verliese het jou kind al ervaar?

Tipe verlies	Ouderdom van kind	Datum

3. Die volgende vrae het betrekking op die ontwikkeling van die jong kind:

- 3.1 Beskryf die gedrag wat jy by jou kind waarneem in reaksie op rou en verlies.

3.2 Wat van hierdie gedrag in 3.1 stem ooreen met sy / haar ontwikkelingsvlak, soos bespreek?

3.3 Tot watter mate was jy bewus daarvan dat die gedrag wat jou kind openbaar met rou en verlies verband hou?

KOMMENTAAR OP SESSIE 1

1. Voorstelle:

2. Spesifieke vrae:

3. Wat was betekenisvol of van waarde:

Sessie 2: Die jong kind in rou

Roufases en routake

Naam: _____

Datum: _____

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Sessie 2: Roufases en routake

1. Watter van die kenmerke van rou en verlies by die jong kind kan by jou kind waargeneem word?

Tekens van rou en verlies by die jong kind

	X		X		X
Dood is omkeerbaar		Kom onaangeraak voor		Woede	
Towerkrag / fantasie, bv. dood is omkeerbaar		Spel met verlies as tema		Praat oor die verlies	
Self-blaam of skuld		Emosionele episodes		Fisiese klagtes	
Nagmerries		Vrees en angs		Skeidingsangs	
Wag vir iemand of iets om terug te kom		Aggressie		Verhaal van verlies word oor en oor vertel	
Maak gedrag van oorledene / afwesige persoon na		Verwys na wat verlore is in die teenswoordige tyd		Onttrek	
Sosialiseer nie / moeilik		Konsentrasieprobleme		Vlietende gedagtes	
Rusteloos, sit nie stil		Ongeorganiseerd		Praat met die oorledene of afwesige persoon	
Rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel		Ander: _____ _____		Ander: _____ _____	

2. Met die kennis van roufases, in watter fase is jou kind op die oomblik?

3. Watter van die roufases het jou kind moontlik reeds deurgegaan, en waarom sê jy so?

4. Routake

4.1. Met watter routaak is jou kind tans besig?

4.2. Wat kan jy moontlik doen om hom / haar in hierdie routaak te ondersteun? Dink aan iets prakties.

KOMMENTAAR OP SESSIE 2

1. Voorstelle:

2. Spesifieke vrae:

3. Wat was betekenisvol of van waarde:

Sessie 3: Die ouer of versorger se rol

Naam: _____

Datum: _____

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Sessie 3: Die ouer of versorger se rol

1. Met die nuwe inligting tot jou beskikking, wat kan jy nou prakties gebruik om jou kind in sy / haar besondere situasie van rou en verlies te help en ondersteun?

2. Wat sal jy nou anders doen?

3. Op watter wyse, indien enigsins van toepassing, het hierdie werkswinkels bygedra tot 'n verandering in jouself of die kind in jou sorg?

4. Dink jy daar bestaan 'n behoefte aan hierdie tipe werksinkels in die gemeenskap? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

5. Waarom dink jy is persone so huiwerig om hierdie tipes werksinkels by te woon?

6. Hierdie werksinkels het ten doel om ouers te bemagtig met betrekking tot rou en verlies by die jong kind.

6.1 Dink jy daar word in die doel geslaag, soos hierbo genoem? Verskaf asseblief redes vir jou antwoord.

6.2 Beantwoord slegs hierdie vraag indien jy nee geantwoord het by 6.1: Wat moet verander, of hoe kan die werksinkels na jou mening aangepas word om wel in die doel van die bemagtiging en toerusting van ouers te slaag?

KOMMENTAAR OP SESSIE 3

1. Voorstelle:

2. Spesifieke vrae:

3. Wat was betekenisvol of van waarde:

Sessie 4: Die ouer en die skool

Naam: _____

Datum: _____

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Sessie 4: Die ouer en die skool

1. Hoe het jy die skool betrek in julle besondere situasie van rou en verlies?

2. Watter aanpassings kan jy nou maak om die skool se ondersteuning van jou kind positief te gebruik?

3. Het jy enige negatiewe beleving van die skool se betrokkenheid by julle situasie van rou en verlies? (Beskryf asseblief)

4. Het jy enige positiewe beleving van die skool se betrokkenheid by julle situasie van rou en verlies? (Beskryf asseblief)

KOMMENTAAR OP SESSIE 4

1. Voorstelle:

2. Spesifieke vrae:

3. Wat was betekenisvol of van waarde:

Evaluasie

Naam: _____

Datum: _____

Tema: ROU EN VERLIES BY DIE JONG KIND

Evaluasie

1. Is daar na die werksinkels enige verandering in jou bewustheid, belewenis en persepsie van rou en verlies by jou jong kind?

2. Tot watter mate het jy die werksinkels as behulpsaam, prakties en toepaslik beskou?

3. Het jy inligting tuis toegepas?

Omkring: Ja / Nee

3.1 Indien jy hierbo “nee” geantwoord het, ignoreer dié vraag:

3.1.1 Watter effek het die toepassing van inligting van die werksinkels op jou kind, indien enige?

3.2 Indien jy hierbo “ja” geantwoord het, ignoreer dié vraag:

3.2.1 Wat het jou laat besluit om nie die inligting te gebruik nie?

3.2.2 Watter inligting of riglyne sal jy moontlik in die toekoms gebruik?

4. Dink jy die werksinkels slaag daarin om versorgers te bemagtig om rou en verlies by die jong kind te hanteer? Verskaf asseblief redes vir jou antwoord.

5. Is vier sessies voldoende, te min of te veel? Gee redes asseblief

6. Enige ander kommentaar of voorstelle?

4.3.3 Steekproef

Die navorser het ses kleuterskole in Oudtshoorn genader. Skoolhoofde is gevra om ouers te identifiseer met jong kinders van 2 tot 6 jaar wat onlangs 'n verlies ervaar het of rou. Daar is aangeneem dat onderwysers dikwels kennis dra van sulke gevalle, wat deur die hoofde bevestig is. Daar was egter oral tekens van onkunde oor rou en verlies, veral omdat onderwysers nie beseft dat kinders ook kan rou oor byvoorbeeld troeteldiere se dood, verhuising, verlies aan maats, ensovoorts. In een geval het die skoolhoof gesê dat daar beslis geen geskikte gevalle in haar skool is nie. Daar is natuurlik ook meer ernstige gevalle, soos met molestering en mishandeling, waarmee ouers en versorgers nie maklik vorendag sal kom nie, moontlik weens vrese vir etikettering en stigmatisering, asook weens die behoefte om die kind te beskerm, of om vervolging te keer. Dit was ook asof die onderwysers gereken het iets moet fout wees met die kind, of negatiewe gedrag moet geopenbaar word voor die geval geskik is. Dit versterk die gedagte dat onkunde oor rou en verlies bestaan.

Daar is 200 briewe by die skole uitgegee waarin inligting oor die werksinkels uiteengesit is en byna geen reaksie is ontvang nie. Een skoolhoof het gesê van die ouers was baie ontsteld oor die briewe wat uitgedeel is en wou weet of daar dan fout met die kinders is. Die ouers se reaksie is weereens 'n bevestiging van die geheimhouding rondom rou en verlies en die isolasie waarin kinders hulle pyn moet verwerk. Verdere studie oor hierdie tendens en die redes daarvoor sal interessant wees. Uit al die skole wat genader is het sewe ouers gereageer en aangedui dat hulle die werksinkels gaan bywoon. In die hoop om meer proefpersone te bereik is instansies soos maatskaplike dienste, kindersorg, KANSA en FAMSA genader. Die reaksie was swak. Dit blyk dat die kontakpersone nie 'n vinger verroer het om geskikte proefpersone op te spoor nie, behalwe in die geval van KANSA, waar een persoon geïdentifiseer is.

'n Verdere poging is aangewend om proefpersone uit die gemeenskap te betrek deur die plaaslike gemeenskapskoerant in Oudtshoorn, Die Hoorn, te nader vir 'n berig oor die werksinkels. Die berig het op Donderdag, 17 Desember 2009, verskyn. Hierop was die respons ook swak, met een persoon wat gereageer het. Talle het egter op

straat of in die verbygang gesê hulle wil die werksinkels bywoon, maar min het werklik aangemeld.

Uiteindelik het agt persone ingeskryf om die werksinkels by te woon. Een het na die eerste sessie, weens vervoerprobleme, onttrek. Die proefpersone is afkomstig van verskeie agtergronde, waaroor meer in die volgende hoofstuk uitgebrei sal word.

4.4. Interpretasie van die data

'n Induktiewe metode van inhoudsontleding is gevolg om die data te interpreteer. Hierdie metode verseker dat verskeie realiteite wat moontlik in die data teenwoordig is, geïdentifiseer kan word (Jansen, 2007). Volgens Nieuwenhuis (2007) word met hierdie metode gepoog om te bepaal hoe deelnemers (proefpersone) 'n spesifieke verskynsel verstaan deur hulle persepsies, houdings, begrip, kennis, waardes, gevoelens en ervarings te analiseer in 'n poging om deelnemers se persoonlike vertolking van die verskynsel te probeer verstaan en uitbeeld. Die hoof doelwit van die induktiewe metode van ontleding is om toe te laat dat navorsingsbevindings uit die herhalende, dominante of noemenswaardige temas vorendag kan kom sonder die beperkinge van 'n meer gestruktureerde teoretiese oriëntasie.

Data word geïnterpreteer deur die inligting van respondente met mekaar te vergelyk volgens wat op die werkkaarte weergegee is. Inligting van die informele onderhoude word gebruik om hierdie response aan te vul, om hipoteses te bevestig of weerlê, en om verbande raak te sien. Gevolgtrekkings rakende die sukses van die werksinkels en die toepaslikheid en bruikbaarheid van die riglyne word hoofsaaklik gemaak op grond van die terugvoer van respondente in die werkkaarte (vraelyste). Daar word na die agt respondente verwys volgens letters van die alfabet, van A tot G, om anonimiteit te verseker.

4.5. Etiese oorwegings

In hierdie kwalitatiewe studie is ouers en versorgers van jong kinders betrek. Gevolglik is daar etiese aspekte waaraan oorweging geskenk moet word. Die etiese oorwegings waaraan aandag geskenk is, is die volgende:

- **Werwing van deelnemers:** Geen respondente is gedwing of onder valse voorwendsels by die studie betrek nie. Onderwysers by skole het moontlike proefpersone genader, en diegene wat belangstelling getoon het is deur die navorser gekontak. Daar is ook 'n uitnodiging in 'n plaaslike koerant geplaas.
- **Ingeligte toestemming:** Volgens Berg (2007) beteken ingeligte toestemming dat individue bewustelik toestem om deel te neem aan 'n oefening van hul keuse, vry van enige elemente van bedrog, misleiding, of enige ander vorm van onregverdigheid of manipulasie. O'Leary (2004) voeg die volgende by die lys: deelnemers mag nie omgekoop word nie, moet bewus wees daarvan dat hulle enige tyd kan onttrek en hul moet outonoom wees, met ander woorde in staat om self oor deelname te besluit. Respondente is deeglik ingelig oor die navorsing en het 'n vorm onderteken waarin toestemming gegee word dat inligting wat tydens die navorsingsperiode bekom word gebruik mag word. Onderwysers het die respondente genader en toestemming is verkry om die insette van onderwysers te gebruik.
- **Konfidensialiteit en anonimiteit:** Konfidensialiteit is volgens Berg (2007) 'n aktiewe poging wat aangewend word om enige elemente uit die rekords te verwyder wat moontlik die respondente se identiteit kan openbaar. Anonimiteit het te make met die naamloosheid van die respondente. Deelnemers is verseker van die konfidensialiteit en anonimiteit van inligting. Hulle is verseker dat inligting op so 'n wyse aangewend sal word dat die respondente nie identifiseerbaar is nie. Dit is gedoen deur die respondente van A tot G te merk en daar word ook op hierdie wyse na respondente se terugvoer verwys.
- **Die reg tot privaatheid:** Die navorser het op geen stadium probeer om die private lewe van die respondente binne te dring of om meer persoonlik betrokke te raak by die gesinne as wat die studie vereis nie.
- **Beskerming teen benadeling:** Volgens O'Leary (2004) word hier na emosionele en sielkundige benadeling of skade verwys. Daar is seker

gemaak dat die riglyne wat aan ouers gegee is goed in die literatuur gestaaf is. Dus is dit nie lukrake gedagtes wat op kinders, wat reeds broos is weens verliese, toegepas moet word nie. Die doel van die werkswinkels is positief, en indien inligting toegepas word behoort die gevolge ook positief te wees. Ouers en versorgers is egter genooi om oor enige onsekerhede met die navorser kontak te maak in belang van die kind.

- **Eerlikheid in die weergawe van inligting en rapportering van bevindinge:** Alle inligting in hierdie studie is gebaseer op 'n deeglike literatuurstudie, en respondente se terugvoer in persoonlike gesprekke en vanaf vraelyste. Die weergawe is korrek en eerlik.
- **Misleiding van deelnemers:** Deelnemers is te alle tye op hoogte gehou en hulle is deurgaans aangemoedig om kritiek te lewer en terugvoer te gee oor hul beleving van die proses. Die respondente is in geen stadium mislei oor die doel van die studie, die inhoud, die proses of die uitkoms nie. Terugvoer sal ook persoonlik aan respondente gegee word rakende die bevindinge van hierdie studie.

4.6. Betroubaarheid

Om geloofwaardigheid van hierdie studie te verhoog is die volgende stappe geneem, soos aanbeveel in Nieuwenhuis (2007):

- Verskeie bronne vir data
Daar is gebruik gemaak van 'n breedvoerige literatuurstudie, onderhoude met ouers, vraelyste en gesprekke met onderwysers
- Verifiëring van rou data
Aangesien die groep klein was, is seker gemaak, op 'n persoonlike vlak, dat die inligting wat bekom is, korrek is. Rou data is dus meestal deur informele gesprekke en onderhoude geverifieer.
- Deelnemer insette
Insette oor die sukses, al dan nie, van die werkswinkel is direk van die respondente verkry deur middel van evaluasie vorms en direkte terugvoer in die groep.

- Verhoed vooroordeel
Die gebruik van vraelyste wat die navorsing en resultate moes rig, het bygedra tot die beperking van vooroordeel. Die terugvoer het immers direk van die respondente en onderwysers gekom en was in geskrewe formaat.
- Vermy veralgemening
Soos met 'n kwalitatiewe studie die oogmerk is om begrip vanuit die respondente se perspektief te vorm, is met hierdie studie gepoog om te begryp hoe ouers rou en verlies by die jong kind beleef en watter verskil 'n werkswinkel kan maak. Daar is gekyk na elke ouer in die groep se belewing, want almal se verliese en die hantering daarvan verskil. Sorg is gedra om hierdie verskille so te hou en te erken, eerder as om te poog om almal oor dieselfde kam te skeer.
- Behou konfidensialiteit en anonimiteit
Sorg is gedra om die anonimiteit van respondente te verseker. Die inligting van respondente word konfidensieel hanteer en daar is ingeligte toestemming tot deelname verkry – ook vir die gebruik van inligting.
- Lys beperkinge van die studie
Beperkinge van die studie is genoem (sien Hoofstuk 6). Dit behoort verdere studie oor die onderwerp te vergemaklik en kan ander lesers en studente help om 'n beter begrip van hierdie studie en die omvang daarvan te vorm.

4.7. Gevolgtrekking

Hoofstuk 4 is gewy aan 'n volledige bespreking van die navorsingsmetode wat gevolg word, met die inhoud van die werksinkels, etiese oorwegings en betroubaarheid, 'n beskrywing van die interpretasie van die data en die metode wat gevolg is om die steekproef saam te stel.

HOOFSTUK 5

BEVINDINGE EN DIE BESPREKING DAARVAN

Children have a great capacity for coping with difficult situations
if the adult recovery environment can provide them
with insight and understanding
- Atle Dyregrov (1991:7)

5.1. Inleiding

In Hoofstuk 5 word die inligting van die respondente, die tipes verliese wat ervaar word deur die proefpersone, sowel as terugvoer van elk van die werksinkelsessies, in diepte bespreek. Die terugvoer van ouers oor roustptome word met terugvoer van onderwysers vergelyk ten einde ooreenkomste en verskille uit te wys.

5.2. Demografiese besonderhede van respondente

Agt respondente het die werksinkels bygewoon, waarna een na sessie 1 onttrek het. Daar sal in die bespreking na respondente A tot H verwys word ten einde konfidensialiteit te verseker.

5.2.1 Respondent A

Geslag:	Manlik
Geboortedatum:	1973-11-08
Huwelikstatus:	Getroud
Beroep:	Polisiebeampte
Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Nasionale sertifikaat: Polisie
Kinders:	Twee dogters van 4 en 6 jaar
Verhouding tot die kind:	Vader
Rede vir bywoning:	Die ouma aan moederskant is sterwend aan kanker. Die dogtertjie is baie hartseer oor ouma.

5.2.2 Respondent B

Geslag:	Vroulik
Geboortedatum:	1974-02-27
Huwelikstatus:	Getroud
Beroep:	Mondhigiënis
Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Diploma in mondhygiëne
Kinders:	Een seun van 5 jaar
Verhouding tot die kind:	Moeder
Rede vir bywoning:	Die seun het 'n troeteldier verloor en het moontlik gehoorverlies na veelvuldige oorinfeksies

5.2.3 Respondent C

Geslag:	Vroulik
Geboortedatum:	1970-10-20
Huwelikstatus:	Getroud
Beroep:	Onderwyseres (ongeskik verklaar om te werk weens siekte)
Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Onderwysdiploma: Pre-primêr
Kinders:	Twee dogters van 6 en 9 jaar
Verhouding tot die kind:	Moeder
Rede vir bywoning:	Die moeder is 'n kankerpatiënt. Die kinders het die afgelope tyd baie met dood te doen gekry en familie weens kanker verloor. Die moeder se siekte – wat 'n hervatting van kanker is – is nou in die besonder traumaties.

5.2.4 Respondent D

Geslag:	Vroulik
Geboortedatum:	1953-11-05
Huwelikstatus:	Getroud
Beroep:	Tuisteskepper

Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Geen
Kinders:	Seun van 3 en dogter van 6
Verhouding tot die kind:	Grootouer - ouma
Rede vir bywoning:	Die kinders se pa is oorlede na 'n ongeluk en hulle is in die namiddag in die ouma se sorg

5.2.5 Respondent E

Geslag:	Vroulik
Geboortedatum:	1976-01-20
Huwelikstatus:	Ongetroud
Beroep:	Senior geboue opsigter
Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Geen
Kinders:	Een dogter van 6
Verhouding tot die kind:	Moeder
Rede vir bywoning:	Die dogter het onlangs 'n maat verloor wat in 'n motorongeluk gesterf het. Sy het ook haar oupa ongeveer vier jaar gelede verloor, wat traumaties was aangesien die moeder 'n enkelouer is. Die kind weet niks van haar biologiese vader nie.

5.2.6 Respondent F

Geslag:	Vroulik
Geboortedatum:	1972-08-10
Huwelikstatus:	Getroud
Beroep:	Geleentheids- en huwelikskoördineerder
Hoogste graad geslaag:	12
Verdere opleiding:	Geen
Kinders:	Tweeling van 6
Verhouding tot die kind:	Moeder
Rede vir bywoning:	Die moeder wil graag die kinders ondersteun en emosioneel gesonde kinders hê. Die dogters is 'n

tweeling wat prematuur gebore is en hulle het reeds twee maats aan die dood afgestaan weens kanker. Verder ly hul vader al twee jaar aan erge depressie, die besigheid is insolvent verklaar en die gesin gaan hul huis en beide motors verloor.

5.2.7 Respondent G

Geslag: Vroulik
 Geboortedatum: 1973-04-13
 Huwelikstatus: In die proses van egskeiding
 Beroep: Regssekretaresse
 Hoogste graad geslaag: Nasionale sekretariële diploma
 Verdere opleiding: Regssekretarieel en fiksheidsinstruktrise
 Kinders: Twee seuns van 1 jaar en amper 3
 Verhouding tot die kind: Moeder
 Rede vir bywoning: Wil weet waarna om op te let in die proses van die egskeiding.

5.2.8 Respondent H

Geslag: Vroulik
 Geboortedatum: 1960-07-04
 Huwelikstatus: Getroud
 Beroep: Pleegouer
 Hoogste graad geslaag: 8
 Verdere opleiding: Opleiding as pleegouer
 Kinders: Word in sorg geplaas
 Verhouding tot die kind: Pleegouer
 Rede vir bywoning: Sy werk met kinders wat trauma en hartseer beleef het en verwaarloos is, en wil graag weet hoe om hulle te ondersteun.

Al die respondente kom uit Oudtshoorn in die Suid-Kaap en het min of meer dieselfde vlak van opleiding. Respondent H is die enigste persoon met 'n laer vlak van

opleiding en skynbaar gebrekkige geletterdheid. Sy het bywoning gestaak na sessie een weens vervoerprobleme. Dit het egter duidelik geblyk dat sy sukkel om te verstaan wat gesê word, wat waarskynlik toe te skryf is aan taal- en geletterdheidsverskille. Om hierdie rede is die inligting wat respondent H na sessie 1 ingelewer is ook heeltemal onbruikbaar. Dit sal in die toekoms deur die navorser in aanmerking geneem moet word met die uitnodiging wat aan ouers en versorgers gerig word.

5.3. Terugvoer van werksinkelsessies volgens die werkkaarte vir elke sessie

Respondente se terugvoer word gelys van A tot H, en elke letter stel 'n persoon voor.

5.3.1 Sessie 1: Tipes verlies en ontwikkeling

- **Vraag 1**

Wat is jou gevoelens, vrae en gewaarwordinge van rou en verlies by jou jong kind / die kind in jou sorg?

A: Voel jammer vir die kinders en wil ingee met hoe dit hulle raak.

B: My seuntjie is by tye baie gefrustreerd, gee uiting aan frustrasie deur byvoorbeeld deure toe te slaan of speelgoed te kap of gooi. Ek weet nie altyd wanneer ek moet simpatiek wees en wanneer ek 'n bietjie kwaai moet wees nie. Ek kry die gevoel dat hy my somtyds toets.

C: Vanaf 2006 het die kinders vrese en is hulle bang vir die donker. Hulle raak emosioneel wanneer hulle televisie kyk en wanneer mense sterf of siek is. Die kind is skaam om te huil en toon gedragsprobleme. Daar is probleme met skool.

D: Die kleinkinders was 18 maande (seun) en 3 jaar (dogter) toe hul pa twee jaar gelede in 'n fratsongeluk dood is. Die dogtertjie het baie vrae gehad, soos wanneer pappa terugkom van Jesus af. Die seun was nog baie klein, maar het sy pa gesoek. Die kinders rou in sarsies. Daar is baie oor pappa gepraat en hulle ma vertel onthougoed, soos wat hulle saam gedoen het.

E: Die kind huil in haar slaap en toon woede. Sy vra vrae soos of sy kan doodgaan

en hemel toe gaan na oupa toe, en of dit donker word in die hemel en of die maatjie nie bang raak daar alleen sonder haar mamma nie.

F: Angstigheid kom voor by beide dogters. Daar is woede-uitbarstings wanneer die een op die ander suster skree en dan weer stil word en met niemand praat oor wat pla nie. Huil oor die kleinste dingetjie.

G: Onseker of dit wel die geval is dat die kind rou. Die tweejarige is soms aggressief teenoor sy boetie en ma (hy slaan). Ander kere is hy baie klouerig. Hy is ook 'n baie versigtige kind – amper bang om te ondersoek.

- **Vraag 2**

Met die kennis van tipes verliese, watter verliese het jou kind / die kind in jou sorg al ervaar?

A: Ouma se siekte. Hul ma gaan elke aand om ouma te versorg. Daar is verandering in gewoontes en roetine.

B: Gehoorverlies vanaf 6 maande tot nou. Verlies van troeteldiere in 2008 en 2009.

C: Siekte van hul ma, dood van mense aan kanker, verlies van gewoontes en daar is vrese.

D: Dood van hul pa in 2008.

E: Verlies van verhoudings: sonder pa vanaf 1 jaar, oupa is oorlede toe sy 2 en 'n half jaar oud was, 'n maatjie is dood in Desember 2009.

F: Die tweeling het maats verloor aan kanker in 2008 en 2009. Hulle pa sukkel die afgelope 2 jaar met depressie, en weens likwidasië verloor die gesin hul motors en huis.

G: Die kinders se pa is nie meer beskikbaar en teenwoordig nie, want die ma het onlangs alleen na Oudtshoorn verhuis. Sy het self voltyds na die kinders omgesien, maar het nou begin werk.

- **Vraag 3**

Die volgende vrae het betrekking op die ontwikkeling van die jong kind:

- **Vraag 3.1**

Beskryf die gedrag wat jy by jou kind / die kind in jou sorg waarneem in reaksie op rou en verlies.

A: Huil onophoudelik

B: My seuntjie sal vir 'n paar dae oor niks anders as die verlies praat nie. Hy vra baie hoekom dit gebeur het. Dan sal hy vir 'n lang tyd glad nie daarvoor praat nie en dan skielik in geselskap sal iets wat iemand sê weer die storie “trigger” – dan praat hy weer vir 'n dag of twee oor dieselfde ding.

C: Die kinders is gedurig op soek na aandag. Hulle is bang om my te laat gaan, want hulle dink ek gaan nie terugkom nie. Die kind is verskriklik stout.

D: Die kinders was soms baie skaam en stil, maar wou nooit alleen wees nie. Hulle is onseker. Baie liefdevol – deel graag drukkie en soentjies uit. Hulle sal altyd vra wanneer kom mamma – ek dink hulle is bang dat sy ook sal “wegraak”. Hulle rou in sarsies.

E: My dogter is 'n baie stil kind en hou haarself besig. 'n Mens kan sien dat sy in haar gedagtes (verbeelding) baie aan die mense dink (wat sy aan die dood afgestaan het) en probeer uitredeneer hoe dit is waar hulle nou bevind. Sy vra baie vrae. Sy vergelyk haar met ander kinders wat pappas het en voel dat hulle haar as anders beskou omrede sy nie 'n pa het nie. Sy sukkel ook om te konsentreer.

F: Die een dogter van die tweeling wys nie sommer wat sy voel nie. Af en toe sal sy sommer tranerig raak oor iets klein – sy praat gewoonlik oor ander goed as mens probeer uitvind wat pla.

Die ander dogter word angstig en los die ma vir geen oomblik alleen nie. Sy kry woede-uitbarstings en dan sal sy weer hartseer wees sonder dat iets drasties gebeur het. Of sy word baie stil en praat vir 'n dag lank niks nie.

G: Hy is soms aggressief en ander kere weer ongelooflik sag en “sweet”. Sal byvoorbeeld vir sy boetie ook van sy koekie gee en hom dan die volgende oomblik weer afknou. Hy het in meer as 'n maand weg van sy pa nooit gevra waar is pappa nie. Hy het net “pappa” gesê toe hy 'n foto van hom gesien het, maar niks verder nie. Sy pa bel hom nooit, so hy hoor nooit sy stem nie.

- **Vraag 3.2**

Wat van hierdie gedrag in 3.1 stem ooreen met sy / haar ontwikkelingsvlak, soos bespreek?

A: Geen antwoord.

B: Hy wys dat hy kwaad of hartseer is. Hy sal byvoorbeeld sê: “My hartjie is baie

seer omdat.....” of “Ek is kwaad en wil nie nou met jou praat nie.

C: Geïnhibeer as gevolg van skeiding – onsekerheid

Simboliese gedagtes – dink dood is soos slaap

Weier om alleen te slaap en is bang vir die donker

Kan nie op werk konsentreer nie.

D: Aanraking is belangrik

Soms skaam

Ondersteuning van ma en grootouers

Teruggetrokke – neem soms nie besluite nie.

E: Haar verbeelding begin ontwikkel

Sy kan onderskei tussen lewend en nie-lewend

Simboliese gedagtes ontwikkel

Sukkel om in die skool te konsentreer

F: Die een dogter sukkel met konsentrasie en stilsit omdat sy nie wys as iets haar pla nie.

Die ander dogter ervaar skeidingsangs. Sy wil oral wees waar die ma is en wil nie alleen wees nie.

G: Die seuntjie is baie onseker oor baie dinge, byvoorbeeld by nuwe vriende sal hy nie op sy eie gaan speel – dalk eers met ‘n volgende kuier. Hy is soms skaam vir nuwe mense – dalk normaal?

- **Vraag 3.3**

Tot watter mate was jy bewus daarvan dat die gedrag wat jou kind / die kind in jou sorg openbaar met rou en verlies verband hou?

A: Ek was glad nie bewus dat mense enige verliese kan ervaar behalwe die dood nie.

B: Die feit dat hy oor die verlies gepraat het, het baie gehelp. Die ander emosies wat hy getoon het het ek nie in verband gebring met die verlies nie.

C: Tot ‘n groot mate, aangesien die kinders berading gekry het. Maar ek voel tog dat hulle somtyds situasies uitbuit.

D: Die kind was in haar eie wêreld. Sy het speel-speel van pappa gepraat. Sy vra of ouma nog sekere goed onthou. Die grootouers ondersteun die kinders in die verskillende emosies wat hul ervaar.

E: Ek het nie presies geweet watter gedrag met watter verlies verband hou nie. Ek kon aflei in haar gemoedskommeling dat sy verlang. Sy het ook baie in haar slaap gehuil en is met tye baie emosioneel.

F: Ek het met tye dit vermoed en gewonder daaroor.

G: Ek is onseker of dit verband hou. Sy pa het hom verafgod – altyd vasgehou as ons by vriende kuier of byvoorbeeld by die partytjie van ‘n maatjie. Ek dink sy nuutgevonde “vryheid” is oorweldigend?

KOMMENTAAR OP SESSIE 1

1. Voorstelle:

C: Sal daarvan hou as ons volgende keer voorstelle kan kry van hoe om jou kind te help, byvoorbeeld ‘n bang kind.

E: Ek moet meer notas maak. Die vrae is gebaseer op die aanbieding.

G: ‘n Baie goeie sessie. Praktiese voorbeelde altyd welkom – soos wel gedoen.

2. Spesifieke vrae:

B: Waar trek jy die streep met emosies van frustrasie en soms aggressie?

G: Ek is net onseker of my kind se gedrag gekoppel kan word aan skeiding van sy pa en of dit normaal is vir ‘n tweejarige. Hy praat mos nog nie.

3. Wat was betekenisvol of van waarde?

B: Die hantering van die emosies wat hulle wys.

D: Dat rou normaal is – daar is niks met die kind fout nie. Om kinders te help om emosie te herken, erken en beleef.

E: Om te kan hoor hoe my kind die dood ervaar, om haar ontwikkeling en sienswyse van sekere dinge beter te verstaan.

F: Ek het uiteindelik tot die besef gekom dat my tweeling wel emosionele terugslae het as gevolg van als wat gebeur het en dat dit wel reggestel kan word.

G: Sommer alles! Veral voorbeelde genoem.

5.3.2 Sessie 2: Roufases en routake

- **Vraag 1**

Watter van die kenmerke van rou en verlies by die jong kind kan by jou kind waargeneem word?

A: Nagmerrie, rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, kom onaangeraak voor.

B: Nagmerries, rusteloos en sit nie stil nie, rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, emosionele episodes, vrees en angs, aggressie, woede, praat oor die verlies, fisiese klagtes, skeidingsangs, verhaal van die verlies word oor en oor vertel.

C: Towerkrag of fantasie, maak gedrag van die oorledene of afwesige persoon na, rusteloos en sit nie stil nie, emosionele episodes, vrees en angs, aggressie, konsentrasieprobleme, ongeorganiseerd, woede, fisiese klagtes, skeidingsangs, verhaal van die verlies word oor en oor vertel en praat met die oorledene of afwesige persoon.

D: Dood is omkeerbaar, towerkrag of fantasie, wag vir iemand of iets om terug te keer, rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, praat met die oorledene of afwesige persoon

E: Sosialiseer nie of moeilik, rusteloos en sit nie stil nie, rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, emosionele episodes, konsentrasieprobleme, fisiese klagtes, skeidingsangs.

F: Vir beide dogters: dood is omkeerbaar, towerkrag of fantasie, nagmerries, sosialiseer nie of moeilik, rusteloos en sit nie stil nie, rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, kom onaangeraak voor, spel met verlies as tema, emosionele episodes, vrees en angs, aggressie, verwys na wat verlore is in die teenswoordige tyd, konsentrasieprobleme, ongeorganiseerd, woede, praat oor die verlies, fisiese klagtes, skeidingsangs, verhaal van die verlies word oor en oor vertel, onttrek, vlietende gedagtes.

G: Rou in sarsies – speel en is dan weer emosioneel, kom onaangeraak voor, aggressie, woede, erge skeidingsangs.

- **Vraag 2**

Met die kennis van roufases, in watter fase is jou kind op die oomblik?

A: Hartseer en terneergedruktheid, maar ook soms hunkering (jongste kind) en gevoelloosheid (oudste kind).

B: Hartseer en terneergedruk

C: Hunkering – soeke en verlange, praat gedurig van die persoon en wens dat sy terugkom. Noem ook gedurig dat sy die persoon mis.

D: Hunkering – soek en verlang na pappa. Die lewe is meestal terug na normaal – georganiseerde gedrag. Mamma het 'n vriend van wie hulle baie hou. Hulle is gelukkig en tevrede. Daar is sekuriteit in die gesin en hulle voel veilig.

E: Fase 2 – hunkering (soeke en verlange), fase 4 – georganiseerde gedrag, fase 3 – gedisorganiseerd.

F: Ek ondervind dat dit nie 'n spesifieke patroon volg nie. Dit voel vir my asof hulle alles deurmekaar ervaar en asof gevoelens wipplank ry.

G: Moontlik die woede-fase, alhoewel dit die laaste week baie afgeneem het. Hy is baie normaal die afgelope tyd.

- **Vraag 3**

Watter van die roufases het jou kind moontlik reeds deurgegaan en waarom sê jy so?

A: Jongste kind: gevoelloos. Sy is oor die stadium wat sy nie emosies wys nie.

B: Woede: skielike woede-uitbarstings – gooi sy speelgoed of breek dit selfs. Hunkering: hy sê byvoorbeeld dat hy die budgie wat dood is mis en vra of hy nie gaan terugkom nie.

C: Gedisorganiseerd en wanhopig: Kind het vreeslike emosionele uitbarstings gehad en wou nie skool toe gaan nie. Sy wou ook nie van haar moeder skei nie en ma moes belowe dat sy by die skool sal wag.

D: Skok – kon nie glo pappa is weg en sal nie weer terugkom nie, maar hulle weet hy is by Jesus. Onderhandeling – as ek soet is, sal pappa terugkom? Hartseer met tye – die verlange en gemis.

E: Fase 1: Gevoelloos (skok en ontkenning) – dit was moeilik om te glo en verstaan

dat oupa en haar maatjie oorlede is. Fase 3: wanhoop – sy is met tye hartseer (verlang), maar sy is nie meer in 'n totale stadium van wanhoop nie. Sy begin aanvaar alhoewel sy verlang.

F: Ek ervaar dat my dogtertjies al die roufases ervaar en nie in 'n spesifieke patroon nie.

G: Fase 1: gevoelloos. Hy het nooit gevra na sy pa nie (tot nou toe nie).

- **Vraag 4: Routake**

- **Vraag 4.1**

Met watter routaak is jou kind tans besig?

A: Begrip

B: Om emosie en energie te onttrek en in 'n ander verhouding te herbelê.

C: Taak 2: Georganiseerde gedrag. SKEI makliker en is meer gemotiveerd om te leer, alhoewel sy nog bang is vir die donker. Kind wys emosies en huil.

D: Aanpassing – herinnering en herdenking

E: Taak 2: ervaar pyn of rou en taak 4: om emosie en energie te onttrek en in 'n ander verhouding te herbelê.

F: Een dogter huil deesdae baie maklik oor die kleinste ou dingetjie – ek kry die gevoel sy steek “eina” weg. Die ander dogter huil ook die afgelope tyd oor enigiets, maar is ook baie, baie stil met tye.

G: Taak 3: Leer aanpas in 'n omgewing waarin die pa afwesig is.

- **Vraag 4.2**

Wat kan jy moontlik doen om hom / haar in hierdie routaak te ondersteun? Dink aan iets prakties.

A: Die siekte (kanker) van ouma kan verduidelik word, miskien met behulp van prentjies van die menslike liggaam.

B: Ons het 'n nuwe hondjie gekry – hy help om die hondjie te bad, help skoonmaak as die hondjie 'n glipsie gehad het, hy kyk dat daar elke dag skoon water in die bakkie is, hy gaan saam veearts toe en vryf die hondjie se kop terwyl hy ingespuut word.

C: My kind het die behoefte om begrafplaas toe te gaan en ek neem haar gereeld.

Ek vertel haar ook dat dit okay is om te huil. Ek sal probeer om stories te lees wat handel oor rou in 'n atmosfeer waar die kind kan ervaar dat andere ook rou.

D: Het met die oorledene se verjaardag koek gebak en gesê dat dit pappa se verjaardag is. Die kinders het gesing. Foto's: ons onthou nog dinge saam met foto's. Oral is foto's van pappa en saam met hom.

E: Om vir oupa 'n briefie te skryf of prentjie te teken en die graf te besoek. Aanmoediging om 'n plakboek te maak van herinneringe. Om saam 'n boom te plant en te vertroetel ter nagedagtenis aan die persoon wat oorlede is.

F: Die moeder sê sy sal definitief moet gaan sit en met altwee haar kinders praat oor hul twee maats se dood en dit beter verduidelik en ook eerlik met hulle wees omtrent wat pappa so siek maak en die geldelike probleme.

G: Die seun kan saam met sy ma onkruid uittrek – iets wat hy en sy pa gedoen het. Dalk kan 'n foto van sy pa langs sy bed geplaas word?

KOMMENTAAR OP SESSIE 2

1. Voorstelle:

D: Is tevrede met die aanbieding

G: Geen – steeds baie interessant. Die aanbieder se gevoel dat dit 'n selfverrykende kursus is in stede van 'n ondersteuningsgroep is baie reg. Ek sal moontlik liever 'n "ondersteuningsgroepie" bywoon wat spesifiek bygewoon word deur enkelma's en gesels oor hoe hulle kinders dit ervaar.

2. Spesifieke vrae:

G: Tans word daar nie met die seun oor sy pa gepraat nie. Moet dit meer gedoen word? Kan 'n foto van sy pa in sy kamer geplaas word? Die vrees bestaan dat sy pa heeltemal in die toekoms kan onttrek. Moet dieselfde met die eenjarige gedoen word, of is hy te klein?

3. Wat was betekenisvol of van waarde?

A: Alles! Die simptome, roufasies en –take kan ek as ouer gebruik.

B: Ons was op 'n stadium moedeloos. Die seuntjie het gekla dat hy fisies seer het: sy bene is seer. Hy was by die dokter wat niks fout kon vind nie. Die inligting laat my besef dat dit waardeur hy gegaan het maar doodnormaal deel was van die rouproses.

C: Verstaan beter die tipe fasies waardeur kinders gaan.

D: Dat ons as grootmense ook deur dieselfde fasies gaan van rou. Om oor verlies te praat. Die rouproses moet deurloop word.

E: Om te kan onderskei deur watter fasies van rou my kind gaan, wat reeds verby is en wat om te verwag of waarna om op te let. Dit help om te weet wat ek kan doen om te help.

F: Ek het besef dat eerlikheid omtrent ons omstandighede, sowel as dood van maats die beste manier is om hulle meer veilig en seker te laat voel van hulself en die huislike omstandighede.

G: Ek kan beter verstaan in watter proses my kind tans verkeer en ekself ook.

5.3.3 Sessie 3: Die ouer of versorger se rol

- **Vraag 1**

Met die nuwe inligting tot jou beskikking, wat kan jy nou prakties doen om jou kind in sy / haar besondere situasie van rou en verlies te help en ondersteun?

A: Ek het reeds van die aspekte toegepas, maar ek kon nou die baie ander aspekte en raad ook byvoeg om die ondersteuningsproses aan te vul.

B: Luister meer aandagtig! Verseker jou kind altyd van jou liefde en ondersteuning. Maak tyd om saam met jou kind te spandeer. Moedig hom aan sonder om druk op hom te plaas.

C: Skep 'n meer huislike omgewing. Hou roetine dieselfde, want dit maak die kind minder angstig. Moedig die kind aan om openlik oor gevoelens te praat.

D: Deel die nuus so gou as moontlik – kommunikeer eerlik, want die kind sal okay wees as hy sien jy is okay. Daar is tyd nodig. Mens hoef nie voor te gee nie; jy mag

voel soos jy voel. Moenie gevoelens bedek nie.

E: Ek en my dogter kan 'n boom plant ter nagedagtenis aan haar oupa. Sy kan die boom versorg. Sy kan 'n prentjie teken vir oupa of haar maatjie om gevoelens uit te laat. Ek sal haar aanmoedig om goeie tye te onthou en dinge wat ons saam met oupa gedoen het herleef en koester, byvoorbeeld visvang.

F: So eerlik moontlik wees met kinders. Hulle gerusstel dat daar altyd na hulle gekyk sal word en dat hulle versorg sal wees. Hulle veilig en geliefd laat voel. Sê dat hulle mag emosie toon en sê hoe hul voel.

G: Roetine sover moontlik dieselfde hou. Baie fisiese kontak en liefde en dissipline. Praat oor wat gebeur – waar is pappa. Wys soms my eie hartseer voor hom. Kry ouma om in te staan as ek by breekpunt kom.

- **Vraag 2**

Wat sal jy nou anders doen?

A: Om nie rou en verlies te probeer wegsteek nie. Om na rou en verlies in die geheel te verwys en inligting te gebruik met die hantering daarvan.

B: Meer geduld hê! Meer uitvra en fyner oplet na tekens wat wys daar is fout.

C: Sal smart wys en gevoelens deel met die kind. Dat dit normaal is om hartseer te wees. Die kind ondersteun.

D: Maak tyd om 'n hegte band met die kind te smee. Maak tyd om met die kind te gesels en hom / haar te geniet. Vertel jy is lief vir hom / haar. Fisiese kontak. Praat oor die verlede, maar laat die kind die rigtingwyser wees.

E: Ek sal meer tyd maak om aan my kind se behoeftes (vrae, emosies) aandag te gee. Om haar vrae te beantwoord en vir haar ondersteuning te bied. Nie net elke dag aangaan asof haar oupa nooit bestaan het nie, maar om herinneringe te vier en haar toe te laat om ook te gesels en meer die graf te besoek.

F: Sal van nou af probeer om enige situasie wat mag opduik op eerlike wyse te probeer verduidelik. Sal hulle te alle tye so veilig as moontlik laat voel. Self emosie wys sodat hulle kan leer dat dit normaal is om te treur.

G: Meer praat oor sy pa. Hy moet weet ons is nie kwaad vir mekaar of dat dit nie sy skuld is dat pa nie meer daar is nie. Sy woede probeer verstaan en dit nie altyd sien as stout (terrible two's) nie.

- **Vraag 3**

Op watter wyse, indien enigsins van toepassing, het hierdie werksinkels bygedra tot 'n verandering in jouself of die kind in jou sorg?

A: My denkwysie ten opsigte van rou en verlies het heeltemal verander. Ek is beslis nou beter toegerus om nie net my kinders nie, maar ook geliefdes te ondersteun met rou en verlies.

B: Ek verstaan nou beter sy reaksies en optrede oor sekere dinge. Ek besef nou eers dat hy eintlik 'n baie sensitiewe outjie is. Ons stamp al klaar nie meer so baie kop nie!

C: Dit het my ander sieninge laat kry om te sien deur watter fases die kind as gaan en ook hoe om eie rou te verwerk.

D: Wys eie gevoelens en hartseer en deel dit met die kind – dit is normaal. Deel smart. Gee kans vir vrae. Praat oor die verlies, koester mooi herinneringe. Geduld, met liefde vir die kinders en myself.

E: Die werksinkel het my laat besef dat ek moet tyd maak om te rou – te verlang, oor my pa te praat, te huil. Dit is natuurlik en belangrik. Ek verstaan my kind beter en kan haar behoeftes identifiseer. Minder woede en opgekropte hartseer tot gevolg. Sy voel sy word beter verstaan en ondersteun.

F: Dit het die onsekerheid van hoe om sekere situasies te hanteer opgeklaar. Voel nou meer in beheer omtrent sekere probleme, want daar is 'n oplossing daarvoor. Kinders voel dus ook nou meer gerus.

G: Ek het besef my kinders kan op snaakse en verskillende maniere aan en af rou. Ek kan tekens beter lees. Ek is ook geregtig op rou en mag gevoelens wys.

- **Vraag 4**

Dink jy daar bestaan 'n behoefte aan hierdie tipes werksinkels in die gemeenskap? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

A: Ja, beslis! Die meerderheid mense weet nie hoe om rou en verlies te hanteer nie.

B: Baie beslis! Dit is selfverrykend. Mense wil nie altyd hulle probleme met almal deel nie, en tog soek hulle antwoorde op al hulle baie vrae.

C: Ja. Mense is baie keer onsimpatiek of bevooroordeeld.

D: Ja. Sodat ons reg ingelig kan word, die verlies met liefde en ondersteuning kan hanteer en met die nodige vaardigheid toegerus om daarop voorbereid te wees. Ons as versorgers / ouers wil mos bitter graag die lewe se aanslae vir ons kinders makliker maak. Ons hanteer dan veranderinge in die kind se lewe op óns manier, dit wil sê gaan voort asof alles normaal is. Mens is dit aan jousef en die kind verskuldig, anders as om met intense pyn en leed te lewe. Dit is nie 'n teken van swakheid om te erken dat 'n mens hulp nodig het nie. Deur hulp te kry erken jy dat jy sterk genoeg is om wat gebeur het sinvol te probeer verwerk.

E: Definitief! Daar gebeur soveel dinge in die lewe rondom ons, ons besef nie wat die gevolge of watter impak dit (dood, enkelouer) op ons kinders het nie. Om te weet na watter gedrag om te kyk en hoe om dit te hanteer kan jou kind se hele lewe vergemaklik (situasies help hanteer of verwerk).

F: Ek glo definitief dat daar 'n behoefte is in ons gemeenskap. Daar is so baie ouers wat met dieselfde probleme worstel en self nie weet hoe om dit reg te hanteer nie.

G: Verseker! Dit moet 'n vak op skool wees. Almal moet weet hoe tekens lyk van rou – maats kan mekaar help as onderwysers / ouers dit nie raaksien nie. Waar was onderwysers?????

- **Vraag 5:**

Waarom dink jy is persone so huiwerig om hierdie tipes werksinkels by te woon?

A: Mense het 'n verkeerde benadering tot rou en verlies. Almal probeer dit onderdruk of wegsteek.

B: Bang dat ander sal agterkom hulle het probleme. Meeste mense probeer dit wegsteek. In ons gemeenskap is mense lief vir praat en ander is bang oor die stories wat dalk sal versprei.

C: Hulle wil nie “deel” met hulle rouproses of emosies erken nie.

D: Trots, dink dis 'n teken van swakheid, dit kan 'n negatiewe ervaring wees – ontstellend, persoonlike belewenis of gebeurtenis is nog te intens, te seer.

E: Mense het dikwels 'n probleem daarmee om te erken dat hul lewens nie perfek is nie of dat hulle nie in beheer van 'n situasie is nie, of dat hulle hulp nodig het. Hulle voel kwesbaar om in 'n sessie te sit waar gevoelens (wat hulle ontken en nie mee

deel nie) bespreek word. Hulle is bang vir vrae oor hulle betrokke (private) lewens(omstandighede).

F: Die meeste is bekommerd dat as iemand uitvind van hul probleem dit oorvertel sal word en later is dit 'n groot geskinder met ekstra stertjies aangelas.

G: Mense wil minder doen deesdae – nie meer nie (gejaagde lewe). Dalk 'n ongemaklike onderwerp – mense hou van positiewe mense sonder probleme... Ons gee te min om vir mekaar – veral vir ons weerlose kinders. Hulle is oorgelaat aan eie genade of die “nanny”.

- **Vraag 6:**

Hierdie werkswinkels het ten doel om ouers te bemagtig met betrekking tot rou en verlies by die jong kind.

- **Vraag 6.1**

Dink jy daar word in die doel geslaag, soos hierbo genoem? Verskaf asseblief redes vir jou antwoord.

A: Ja. Rou en verlies het soveel aspekte wat belangrik is waarvan ek glad nie bewus was nie. Daar is baie inligting wat oorgedra word wat baie waardevol is vir die hantering van rou en verlies.

B: Ja. Ek dink dit leer ons ouers om meer sensitief te wees vir ons kinders se gevoelens. Jy leer deur praktiese raad hoe om jou kind te help en te ondersteun. Vir my is dit ook van toepassing op volwassenes.

C: Ja. Ek verstaan nou my eie kind beter en ek kan ook my eie emosies beheer. Ek kan maniere vind om my kind geborge te laat voel.

D: Ja. Rou met vrymoedigheid en lewe met blydschap.

E: Ouers word beslis bemagtig in die vorm van kennis en die identifisering van hul kind se gedrag en emosies. Mens het begrip vir sekere optredes en fases en weet hoe om dit saam met jou kind deur te werk. Mens voel nie so magteloos en onkundig nie.

F: Ja ek voel daar word in die doel geslaag. Ek het definitief antwoorde gekry en begin toepas en gesien dit werk.

G: Beslis. Ek was onseker oor gedrag by my seun – weet nou waarom en hoe om hom te hanteer. Watter skade sou ek dalk andersins, onwetend, aangerig het?

- **Vraag 6.2**
Beantwoord slegs hierdie vraag indien jy nie geantwoord het by 6.1: Wat moet verander, of hoe kan die werkswinkels na jou mening aangepas word om wel in die doel van die bemagtiging en toerusting van ouers te slaag?

Aangesien alle respondente vraag 6.1. beantwoord het, is hierdie vraag nie van toepassing nie.

KOMMENTAAR OP SESSIE 3

1. Voorstelle:

B: Nog sulke werkswinkels sal van waarde wees.

G: Ek sou aandring by kleuterskole spesifiek dat toesighouers hierdie kursus bywoon. Daarna laer- en hoërskole – dis van uiterste belang! Wat van kinderkrans? Sondagskoolonderwysers? Ouers en leerkragte MOET kennis hê van hierdie onderwerp. Dalk weeklikse kolomme in die koerant met inligting? Webtuiste? Op kerkblaadjie?

2. Spesifieke vrae:

G: Moet ek vertel wat aangaan as hy nie vra na sy pa nie? Beteken dit dalk hy mis hom nie? Wanneer is dit routekens en wanneer net die tweejarige stadium? Hy praat nie sinne nie, dus moeilik.

3. Wat was betekenisvol of van waarde?

A: Die hele sessie (sessie 3). Beslis vir my die hoogtepunt van die werkswinkels. My doel vir die bywoning van die werkswinkels word na dié sessie bereik, want al die raad waarna ek gesoek het is aan ons deurgegee. Dankie!

C: Die verskillende maniere hoe om met rou te “deal” en ook ander maniere van verlies te leer ken.

D: Wys eie smart en deel gevoelens.

E: Om te leer presies wat ek as ouer kan doen om my kind se rouproses te verstaan, wat om te doen en in hoe ‘n mate ek deur my betrokkenheid my kind help. Baie negatiewe gevoelens en gedrag kan vermy word (skuldgevoelens, aggressie) indien

ek weet hoe om die verskillende fases te hanteer.

F: Die aanbieder het soveel liefde vir kinders en haar opregte belangstelling in 'n probleem het my op my gemak gestel en ek het geweet dat vertroue nie geskend sal word nie. Ek het nie besef dat om self emosie weg te steek wel meer skade kan doen aan die kind as deur net te wys dat dit normaal is om te huil of ongelukkig te wees.

G: Die hele kursus! Dink jy het dalk die sneller getrek vir my om meer in hierdie rigting te leer sodra my twee seuns my toelaat. Ons kinders moet meer waardevol hanteer word – veral hul emosionele deel. Ons moet ons deel doen om hulle 'n beter kans in die lewe te gee.

5.3.4 Sessie 4: Die rol van die skool

- **Vraag 1:**
Hoe het jy die skool betrek in julle besondere situasie van rou en verlies?

A: Glad nie.

B: Ek het verduidelik wat gebeur het en dat daar tye is wat die outjie nogal erg emosioneel kan wees. Hulle sou probeer troos waar hulle kon, maar sou my bel as hy te erg verlang of gehuil het.

C: Ek het met die onderwyser gesels en haar ingelig wat die situasie by die huis is en ook hoe die kind by die huis vertoon.

D: Die skool is ingelig oor die verlies. Hulle was bewus van die kinders se toestand. Het 'n oop en eerlike verhouding met die skool gehad.

E: Ek het aan die juffrou verduidelik wat die kind se omstandighede en gedrag is. Ek het verduidelik dat ek 'n enkelouer is en dat hulle situasies in die klas daarvolgens moet hanteer, byvoorbeeld laat haar vir oupa of haar oom 'n kaartjie maak as dit ter sprake kom. Hulle is bewus van die situasie en moet deernis daarvoor toon.

F: Ek het met die kinders se onderwysers gepraat en huislike omstandighede verduidelik.

G: Kinders is nie betrokke by 'n skool of speelgroepie nie, dus is niks van hierdie sessie op hierdie stadium van toepassing nie.

- **Vraag 2:**
Watter aanpassings kan jy nou maak om die skool se ondersteuning van jou kind positief te gebruik?

A: Deur die skool in te lig en bewus te maak.

B: Ek weet dat ek my nie hoef te bekommer oor hom nie. Hulle gesels wanneer dit nodig is, maar is ook ferm wanneer dit moet. Dit maak dit baie makliker om met normale roetine by die huis aan te gaan.

C: Deur die onderwyser te gebruik om kinders in te lig rondom die rouproses en om eerlik met kinders te wees.

D: Vra die skool en die onderwyser om roetine en dissipline te behou. Vra vir weeklikse vorderingsverslae. Toon belangstelling in wat die kind doen en sê. Wees baie eerlik.

E: Gebruik die skool as 'n ondersteuningsmeganisme vir my kind dat ek as ouer en die onderwyser die situasie saam hanteer en daaroor gesels. Dat my kind deur beide partye gewys word dat sy nie "anders" is omrede sy nie 'n pappa het nie. Maak haar betrokke.

F: Met onderwysers praat oor sekere probleme – riglyne gee en vra om vir 'n rukkie te ondersteun en help met die probleem.

- **Vraag 3:**
Het jy enige negatiewe beleving van die skool se betrokkenheid by julle situasie van rou en verlies? (Beskryf asseblief)

A: Geen. Ek dink net die gedrag van 'n kind wat rou en verlies ervaar moet deur die skool in ag geneem word voordat daar dalk verkeerdelik na byvoorbeeld aandagafleibaarheid verwys word.

B: Nee. Hulle was baie behulpsaam en ondersteunend.

C: Nee.

D: Nee.

E: Nee, ons hanteer dit dag vir dag.

F: Op hierdie stadium is ek nog nie seker hoe die skool rou en verlies situasies hanteer nie. Tot dusver gaan dit nog goed met die hantering van emosionele

uitbarstings.

- **Vraag 4:**

Het jy enige positiewe beleving van die skool se betrokkenheid by julle situasie van rou en verlies? (Beskryf asseblief)

A: Geen.

B: Ja. Hulle het spesiaal tyd gemaak om na hom te luister en met hom te gesels.

C: Ja. Ek kry altyd goeie ondersteuning en met my eerste siekte was die kinders in 'n kleuterskool waar onderwysers gehelp het met die vleg van hare en versorging van kinders. Ons gesin het ook ondersteuning van die skool gekry.

D: Ja. Die kinders het baie aandag, aanraking, liefde en troos gekry. Hulle het belanggestel in wat die kinders doen en sê.

E: Die skool het bystand belowe in die sin dat daar met my kind gesels sal word, dat hulle haar sal monitor en help om haarself te vind en laat geld. Sy is inkennig en pas swaar aan.

F: Die skool weet net van een probleem. Die onderwysers hanteer die kinders soos gevra is. Ek moet nog verdere inligting aan die juffrou verskaf.

KOMMENTAAR OP SESSIE 4

1. Voorstelle:

A: Hierdie werkswinkels moet beslis met skole gekommunikeer word, al is dit slegs sessie 4. Skole het wanopvattinge van kinders se veranderlike gedrag, simptome, ensovoorts.

B: Nog sessies sal baie welkom wees.

C: Sou graag wou hê dat jy ook die kinders evalueer sodat mens beter insig in hulle kan hê, omdat jy as ouer nie altyd dinge by hulle raaksien nie.

2. Spesifieke vrae:

C: Hoe betrek jy jou man as hy nie tekens van rou toon nie?

3. Wat was betekenisvol of van waarde?

A: Die feit dat die skool 'n groot rol te speel het met die hantering van rou en verlies by die kind.

B: Al die praktiese voorbeelde en raad.

C: Die feit dat daar andere is wat deur dieselfde rou gaan en dat mens wel heel anderkant uitkom.

D: Wanneer is professionele hulp nodig.

E: In watter opsigte die skool betrek kan word om my kind deur haar roufase te help. Dat ek begrip het vir die redes waarom die skool van sekere situasies moet weet. Dan kan hulle self sien dat daar dalk vreemde gedrag van my kind kom en waaraan dit gekoppel kan word.

F: Ek as ouer het baie geleer in die kort rukkie. Alles wat ek geleer het in 4 sessies was van waarde vir my omdat my kinders, en eintlik ons hele gesin, probleme en probleme na mekaar ervaar het.

5.4. Evaluasie

- **Vraag 1:**

Is daar na die werkswinkels enige verandering in jou bewustheid, belewenis en persepsie van rou en verlies by jou jong kind?

A: Ja, beslis. My hele bewustheid en persepsie is verbreed. Ek sal hierdie werkswinkels beslis aanbeveel vir enige ouer.

B: Ja.

C: Ja, ek kan sien hoe my kind deur die roufasies gaan.

D: Ja, verseker. Ek besef die kinders het baie aanraking, aandag, liefde en troos nodig. Ek toon belangstelling vir wat die kinders doen en sê.

E: Daar is definitief beter begrip vir my kind. Ek kan sekere gedrag identifiseer en het maniere waarop ek kan help en bystand aan my kind verleen. Ek is meer bewus van simptome (gedrag) wat met rou en verlies gepaard gaan.

F: Ja, definitief. Ek ondervind al rustigheid en 'n klein bietjie kalmte by die tweeling. Asof daar meer aanvaarding is omtrent sekere aspekte.

G: Beslis ja! Ek is baie meer bedag op tekens van rou by my oudste. En ek weet

hoe om dit te hanteer.

- **Vraag 2:**

Tot watter mate het jy die werksinkels as behulpsaam, prakties en toepaslik beskou?

A: Ek dink enige ouer behoort so 'n werksinkel by te woon, of daar nou rou en verlies is of nie. Dit kan beslis van groot waarde wees.

B: Ek kan klaar 'n verskil by my seuntjie agterkom. Die kursus het baie gehelp om hom (en sy optrede) beter te verstaan.

C: Dit het my gehelp om my kind se verskillende emosies nie as stout te bestempel nie, maar as deel van haar rouproses.

D: Die hele sessie was leersaam. Rou is deel van die normale verloop van die lewe.

E: Die werksinkels het my gehelp om gedrag in my kind te identifiseer, dinge wat ek altyd gedink het maar deel van haar gedrag is. Die werksinkels het my baie gehelp. Daar was baie dinge wat ek self kon toepas om my kind te help waaraan ek nie eens gedink het nie.

F: Ek verstaan nou beter omtrent woedebuie of emosionele uitbarstings van kinders. Weet nou dus ook wat ek as ouer van my kant kan doen om dit te kan uitsorteer of die kind te ondersteun.

G: Ek weet nou hoe om op te tree as ek tekens raaksien by my kind.

- **Vraag 3:**

Het jy inligting tuis toegepas? Omkring ja / nee

Al die respondente het "ja" geantwoord, en dus is slegs vraag 3.1. beantwoord.

- **Vraag 3.1:**

Indien jy hierbo "nee" geantwoord het, ignoreer dié vraag:

- **Vraag 3.1.1:**

Watter inligting of riglyne het jy toegepas of gebruik?

A: Om eerstens die roufases en -take te verstaan. Simptome wat nie voorheen

raakgesien is nie, kan nou geïdentifiseer word. Ek kon met my kind die regte inligting deel en kans gee vir vrae.

B: Ons werk deur sy emosies. Ons gesels oor hoe hy voel en hoekom. Hy verstaan ook dat dit in orde is as hy die dag 'n bietjie af voel en huilerig is.

C: Ek was eerlik met die kinders. Hulle verstaan dat hulle mag rou en huil en dat dit nie hulle skuld is dat dinge gebeur nie.

D: Die kind is die rigtingwyser, dat die versorger rou mag wys, om vrae eenvoudig en eerlik te antwoord en om geduldig en simpatiek te wees.

E: Wanneer my kind begin gesels oor haar oupa of maatjie het ek dit aangemoedig en haar vrae na die beste van my vermoë probeer antwoord. Ek het haar nie stilgemaak nie. Ek het probeer vasstel presies hoe my kind voel oor oupa en haar maatjie se dood – ons het oor hulle gesels. Ek het haar laat verstaan dat dood permanent is en dat sy geen skuld daaraan gehad het nie. Ek gesels baie met haar daaroor en neem geleenthede wat sy bied om haar te verstaan en bemoedig.

F: Daar is 'n hele paar riglyne wat nog toegepas moet word, maar ek het begin deur die kinders te betrek by byvoorbeeld die aankoop van 'n nuwe voertuig en huis. Ek het verduidelik waarom en hulle deel gemaak van die soektog. Ek het ook verduidelik omtrent hartseer in 'n mens se lewe en dat jy emosie mag toon.

G: Omdat hulle so klein is het ek meer op basiese dinge gekonsentreer, byvoorbeeld om hulle roetine minder omver te werp, ekstra baie liefde en fisiese kontak, meer een-tot-een met elkeen gespeel, met die oudste oor pappa gesels.

- **Vraag 3.1.2:**

Watter effek het die toepassing van die werkswinkelinhoud op jou kind, indien enige?

A: Alhoewel die fisiese effek nog nie gesien kan word nie, glo ek my kind het ook nou beter begrip van wat ons met haar gedeel het.

B: Hy is baie rustiger – ek ook!

C: My kind het die vrymoedigheid om vrae te vra en om ook te praat oor rou.

D: Nie beantwoord.

E: Die dinge wat ons doen, byvoorbeeld briefies skryf en gesels oor herinneringe help definitief om emosies uit te bring (ontlading). Sy gesels meer vrymoedig oor oupa en die maatjie.

F: Ek het ondervind dat ek kinders het wat minder huil en vasklou (skeidingsangs)

vandat ek die situasie verduidelik en eerlik op hul vrae antwoord.

G: My oudste het beslis minder woedebuie en knou sy kleinboet minder af.

- **Vraag 3.2:**
Indien jy hierbo “ja” geantwoord het, ignoreer dié vraag:

Nie van toepassing, aangesien alle respondente 3.1. beantwoord het.

- **Vraag 3.2.1:**
Wat het jou laat besluit om nie die inligting te gebruik nie?
- **Vraag 3.2.2:**
Watter inligting of riglyne sal jy moontlik in die toekoms gebruik?

Die volgende respondente het verkeerdelik die tweede deel van die vraag steeds beantwoord:

A: Alles moet in geheel gebruik word.

C: Ek sal probeer om dit wat ek oor die rouproses geleer het met my vriende, familie en met onderwysers te deel.

D: Roufases en routake, die ouer / versorger se rol.

F: Ek sal met alle eerlikheid al die riglyne gebruik en aanhou gebruik omdat ek verandering sien as ek dit toepas.

G: ‘n Negatiewe bui nie afmaak as stout en ‘n situasie deurpraat met my kind.

- **Vraag 4:**
Watter leemtes bestaan daar na jou mening in die inhoud of aanbieding, of waaroor sou jy graag meer inligting wou hê? Met ander woorde, wat is nie aangespreek nie?

A: Die baie skryfwerk het partykeer vir my laat voel of ek van die inligting mis. Ek stel voor dat daar dalk notas uitgegee word sodat daar meer op die inligting gekonsentreer kan word.

B: Oor die algemeen dink ek die aanbieding het ‘n groot area gedek. Dit is nie slegs

van toepassing op kinders nie, maar ook op volwassenes.

C: Ek sou graag wou weet hoe om met 'n ouer kind te werk, aangesien sy ook jonk was en deur die rouproses gaan, maar ek kan sien dat sy nie maklik oopmaak nie.

E: Ek voel die werksinkels was baie deeglik aangebied en dinge waaroor ek altyd gewonder het of onseker was (hoe om dit te hanteer) was bespreek. Ek voel baie bemagtig.

F: Volgens my is al my vrae beantwoord. Ek voel definitief meer toegerus as ouer en in beheer na die werksinkelsessies.

G: Ek weet dit was die ouderdomsgroep, maar ek sou graag meer inligting oor die optrede van een- tot tweejariges wou hê. Verder baie goed!

- **Vraag 5:**

Is vier sessies voldoende, te min of te veel. Gee redes asseblief.

A: Ek dink 4 sessies is voldoende, alhoewel ek sou verkies dat die werksinkels in een dag, miskien 'n Saterdag, kan plaasvind. Dit is partykeer moeilik om sessies op dieselfde dag vir 4 weke by te woon.

B: Vier sessies is voldoende. Dit is net genoeg inligting sonder om die sessie uitgereg te maak.

C: Te min. Ek voel daar moet sessies wees waar die kinders ook deel is.

D: Voldoende.

E: Vier sessies is voldoende. Ek kon alle basiese riglyne en begrip daaruit kry wat ek kan toepas. Hierdie vier sessies maak jou bewus van jou kind se gedrag en wat om te doen om te help. Dit het my baie gehelp en ek voel alles is behandel.

F: Ek dink die vier sessies het ons genoeg toegerus om enige situasie te hanteer. Sou graag wou gehad het dat onderwysers dit ook moet bywoon.

G: Voldoende. Ek dink die hele spektrum is goed gedek.

- **Vraag 6:**

Enige ander kommentaar of voorstelle?

A: Dankie vir 'n puik werksinkel.

B: Dit was regtig baie insiggewend! Dit is jammer dat daar so min belangstelling

was, baie mense sou gebaat het by hierdie kursus. Ek weet nie of dit prakties moontlik is nie, maar dalk kan skole op 'n oueraand 'n verkorte weergawe van die kursus as 'n praatjie by die aand inwerk.

C: Sou verkies dat daar meer samesprekings is en menings gelig word.

E: Dankie vir die besondere manier waarop die sessies aangebied is. Alles was baie eenvoudig uiteengesit en deeglik behandel. Geen moeite was te veel om vir ons begrip te gee oor maniere waarop ons ons kinders kan help nie. Die sessies was baie leersaam.

G: Daar kan maar nog baie sulke werksinkels aangebied word. Mens kan nooit alles weet van kinderopvoeding nie!

5.5. Interpretasie van die data

5.5.1 Demografiese besonderhede van respondente

Al die repondente is woonagtig in die Suid-Kaap in Oudtshoorn, praat Afrikaans en het graad 12 geslaag. Ses van die respondente is vroulik en een manlik. Ses van die respondente is 'n ouer van die kinders, met een wat 'n grootouer en versorger smiddae is. Die respondente is almal tussen 34 en 40 jaar oud, behalwe vir die grootouer wat 57 jaar oud is. Al die respondente is getroud, behalwe vir een wat in die proses van 'n egskeiding is. Al die ouers is werkend. Die tipes verliese wat voorkom by die respondente is dood (5 respondente), siekte (3 respondente), gehoorverlies (1 respondent), enkelouerskap (1 respondent), verlies van verhoudings (1 repondent), verlies van besittings en omgewing as gevolg van likwidasië (1 respondent) en egskeiding (1 respondent).

Al die respondente is blank, en een is bruin. Al onderskeid wat op grond hiervan gemaak kon word, is die behoefte wat die bruin respondent uitgespreek het om meer besprekings in die sessies te hê, terwyl al die blanke respondente verkies het om slegs inligting te kry, met die aanbieder te deel en dit tuis toe te pas. Die een respondent wat slegs sessie 1 bygewoon het, was swart. Sy het dieselfde behoefte getoon, baie inligting in die sessie gedeel en vrae gevra. Die blanke persone het ongemak getoon rondom die deel van inligting. Dit het grootliks die formaat van die

sessies bepaal, omdat hulle dit kon bywoon sonder om enigiets persoonlik in die sessie openbaar te maak. Die geleentheid vir vrae is altyd gegee, maar deelname het meestal van die bruin respondent gekom.

Die swart respondent het na sessie 1 nie weer gekom nie. Sy het laat weet dat dit weens vervoerprobleme is. Die werkkaart van sessie 1 het egter getoon dat geletterdheid 'n probleem is. Die sessie se inhoud is waarskynlik, veral weens die aanbiedingstaal, nie toeganklik vir hierdie respondent nie. Dit behoort in ag geneem te word met uitnodigings na die werksinkels in die toekoms. Die inhoud kan ook aangepas word sodat dit meer verstaanbaar kan wees vir persone met 'n laer opvoedingspeil.

5.5.2 Sessie 1

Respondente noem die volgende rakende hulle gevoelens, vrae en gewaarwordinge van rou en verlies by die jong kind:

- Daar is 'n gevoel van jammerte
- Ouers is onseker oor wat om te doen met dissipline
- Die kinders sukkel met vrese (bang vir die donker), daar is baie emosie, gedragsprobleme, skoolprobleme, angstigheid, woede, huil in die slaap en skeidingsangs
- Kinders rou in sarsies
- Daar is baie vrae oor dood en die hemel
- Ouers is onseker oor of die kind rou

Na inligting oor rou en verlies in die ontwikkelingsfase van die kind gedeel is, het die volgende gedrag in reaksie op rou en verlies bygekom:

- Kinders praat oor die verlies
- Soek aandag
- Die kind is stout
- Skaam en stil
- Onseker
- Liefdevol

- Wil nie alleen wees nie
- Soek die ma
- Gebrek aan konsentrasie
- Voel anders as ander kinders, want die kind het 'n ouer verloor
- Steek emosie weg en huil dan oor niks
- Afknouerig

Dit is duidelik dat hierdie inligting in 'n groot mate ooreenstem met die kenmerke van rou en verlies by die jong kind, soos dit in Hoofstuk 2 uiteengesit is. Daar is egter ook tekens van onkunde, soos met die beskrywing van kinders as "stout" in reaksie op rou en verlies. Die meeste respondente kon insien dat baie van die gedrag ooreenstem met die kind se ontwikkelingsvlak.

Voor die werkswinkel was ongeveer die helfte van die respondente (4 uit 7) bewus daarvan dat die kind se gedrag met rou en verlies verband hou. Dit is weens terapie, die traumatiese dood van 'n ouer en van die kinders het baie oor die verlies gepraat. Die ander respondente was nie bewus nie, het gewonder daarvoor, het dit vermoed en was onseker. Tog is daar by almal die behoefte om self te weet wat om te doen, wat die behoefte wat hierdie werksinkels aanspreek bevestig, met ander woorde om ouers te bemagtig om rou en verlies by die jong kind te hanteer.

Uit die kommentaar-gedeelte van die werkkaart het geblyk dat respondente hou van die praktiese aanslag wat gevolg is. Die gedeelte oor emosionele ontwikkeling was waardevol. Vrae is gevra oor dissipline en gedrag by 'n jonger kind wat nie kan praat nie.

5.5.3 Sessie 2

Na verdere inligting oor die kenmerke van rou en verlies by die jong kind gedeel is, noem ouers en versorgers die volgende wat hulle by hulle kinders waarneem:

- Nagmerries (3 respondente)
- Rou in sarsies (6 respondente)
- Rusteloos en sit nie stil (4 respondente)

- Emosionele episodes (4 respondente)
- Vrees en angs (3 respondente)
- Aggressie (4 respondente)
- Woede (4 respondente)
- Praat oor die verlies (2 respondente)
- Fisiese klagtes (4 respondente)
- Skeidingsangs (5 respondente)
- Die verhaal word oor en oor vertel (2 respondente)
- Towerkrag of fantasie (3 respondente)
- Maak gedrag van die oorledene of afwesige persoon na (1 respondent)
- Konsentrasieprobleme (3 respondente)
- Ongeorganiseerd (2 respondente)
- Praat met die oorledene of afwesige persoon (2 respondente)
- Dood is omkeerbaar (2 respondente)
- Wag vir iemand of iets om terug te keer (1 respondent)
- Sosialiseer nie of moeilik (1 respondent)
- Spel met verlies as tema (1 respondent)
- Verwys na wat verlore is in die teenswoordige tyd (1 respondent)
- Onttrek (2 respondente)
- Vlietende gedagtes (1 respondent)
- Kom onaangeraak voor (3 respondente)

Uit die response van kenmerke of tekens van rou en verlies wat by die jong kind waargeneem word, is dit duidelik dat die respondente meer leer en bewus word van die reaksie by die jong kind op rou en verlies. In sessie 1 is die voorkennis getoets met die eerste vraag oor die gevoelens, vrae en gewaarwordinge van rou en verlies by die jong kind. Respondente het geskryf wat hulle by die kinders waarneem. Na die inligting oor die ontwikkelingsfase (kognitief, emosioneel en psigososiaal) en rou en verlies gedeel is, kon respondente by die derde vraag meer gedragskenmerke by die kind neerskryf. In sessie 2 is kenmerke van rou en verlies by die jong kind vanuit die literatuur weergegee. Na hierdie inligting kon ouers steeds nuwe eienskappe vir die voorkoms van rou en verlies by hulle jong kinders weergee. Die volgende

kenmerke, wat nog nie voorheen deur ouers genoem is nie, is geïdentifiseer:

- Nagmerries
- Rusteloosheid
- Aggressie
- Fisiese klagtes
- Die verhaal van die verlies word oor en oor vertel
- Towerkrag of fantasie
- Die gedrag van die oorledene of afwesige persoon word nagmaak
- Dood is omkeerbaar
- Wag vir iemand of iets om terug te kom
- Sosialiseer nie of moeilik
- Spel met verlies as tema
- Verwys na wat verlore is in die teenswoordige tyd
- Onttrek
- Vlietende gedagtes
- Kom onaangeraak voor

Met die tweede vraag moes ouers en versorgers probeer identifiseer in watter roufase die kind op die oomblik is. Dit blyk dat al die respondente kon identifiseer in watter roufase die kinders is, behalwe vir een, wat genoem het dat dit voel of al die fases deurmekaar voorkom. Dieselfde geld vir vraag 3, waar die ouers en versorgers moes aandui watter roufases die kinders moontlik reeds deurleef het.

Wat die routake betref, kon alle respondente, behalwe twee, die routake waarmee die kind tans besig is, identifiseer (vraag 4). Een van die respondente wat nie die routake kon identifiseer nie, het by roufases vasgesteek en dit weer gebruik om die vraag te beantwoord. Die ander respondent het, soos met die vrae oor roufases, glad nie die routake geïdentifiseer nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat sy werklik nie op die oomblik weet nie, want uit gesprekke het duidelik geblyk dat hierdie ouer self tans in 'n krisissituasie is en net probeer oorleef. Sy sien wel die gedrag by haar kinders, maar sy beskryf omstandighede tuis as "baie deurmekaar" en "chaoties". Alle respondente het egter sinvolle opmerkings gemaak oor wat hulle prakties kan doen om die kind in hierdie routaak by te staan. Dit is positief, aangesien dit reeds

praktiese toepassing tot gevolg het en die ouer of versorger laat besin oor die rol wat hy / sy kan speel om die kind wat rou en verlies ervaar te help. Vier van die respondente het aangedui dat hulle met die kinders sal moet praat, en vier het aangedui dat hulle geleentheid sal skep vir die herdenking en viering van die verhouding. Een ouer sal die gemis aan die pa probeer versag deur dit wat die pa en seun saam gedoen het self saam met die seun te doen, naamlik om in die tuin te werk. In alle gevalle dui die ondersteuningsmetodes op tyd wat met die kind spandeer gaan word, sowel as 'n groter openheid oor die verlies, wat die ouer-kind verhouding positief kan beïnvloed, en dit is vir die kind in rou en verlies van waarde.

Uit die kommentaar-gedeelte het die volgende aan die lig gekom na 'n vraag oor of die respondente meer interaksie met mekaar wil hê: twee het gereageer en aangedui dat hulle eerder die aanbieding verkies sonder om te deel.

Slegs een respondent het 'n vraag gevra. Sy gaan deur 'n egskeiding en wil weet of sy meer met die kind oor sy pa moet praat en 'n foto in sy kamer moet sit. Die vrees bestaan dat die pa hom in die toekoms van die kind sal onttrek. Sy wil ook weet wat sy met haar jonger kind moet doen. Die vrae is individueel beantwoord.

Al die respondente het aangedui dat die sessie waardevol was en dat dit help om te weet in watter roufase die kind verkeer en met watter routaak hy / sy besig is. Die ouers noem dat hulle bemagtig voel en dat die kennis hulle rigting gee met hoe hulle vir die kinders van hulp kan wees. Een ouer het deur die inligting van sessie 2 tot die gevolgtrekking gekom dat die gedrag van haar seun, wat kommer gewek het, aan rou en verlies toegeskryf kan word. 'n Ander ouer het besef dat sy eerlik moet wees met haar kinders oor wat werklik aangaan met hulle omstandighede tuis, sodat die kinders met hulle eie rouproses en routake kan voortgaan op die weg na heling. 'n Versorger het die belangrikheid van kommunikasie met kinders besef.

Uit die bogenoemde blyk dat sessie 2 suksesvol verloop het, met die doel van hierdie werkswinkels, naamlik die bemagtiging van ouers om rou en verlies by die jong kind te hanteer, in gedagte.

5.5.4 Sessie 3

In sessie 3 is praktiese riglyne vir die hantering van rou en verlies by die jong kind met die ouers gedeel.

Respondente moes by **vraag 1** aandui watter van die inligting hulle nou kan gebruik om die kind te ondersteun. Die volgende is genoem:

- Deel die nuus so gou as moontlik
- Kommunikeer eerlik (2 respondente)
- Gee tyd (3 respondente)
- Moenie gevoelens bedek nie
- Stel die kinders gerus dat hulle versorg sal word
- Laat die kinders veilig en geliefd voel (3 respondente)
- Moedig die kinders aan om emosie te wys
- Deel emosie – sê hoe jy voel (3 respondente)
- Luister meer aandagtig
- Moedig die kind aan om te praat sonder om druk op hom / haar te plaas (2 respondente)
- Skep 'n meer huislike omgewing
- Hou roetine dieselfde (2 respondente)
- Dissipline
- Laat iemand die kind ondersteun as die ouer self nie kan nie

Een respondente het nie die vraag direk beantwoord nie, maar net genoem dat hy van die inligting van vorige sessies reeds toegepas het en dat hy sessie 3 se inligting goed sal kan gebruik.

By **vraag 2** moes respondente aandui wat hulle, na die riglyne wat hulle gekry het, anders sal doen met die hantering van rou en verlies by die jong kind. Die volgende terugvoer is verkry:

- Meer praat oor die ander ouer

- Die kind se woede probeer verstaan en dit nie altyd toeskryf aan stoutigheid of “terrible two’s” nie
- Om nie rou en verlies te probeer wegsteek nie
- Tyd maak om aan die kind se behoeftes aandag te gee en vrae te beantwoord (2 respondente)
- Om nie aan te gaan asof die verlies nooit plaasgevind het nie, maar om eerder die lewe te vier
- Om die kind toe te laat om oor die verlies te praat (2 respondente)
- Om eie gevoelens met die kind te deel (2 respondente)
- Meer geduld hê
- Meer uitvra en fyner oplet na tekens wat wys daar is fout
- Om eerlik te wees oor enige situasie wat mag opduik
- Sal die kinders so veilig as moontlik laat voel
- Meer fisiese kontak en liefde wys

Indien die ouers die bogenoemde voornemens sal gebruik, behoort die kind wat rou en verlies ervaar daarby baat te vind. Die doel van **vraag 2** was vir ouers om te reflekteer op moontlike foute wat in die verlede gemaak is en hoe dit reggestel is. Dit is moontlik dat die vraag duideliker gestel moes word om meer direkte antwoorde te genereer. Dit is byvoorbeeld jammer dat so min van die respondente aangedui het dat hulle nou eerlik met die kinders oor die verlies sal kommunikeer. Ten minste vier van die respondente het laat blyk dat hulle nie altyd eerlike inligting aan die kinders gegee het nie, wat natuurlik die rouproses kan bemoeilik en vertraag.

Vraag 3 handel oor ‘n verandering in die respondent self of in die kind in sy / haar sorg, wat moontlik kon plaasvind in reaksie op die werkswinkels se inligting en die toepassing daarvan. Hoewel die tydsbestek moontlik te kort was om werklike veranderinge in gedrag by die kinders te kan aanmeld, is dit tog moontlik dat ‘n kind byvoorbeeld na ‘n gesprek met die ouer of versorger, en korrekte inligting, sy / haar skuldgevoelens kon oorkom. Die volgende terugvoer is ontvang:

- Die onsekerheid van hoe om sekere situasies te hanteer is vir die ouer opgeklaar.

- Die ouer voel meer in beheer van probleme, want daar is 'n oplossing daarvoor.
- Die kinders kom meer gerus voor
- Beter begrip van die kind se optrede en reaksies (4 respondente)
- Minder ouer-kind konflik
- Minder woede en opgekropte hartseer
- Die ouer / versorger moet self ook tyd maak om te rou, want dit is natuurlik en belangrik (3 respondente)
- 'n Totale verandering in denkwyse oor rou en verlies
- Die ouer voel beter toegerus om die kinders, maar selfs ook ander persone, in rou en verlies te ondersteun

Een van die respondente het ongelukkig hier slegs weer melding gemaak van die riglyne en nie gereflekteer oor hoe die inligting bygedra het tot 'n verandering in haar, of die kind in haar sorg, nie.

Uit die terugvoer het alle respondente, behalwe een, melding gemaak van 'n positiewe verandering in die self. Drie respondente het ook verwys na veranderinge in die kinders in hulle sorg, naamlik minder woede en hartseer, 'n tipe rustigheid en minder konflik tussen ouer en kind (wat natuurlik ook toegeskryf kan word aan 'n verandering wat by die ouer plaasgevind het).

Vraag 4 het ten doel om te bepaal of die respondente van mening is dat daar 'n behoefte aan werkswinkels oor rou en verlies by die jong kind in die gemeenskap bestaan. Moontlik het hulle die werkswinkels slegs bygewoon omdat dit hulle eie situasie aanspreek. As die respondente egter bewus is van ander persone wat by die inligting kon baat vind, beteken dit dat die werkswinkels op 'n wyer area toepaslik mag wees, hoewel dit slegs op die respondente se persepsies gegrond is.

Alle respondente het aangedui dat daar 'n behoefte aan hierdie tipe werkswinkels in die gemeenskap bestaan. Redes sluit die volgende in:

- Om voorbereid te kan wees op 'n verliessituasie en die vaardighede te hê om dit te kan hanteer (2 respondente)

- Dit moet op skool aangebied word. Hierdie respondent het laat blyk dat onderwysers afwesig was in die ondersteuning aan kinders wat rou en verlies ervaar.
- Die meerderheid mense weet nie hoe om rou en verlies te hanteer nie (3 respondente)
- Sodat kinders se gedrag geïdentifiseer kan word
- Selfverryking
- Baie ouers worstel met dieselfde probleme

Indien hierdie werskwinkel dan, volgens die respondente, 'n plek in die gemeenskap het, waarom is mense so huiwerig om dit by te woon? **Vraag 5** het ten doel om te probeer bepaal waarom slegs sewe persone besluit het om die werksinkels by te woon. Hoewel die respondente nie met gesag kan praat oor die optrede van ander persone nie, is hierdie vraag waardevol, omdat die navorser die meeste van die respondente self weer moes kontak om die werksinkels by te woon. Selfs nadat ongeveer tien respondente bevestig het dat hulle kom, is die eerste sessie deur slegs drie respondente bygewoon. Die respondente is weer gekontak. Sommige het aangedui dat hulle nie meer die werksinkels sal bywoon nie, maar vier het aangedui dat hulle probleme ervaar het om sessie 1 by te woon. Sessie 1 is vir hierdie respondente herhaal.

Die volgende is die terugvoer op **vraag 5**:

- Vrese oor die konfidensialiteit van inligting – Oudtshoorn is 'n klein dorpie en omdat baie mense mekaar ken vrees hulle dat hulle probleme in 'n skinderstorie kan ontaard (2 respondente)
- Mense probeer hulle probleme wegsteek, trots (4 respondente)
- Mense wil nie erken dat hulle hulp benodig en nie in beheer is van 'n situasie nie
- Voel kwesbaar om in 'n sessie te sit waar gevoelens bespreek word; dit kan hul ontstel (2 respondente)
- Ontkenning van rou en emosies (2 respondente)
- 'n Gejaagde lewe – mense wil minder doen en nie meer nie
- Kinders word aan hulself oorgelaat – die ouers is nie so betrokke by hulle nie

- Die persoonlike belewenis is nog te intens en seer

Die belangrikste redes blyk kwessies rondom die geheimhouding van inligting, om probleme weg te steek, gevoelens van kwesbaarheid, en die ontkenning van probleme te wees. Geheimhouding of konfidensialiteit van inligting is egter na die navorser se mening meer prominent as wat hier blyk. Nadat die formaat van die werkswinkels verduidelik is en respondente verseker is dat hulle nie inligting hoef te deel nie, was diegene wat sessie 1 aan die begin gemis het baie meer positief daaroor om dit by te woon. Die persepsie dat mense gerugte in Oudtshoorn versprei bestaan en is goed gevestig onder die inwoners. Vrese rondom hierdie aspek het ook in private gesprekke met respondente aan die lig gekom. Die moontlikheid om die uitnodiging na die werkswinkels in die toekoms aan te pas behoort oorweeg te word. Hierdie tendens behoort nie in 'n stadsomgewing en groter gemeenskap voor te kom nie.

Vraag 6 het ten doel om te bepaal of ouers en versorgers van mening is dat die werkswinkel hulle bemagtig om rou en verlies by die jong kind te hanteer – wat die doel met die werkswinkels is. Al die respondente het positief geantwoord en voel dat die werkswinkels geslaagd is. Die volgende redes word gegee:

- Antwoorde op vrae is verkry (2 respondente)
- Inligting is toegepas en dit werk
- Ouers leer om meer sensitief te wees vir kinders se gevoelens, gedrag en emosies (3 respondente)
- Praktiese raad en inligting vir hulp en ondersteuning in rou en verlies (3 respondente)
- Voel nie so magteloos en onkundig nie (2 respondente)

Die terugvoer op vraag 6 dui wel op bemagtiging in die vorm van kennis en vaardighede, sowel as gevoelens van magteloosheid en onkunde wat oorkom is.

Uit kommentaar op sessie 3 is 'n versoek van een respondent vir soortgelyke werkswinkels ontvang, en 'n ander voorstel. Verder het respondente slegs kommentaar gelewer op wat betekenisvol of van waarde was. Twee respondente het

beseft hulle moet emosie wys en gevoelens met die kind deel, drie het waardering vir die hantering van rou en verlies (die riglyne) een het uit die verskillende tipes verlies iets wys geword, en nog een respondent het haar verantwoordelikheid beseft en wil haar kinders as meer waardevol hanteer.

Dit blyk aan die einde van sessie 3 dat die respondente baie positief is oor die werkswinkels en dat hulle dit as waardevol beskou.

5.5.5 Sessie 4

Die fokus van hierdie sessie is die skool en hoe die ouer die skool kan betrek, watter hulp verwag kan word en selfs watter inligting die ouer kan deel of versoek en leergeleenthede in verband met rou en verlies inisieer.

Vraag 1 van die werkkartaar probeer vasstel of ouers enigsins die skool betrek by, en inligting oor, hulle besondere situasie van rou en verlies. Vyf van die respondente het die skool ingelig omtrent die verlies, een glad nie, en een respondent se kinders is nog nie in 'n skool of speelgroepie nie. In al die gevalle waar die skool ingelig is, is inligting gedeel oor die kinders se verlies, die emosionele toestand van die kinders en die huislike omstandighede. Een ouer het reeds voorstelle gemaak oor hoe die verlies in die klassituasie hanteer kan word deur byvoorbeeld 'n opdrag om Vadersdagkaartjies te maak aan te pas.

Aanpassings wat ouers nou, na die werkswinkels sal maak om die skool se ondersteuning positief te gebruik (**vraag 2**) sluit die volgende in:

- Om die skool as ondersteuningsmeganisme in te span. Die ouer en onderwyser kan die situasie saam hanteer.
- Die onderwyser kan die kinders inlig rondom die rouproses en eerlik wees met hulle. (2 respondente)
- Die onderwyser sal gevra word om roetine en dissipline te behou.
- Weeklikse vorderingsverslae om die kind te monitor.
- Die onderwyser sal gevra word om belangstelling te toon in wat die kind doen en sê.

- Met die onderwyser praat oor die probleme, riglyne gee en ondersteuning vra. (2 respondente – 1 is die ouer wat nog niks vir die skool gesê het nie wat nou beplan om die skool te betrek)
- Onderwysers vra om met die kind te praat by die skool.

Vraag 3 probeer bepaal of daar enige negatiewe beleving van die skool se betrokkenheid by die situasie van rou en verlies is. Vier van die respondente wat die skool betrek het, het geen negatiewe beleving gehad nie. Een van die respondente is nog onseker, aangesien die skool onlangs eers betrek is. Sy het egter laat blyk dat die onderwysers vermoed dat haar een dogter depressief is. In 'n gesprek met hierdie respondent het onkunde van die skool egter geblyk. Die pa van die kinders is al vir twee jaar erg depressief. Dit het ook daartoe gelei dat die onderneming gelikwideer is. Die kinders is nie ingelig oor die pa se siekte of die likwidasie nie. Boonop het die kinders in 'n periode van twee jaar twee maats aan die dood afgestaan weens kanker. Die onderwysers is bewus van die pa se siekte, maar dit wil tog voorkom asof gedrag by die kinders eerstens aan depressie toegeskryf word (omdat dit is waarvan die onderwysers weet), eerder as om ondersoek in te stel na wat werklik by die kinders plaasvind. Dit is egter ook waarskynlik toe te skryf aan die moeder se weerhouding van volledige inligting. Hieruit blyk weereens die belang van eerlike kommunikasie – met die kinders, sowel as met die skool. Goeie kommunikasie baan die weg vir die beste steun aan die kind.

Oor die positiewe beleving van die skool se betrokkenheid by die situasie van rou en verlies (**vraag 4**), het vier respondente aangedui dat hulle positiewe ervarings met die skool se betrokkenheid by hul situasie gehad het. Dit is verblydend. Ondersteuning van die skool het gewissel van fisiese versorging van die kinders (en selfs die gesin), aandag, aanraking, troos en liefde, belangstelling, tyd om te luister en met die kind te praat, tot beloftes van bystand en monitering van die kind. Een respondent, wat nog nie volledig inligting met die skool gedeel het nie, is bewus daarvan dat die skool meer inligting benodig en dat onderwysers die kinders ondersteun volgens die beperkte inligting wat hulle ontvang het.

Kommentaar op sessie 4:

Heelwat voorstelle is ontvang, naamlik dat die werksinkels vir skole aangebied moet word, dat ekstra sessies aangebied moet word en dat kinders ook gedurende die werksinkels geëvalueer moet word, omdat ouers nie altyd simptome raaksien nie. Die laaste voorstel is egter nie prakties uitvoerbaar nie.

Een respondente het 'n vraag gevra, wat op 'n wyer behoefte vir die hantering van rou en verlies binne die gesin dui, maar wat nie deur hierdie werksinkels gedek word nie. Dié respondente wil weet hoe om haar eggenoot te betrek as hy nie tekens van rou toon nie.

Wat betekenisvol was vir die respondente sluit in dat die wete dat ander deur dieselfde gaan en heel anderkant uitkom gerusstellend is, dat daar nou begrip is vir waarom die skool van sekere situasies moet weet, op watter wyse die skool betrek kan word, wanneer professionele hulp ingeroep moet word en die raad en praktiese voorbeelde.

5.5.6 Evaluasie

Al die respondente het aangedui dat die werksinkels 'n verandering in hulle bewustheid, belewenis en persepsie van rou en verlies by die jong kind teweeggebring het.

Al die respondente het aangedui dat die werksinkels behulpsaam, prakties en toepaslik is. Hulle weet hoe om op te tree (2 respondente) en waarna om op te let (2 respondente). Die sessies is as leersaam beskryf (1 respondente). Een respondente kon die verwysing na haar kind as "stout" staak omdat sy haar gedrag aan die rouproses kon koppel. Daar is beter begrip vir die kind (2 respondente).

Al die respondente het aangedui dat die inligting tuis toegepas is. Die inligting of riglyne wat gebruik is, sluit die volgende in:

- Die kind is die rigtingwyser
- Die versorger kan sy / haar eie rou wys

- Gee kans vir vrae en antwoord dit eenvoudig en eerlik (3 respondente)
- Wees geduldig en simpatiek
- Wees eerlik met die kinders (2 respondente)
- Verseker kinders dat die verlies nie hulle skuld is nie (2 respondente)
- Dat kinders mag rou en huil (3 respondente)
- Betrek die kinders by rituele en gebeure
- Werk deur emosies
- Praat oor die verlies (3 respondente)
- Bespreek die permanensie van die dood
- Probeer roetine dieselfde hou
- Liefde en fisiese kontak

Die effek van die toepassing van die inligting is wel kort na die werksinkelsessies, en daarom is geen groot veranderinge geantisipeer nie. Tog is klein veranderinge moontlik, en dit is ook wat uit die respondente se terugvoer geblyk het. Vyf respondente kon veranderinge by hulle kinders waarneem. Die volgende veranderinge is waargeneem:

- Die kind vra vrae met meer vrymoedigheid
- Praat oor rou
- Minder skeidingsangs nadat inligting eerlik gedeel is en die kinders se vrae beantwoord is. Hierdie respondent het juis inligting van die kinders weerhou, leuens vertel om die kinders te probeer beskerm en self haar emosie probeer wegsteek.
- Die kind en die ouers is baie rustiger
- Emosionele ontlading
- Gesels meer vrymoedig oor die verlies
- Minder woedebuie en afknouerigheid

Leemtes in die aanbieding wat uitgewys is sluit die volgende in:

- Baie skryfwerk veroorsaak dat van die inligting gemis word. Die respondent verwys na die notas wat hy gemaak het van die inligting. Hy sou dit graag in 'n uitdeeltuk wou ontvang en dan sleg notas byvoeg. Dit is 'n geldige punt

wat moontlik in die toekoms van waarde kan wees en oorweeg behoort te word met die aanbieding van enige werkswinkel.

- Een respondent sal graag ook inligting oor jonger kinders wil bekom, en een oor ouer kinders. Dit is dus moontlik dat die werksinkels uitgebrei kan word om ook op ander ouderdomsgroepe van toepassing te wees.

Wat kritiek op die werksinkels betref, is dit moontlik dat respondente nie heeltemal eerlik gereageer het nie. Die groep is klein en terugvoer is nie anoniem soos met 'n groter steekproef die geval sal wees nie.

Ses van die respondente is van mening dat vier sessies voldoende is vir hierdie werksinkels se inhoud. Een respondent reken daar is te min sessies en dat kinders ook deel behoort te vorm van sommige sessies. 'n Ander respondent (wat ook gevoel het vier sessies is voldoende) het aangedui dat hy bereid sou wees om al vier sessies op een dag by te woon, aangesien dit vir ouers moeilik kan wees om vier weke lank op dieselfde aand 'n sessie by te woon. Dit is beslis ook 'n voorstel wat in die toekoms oorweeg kan word.

Ander kommentaar en voorstelle het ingesluit dat een respondent meer wou saampraat en menings in die groep deel. Daar is ook voorgestel dat inligting by skole op oueraande gedeel behoort te word. Nog 'n respondent vra vir meer sulke werksinkels, aangesien mens nooit genoeg van kinderopvoeding te wete kan kom nie. Verder was al die kommentaar positiewe opmerkings oor die werksinkels en aanbieding.

5.5.7 Kommentaar van onderwysers

Die onderwysers van drie van die respondente se kinders kon genader word vir inligting oor die kinders se gedrag (met betrekking tot rou en verlies) in die skool. Dit is die kinders van respondente D, E en F se tweeling.

Respondent D: Sy kom onaangeraak voor by die skool. Daar is egter skeidingsangs soggens as die dogter haar ma moet groet, maar smiddae wil sy nie

saam met ouma huis toe gaan nie en dan kruip sy weg. Die kind praat glad nie oor die verlies nie. Sy sosialiseer nie – die onderwyseres merk op dat die dogter min meng en lossies rondspeel. Daar is konsentrasieprobleme. Sy luister nie na 'n opdrag nie, want sy kleur in net soos sy wil, of doen net mooi die teenoorgestelde.

Die dogter “koer” volgens die onderwyser om volwassenes (die ouers) wanneer hulle hul kinders kom haal. Sy soek liefde en aanraking. Sy is soms afknouerig teenoor die maats en selfsugtig – sy wil nie deel nie. Tydens storietyd sit sy met haar rug na die onderwyser en wanneer ouers opdaag roep sy die kinders voor die onderwyser kan.

Die moeder is emosioneel as sy gevra word oor die pa se dood. Die onderwyser is van mening dat steun aan die moeder baie met die dogter se gedrag sal help.

Respondent E: By respondent E se dogter kan die onderwyser emosionele episodes waarneem. Sy is huilerig in die oggende net na haar maat gesterf het. Sy praat glo oor die verlies met die ma, maar glad nie by die skool nie. Skeidingsangs kom voor in die sin dat sy traag is om skool toe te kom.

Respondent F: Die tweeling word elk afsonderlik bespreek as F1 en F2

F1: Hierdie dogter wag vir iemand om terug te keer toe haar pa in die hospitaal was met depressie. Sy het gereeld emosionele uitbarstings – veral as haar ma by is. Sy vrees dit haar ouers nie sal terugkom of haar by die skool kom haal nie. Sy toon woede wanneer sy nie haar sin kry nie. Die dogter kan alles in detail vertel – ook toe haar tweede maatjie dood is. As die pa erg depressief is toon sy skeidingsangs en dan wil sy nie soggens die ma los nie. Wanneer sy hoor van iemand wat dood is word die verhaal van haar maatjie se sterfte oor en oor vertel. Soms onttrek hierdie dogter en wil sy net op haar eie wees. Sy is baie emosioneel, wil gepamperlang word en manipuleer haar ma.

F2: Hierdie dogter wag vir iemand om terug te keer. Sy verlang na haar pa terwyl hy weg was vir behandeling vir depressie. Emosionele episodes kom voor. Sy is met tye huilerig as sy skool toe kom en sy mis haar pa. Sy praat oor die verlies en noem

dat sy haastig is vir haar pa om huis toe te kom. Skeidingsangs kom voor wanneer sy langer as gewoonlik neem om soggens van haar ma afskeid te neem. Hierdie dogter het glo in die nag met haar maatjie wat gesterf het gesels. In die klas toon sy geen tekens dat sy probleme ervaar om haar dood te verwerk nie.

Wanneer die terugvoer van die onderwysers vergelyk word met die simptome wat die ouers by die kinders waarneem, blyk die volgende:

D: Beide die grootouer en die onderwyser merk die volgende by die kind op: skeidingsangs, sosialisering: sy is skaam en stil en meng nie, soek liefde en aandag (gee graag drukkie). Sy toon egter die volgende by die skool, waarvan die ouma glad nie bewus is nie: kiewelrigheid en rusteloosheid, konsentrasieprobleme, afknouerigheid en, wat die verlies self betref, kom sy onaangeraak voor. Die ouma sien weer die kind rou in sarsies, is onseker, wag vir iemand om terug te kom, sy is besluiteloos, daar is fantasie en towerkrag met betrekking tot die verlies en sy praat met die ouma daaroor. Die kind glo ook die dood is omkeerbaar en sy praat met die oorledene.

Dit blyk duidelik dat daar heelwat verskille is in wat die ouma en die onderwyseres waarneem. Dit kan egter moontlik toegeskryf word daaraan dat die ouma nie die dogter in 'n sosiale- en groepsomgewing sien nie – sy kyk net na haar en haar broer in die middag. Dieselfde geld die onderwyser se waarnemings wat nie die simptome wat die grootouer beskryf insluit nie.

E: Die onderwyser het slegs opgemerk dat die kind soggens huilerig is en skeidingsangs toon kort na die verlies wat sy ervaar het. Daar is ook konsentrasieprobleme en rusteloosheid (genoem in 'n telefoniese gesprek met die onderwyser), maar volgens die onderwyser is dit nie noemenswaardig nie. Die moeder het egter die volgende simptome waargeneem: die kind huil in haar slaap (nagmerries), daar is woede, sy vra baie vrae, sy is by tye stil, emosionele episodes, konsentrasieprobleme, rusteloosheid, sy sosialiseer nie of moeilik, rou in sarsies, daar is fisiese klagtes en skeidingsangs. Beide die ouer en die onderwyser is dus bewus van skeidingsangs, rusteloosheid en konsentrasieprobleme. Dit is egter vreemd dat probleme met sosialisering en emosionele episodes nie ook in die skool

sigbaar is nie. Dit kan egter wees dat die moeder oorbesorgd is en dat simptome aan iets anders, soos probleme tuis, toegeskryf kan word. Die ouer het die navorser meegedeel dat sy lang ure werk en feitlik nooit tyd met die kind kan spandeer nie. Die dogter is tot laatmiddag by nasorg en word dan in die sorg van 'n streng en sieklike grootouer gelaat. Onderwysers het ook laat blyk dat die moeder oorgretig is en soms simptome noem wat eintlik die teendeel is van die dogter se gedrag in die klas. Uit gesprekke met die ouer het geblyk dat syself nie oor die verliese praat nie en nog nooit self daarvoor gerou het nie. Dit is nog 'n moontlikheid vir van die simptome, aangesien die dogter in so 'n situasie haar emosies kan onderdruk en wegsteek, aangesien sy nie toegelaat word om openlik te rou nie. Die moeder het ook nog nie eerlik met die kind gepraat oor die verliese nie. Sy dink byvoorbeeld haar pa is dood, maar eintlik wil die moeder net geen kontak met hom toelaat nie, aangesien die persoon dwelms misbruik en van 'n ander ras en kultuur afkomstig is. Die dogter en ander met wie die familie in kontak is, is glad nie daarvan bewus dat die kind se vader van 'n ander ras is nie. Die moeder wil dit graag so hou.

F1: Die onderwyser en die moeder se waarnemings stem grootliks ooreen. Beide die ouer en die onderwyser is bewus van die kind se emosionele episodes, angs en vrees, woede, en sy praat graag oor die verliese. Die onderwyser is bykomend bewus daarvan dat die kind vir iemand of iets wag, maar dit is waarskynlik omdat die kind van die belangrike persone geskei is en by die skool is. Simptome wat die ouer opmerk en nie die onderwyser nie, is die volgende: towerkrag rondom die dood of verlies, nagmerries, sy is by tye stil, rou in sarsies en sy dink die dood is omkeerbaar. Van hierdie simptome, soos nagmerries, sal egter hoofsaaklik tuis waargeneem word, en na inligting oor rou en verlies gedeel is. Tweeling 1 van respondente F se onderwyser is dus baie goed bewus van die simptome van die kind, en haar gewaarwording stem grootliks ooreen met dié van die moeder. Hierdie kind openbaar dus rou- en verlies simptome in die skool en tuis.

F2: Die onderwyser en die moeder se waarnemings kom nie soveel ooreen nie. Een van die faktore wat hiertoe aanleiding kan gee kan binne die kind self wees. Die moeder het genoem dat hierdie kind geneig is daartoe om haar gevoelens te onderdruk en weg te steek. Dit kan ook wees dat die onderwyser nie die simptome wat sy wel waarneem aan rou en verlies toeskryf nie. Die onderwyser het al

voorheen aan die moeder gesê dat die dogter tekens toon van Aandagafleibaarheid en Hiperaktiwiteit (ADHD). Dit het egter uit die literatuur geblyk dat kinders wat nie openlik uiting aan hul emosies kan gee nie tekens van rusteloosheid en gebrek aan konsentrasie, beide simptome van hiperaktiwiteit, kan toon. Daarom is dit moontlik dat hierdie tekens van rou nie deur die onderwyser genoem is nie, omdat sy dit aan ADHD toeskryf.

Die onderwyser het skeidingsangs waargeneem, sowel as dat die kind wag vir iemand om terug te keer, wat die moeder nie genoem het nie. Dit was tydens die vader se hospitalisasie. Verder sê sy daar is geen probleme by die kind met die hantering van rou en verlies in die klaskamer nie. Die simptome wat die onderwyser genoem het maak sin, soos in die geval van **F1**, omdat die kind van belangrike persone geskei is in 'n krisistyd. Beide die ouer en die onderwyser is bewus van emosionele episodes by die dogter, en sy praat oor die verlies. Addisionele simptome wat die moeder opmerk, en waarvan die onderwyser skynbaar nie bewus is nie, sluit die volgende in: angstigtheid, onttrekking, praat oor ander goed as sy uitgevra word oor wat haar pla (ontken en onderdruk haar gevoel), sy wys nie as iets haar pla nie (onderdruk emosie), gebrek aan konsentrasie, rusteloosheid, vlietende gedagtes, die dood is omkeerbaar, nagmerries, towerkrag en fantasie (sy praat met die oorledene) en rou in sarsies. Soos met die ander dogter, sal van hierdie simptome meer sigbaar wees in die omgewing tuis, maar dit kom ook voor asof die onderwyser moontlik nie die simptome korrek waarneem of aan rou en verlies toeskryf nie. Die tweelingdogters is nie by dieselfde onderwyser nie.

Onderwysers het in die terugvoer na kinders se optrede verwys as “probleemvry” of “met probleme”. Dit dui op 'n wanpersepsie by onderwysers, aangesien gedrag in rou en verlies nie as problematies beskou behoort te word nie, maar eerder as normale optrede in die lig van verlies en onderweg na heling.

5.6. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is 'n gedetailleerde uiteensetting gegee van die terugvoer op die werkswinkelsessies, en dit is geïnterpreteer. Die navorser het tot die slotsom gekom dat ouers die werkswinkels en riglyne as waardevol en bruikbaar beskou. Hulle voel

bemagtig en in baie gevalle ook verlig dat die gedrag van die kinders as normaal beskou kan word. Dit dui daarop dat die werksinkels geslaagd was, aangesien die doel verwesenlik is, naamlik om riglyne daar te stel en inligting met ouers te deel sodat hulle bemagtig kan word om rou en verlies by hulle jong kinders te hanteer. Die simptome van rou en verlies by jong kinders het in beide die ouers se beskrywing, sowel as onderwysers s'n, na vore gekom. Tekens van onkunde was daar, soos dat gedrag wat kenmerkend van rou en verlies is as "probleme" beskryf is, en dat ouers gedink het hulle kinders is bloot "stout". Alle respondente het gevoel dat hierdie werksinkels 'n behoefte aanspreek, veral wat die belewenis en normalisering van rou en verlies by jong kinders, en selfs ook volwassenes, betref.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

I have learned two lessons in my life:
 first, there are no sufficient literary, psychological,
 or historical answers to human tragedy, only moral ones.
 Second, just as despair can come to one another only from other human
 beings, hope, too, can be given to one only by other human beings.
 Elie Wiesel

6.1. Inleiding

In Hoofstuk 6 word 'n samevatting oor die hele studie gegee met 'n opsomming van die bevindinge, bydraes en leemtes van die studie, en aanbevelings vir verdere navorsing op die terrein van rou en verlies by die jong kind van 2-6 jaar. In hierdie studie is gepoog om die volgende vraag (die probleemstelling, soos dit in Hoofstuk 1 uiteengesit is) te beantwoord:

Hoe hanteer jong kinders rou en verlies, en wat kan ouers, onderwysers en sielkundiges doen om hulle te ondersteun en te help met die verwerking daarvan?

Hoofstuk 6 se doel is om aan te toon dat hierdie vraag wel aangespreek is.

6.2. Aannames wat die studie gerig het

Die volgende aannames het vir hierdie studie gegeld, soos dit in Hoofstuk 1 volledig uiteengesit is:

- Dit is moontlik dat ouers nie oor die nodige inligting beskik om hulle kinders by te staan tot die suksesvolle verwerking van rou en verlies nie.
- Kinders wat rou en verlies ervaar kan gedragsprobleme is die skool toon. Dit is moontlik dat onderwysers hierdie gedrag verkeerdelik as wangedrag kan beskou, terwyl dit eintlik met rou en verlies verband hou.

- Kennis van rou en verlies by jong kinders kan waarde toevoeg vir ouers, onderwysers en skole om kinders beter te ondersteun.
- Riglyne vir die hantering van rou en verlies by die jong kind kan vir onderwysers, ouers en sielkundiges prakties van waarde wees om onmiddellik hulp te verleen.
- Die suksesvolle hantering van rou en verlies by die jong kind vereis moontlik samewerking tussen die skool, die ouerhuis en die sielkundige.
- Soos wat volwassenes se maniere van rou verskil, sal kinders s'n ook verskille toon.

6.3. 'n Oorsig van die studie

'n Deeglike literatuurstudie is onderneem wat oor twee hoofstukke strek, naamlik Hoofstuk 2 en 3. Hoofstuk 4 is gewy aan die navorsingsontwerp, wat ook die werkwinkel se inhoud en die werkkaarte aan die proefpersone insluit. In Hoofstuk 5 is die response van die proefpersone bespreek, sowel as insette van onderwysers, en gevolgtrekkings rondom die sukses van die werkwinkel en die belang van die riglyne vir die ouers.

6.4. Bevindinge uit die literatuurstudie

Vanuit die literatuurstudie het die volgende duidelik geword:

Jong kinders rou anders as volwassenes en ander kinders. Hulle siening van die dood en verliese word beïnvloed deur hulle kognitiewe, emosionele en psigososiale ontwikkelingsfase (sien Diagram 3). Volgens Bowlby (1979) (sien 2.4) is daar by jong kinders se roureaksies ook ooreenkomste met volwasse roureaksies, naamlik protes, smart en apatie na skeiding van 'n persoon met wie 'n hegte band gevorm is. Jong kinders is egter die kwesbaarste na 'n verlies, omdat hulle oor te min hulpbronne beskik wat hulle kan help (sien 2.4 en 2.5).

Die jong kind se ontwikkelingsfase hou direk verband met hoe die kind rou (sien Diagram 4). Kinders van 3 tot 6 jaar sien die dood as tydelik en omkeerbaar, en glo soms dat hulle die situasie kan regstel met fantasie en towerkrag. Kinders maak ook in hierdie fase gebeure op hulself van toepassing weens egosentrisme, en daarom kan hulle skuldig voel dat hulle nie die verlies kan verander of omkeer nie, of hulle

kan voel dat hulle die verlies veroorsaak het. Dit bemoeilik hulle roureaksies en – prosesse. Soos wat die jong kind verder ontwikkel sal die reaksies op en begrip van dood en verlies ook verander. Kinders kan so algaande meer begrip van die verlies toon. Dit kan egter tot gevolg hê dat kinders in ander ontwikkelingsfases weer oor 'n verlies rou, omdat hulle beter begryp wat plaasgevind het en wat verlore is (Hooyman & Kramer, 2006) (sien 2.6). Jong kinders se rou verskil van dié van volwassenes op die volgende wyses: hulle rou in sarsies, maak sin van die verlies deur spel, en jong kinders kan voel hulle is verantwoordelik vir die verlies. Jong kinders is ook geneig om nie-verbaal uiting te gee aan rou deur fisiese simptome en klagtes (Branch & Brinson, 2007).

Kinders se roureaksies kan positief beïnvloed word deur goeie versorging, oop kommunikasie, om openlik uiting aan emosie te kan gee, vrae te kan vrae oor die gebeure, 'n stabiele gesinsomgewing, 'n vertroostende ouer en die geleentheid tot deelname aan rituele rondom die verlies. In gevalle waar die verlies die afwesigheid van een ouer insluit, is die kind se verhouding met die ander ouer van kardinale belang (Christ, 2000) (sien 2.9). Hieruit blyk duidelik die belangrike rol wat die ouer speel by die jong kind wat rou en verlies ervaar, en op die weg na heling.

Die verwysing in die literatuur na die tipes verliese wat kinders ervaar, maak dit onmoontlik dat hierdie studie en werkwinkel slegs op 'n paar gesinne van toepassing kan wees. Volgens die verliese wat onderskei word is dit moontlik dat die meeste gesinne al een of ander vorm van verlies ervaar het (sien 2.10). Verliese in die kinderjare). Goldman (2000) onderskei tussen die volgende kategorieë van verliese: verhoudings, die omgewing, vaardighede, gewoontes, die self, eksterne objekte en die verlies van 'n toekoms of beskerming deur volwassenes. Lindsay en Elsegood (1996) voeg by hierdie lys verliese wat met ontwikkeling verband hou (soos om te begin skoolgaan), sowel as breë kategorieë van verlies, naamlik ekstern (wat meestal met skeiding verband hou) en innerlik (soos die verlies aan selfvertroue, identiteit en selfagting, wat in reaksie op 'n verlies kan plaasvind, of glad nie). Behalwe vir hierdie verliese, of primêre verliese, kan kinders ook meer verliese ervaar

wat soos 'n kettingreaksie op die eerste verlies volg. Dit staan as sekondêre verlies bekend, wat bevestig hoe kompleks 'n persoon se ervaring van verlies kan wees (sien 2.11).

Die proses van die aanvaarding van die verlies by die jong kind word deur die volgende bepaal (sien 2.13):

- Die kind moet **verstaan** wat gebeur het
- **Emosionele reaksies** op die verlies moet ervaar word
- Die **rouproses** moet deurloop word
- Die **hersamestelling** van die gesin

In al die bogenoemde aspekte by die proses van aanvaarding is dit duidelik dat die jong kind se ouer 'n baie belangrike rol kan speel.

Miskende rou (disenfranchised grief) is werklike roureaksies na 'n verlies, maar die tipe verlies word nie deur die samelewing erken nie, en daarom word daar nie steun gebied nie (Sciarra, 2004). Hierdie tipe rou kom algemeen by kinders voor weens verliese wat gepaard gaan met byvoorbeeld verhuising, die dood van 'n troeteldier, ensovoorts. Dit is duidelik dat kennis van hierdie aard ouers kan help om beter steun aan hul kinders te bied. (sien 2.15).

Hooyman en Kramer (2006) het bevind dat min hulpmiddels vir verliese buiten die dood bestaan. Dit is egter so dat kinders baie ander verliese ervaar, wat verskil van verliese wat volwassenes beleef. Daarom is kennis vir ouers so belangrik, sowel as die beskikbaarstelling van riglyne wat belangrik is vir die hantering van enige verlies by die kind.

In Hoofstuk 3 is die Relasieteorie bespreek en daar is aangetoon hoe verliese en rou die verskillende psigiese fasette van die kind-in-wording kan affekteer (sien Tabel 5). 'n Bondige opsomming hiervan word gegee:

Die kind as persoon bestaan uit die volgende:

- Die ego

Jong kinders se ego is nog nie goed ontwikkel nie. Hulle is egosentrië en voel verantwoordelik vir die verlies en sien dit as verwerping. Egoverdedigingsmeganismes word vir beskerming ingespan.

- Die self
Die self ontwikkel wanneer kinders hulle liggame en behoeftes begin ken en verstaan. Verlies word gesien as verlating van die self en verskillende reaksies word ontlok. Die gedrag veroorsaak weer in baie gevalle negatiewe terugvoer van ander met wie die kind verhoudings gestig het. Dit kan die kind se siening van die self, en gevolglik die identiteit en selfkonsep, negatief raak.
- Die identiteit
Na 'n groot verlies moet kinders aanpassings maak in selfdefiniëring. Permanente skeiding van versorgers bring by die kind 'n verlies aan identiteit mee.
- Die selfkonsep
Jong kinders se ouers is byna eksklusief die bron van hulle kwesbare selfbeeld en selfagting (Christ, 2000). Die kind se selfkonsep is onstabiel tot op sewejarige ouderdom. Dit is dus duidelik dat verliese en skeiding van die ouer die kind se selfkonsep negatief sal beïnvloed.

Vir volwassewording is die volgende nodig:

- Betrokkenheid
Verhoudings kan negatief geraak word deur 'n negatiewe selfkonsep en ongepaste gedrag waaraan uiting gegee word weens onderdrukte emosies in reaksie op 'n verlies. Betrokkenheid van die kind by die verlies is van waarde op die weg na heling.
- Gevoel
Jong kinders het nie woorde om emosies te beskryf nie. Hulle reageer op 'n verlies soos dit deur belangrike volwassenes gemodelleer word. Skuldgevoelens is dikwels 'n prominente emosie by jong kinders, omdat hulle verantwoordelik voel vir die verlies.

- Denke
Jong kinders se gedagtes word besig gehou deur wensdenkery, fantasie en towerkrag. Hulle glo hulle is in staat om die verlies ongedaan te maak, of dat hulle gedagtes dit kon veroorsaak.
- Verhoudings
Gesonde verhoudingsvorming lei tot 'n gesonde opvoedingsituasie. Die teendeel is waar van problematiese verhoudingsvorming. Weens verliese en die kind se reaksie daarop, kan verhoudingsvorming negatief geraak word.

'n Kind wat goed aanpas, kan hom-/haarself aktualiseer (word wat hy / sy kan en behoort te word). Dit word egter beïnvloed deur die verhouding met die self en selfgesprek:

- Selfgesprek
Skuld vorm dikwels deel van kinders se selfgesprek, omdat hulle verantwoordelik kan voel vir die verlies. Jong kinders kan ook gesprekke met die oorledene internaliseer. Al is dit nie heeltemal selfgesprek nie, kan dit tog 'n vorm van selfregulering aanneem. Rou word by kinders gekenmerk deur innerlike konflik – hulle voel waardeloos en negatief oor hulself. Dit is duidelik hoe selfgesprek en die selfkonsep verband hou.
- Selfaktualisering
Nuu aangeleerde vaardighede kan verloor word na 'n onlangse verlies (Lindsay & Elsegood, 1996). Verlies is 'n bedreiging vir die kind se ontwikkeling en welsyn. Die hantering van rou en verlies, met die nodige steun, kan lei tot groei en weerbaarheid.

Met rou en verlies by die jong kind is die samewerking tussen die ouer, die skool en die sielkundige van groot waarde om die kind ten beste te kan ondersteun. Die kind se belangrikste relasies sluit die gesin en skool in, en daarom, deur samewerking, kan die ondersteuning aan die kinders ten beste gegee word in die omgewings waarin hy / sy beweeg.

Die rol van die ouer, die skool en die sielkundige is bespreek deur praktiese riglyne uit die literatuur weer te gee (sien Tabel 9). Die essensie van die riglyne vir die ouer word goed opgesom deur Goldman (2000: 53):

- Let kids know
- Let kids talk
- Let kids participate
- Let kids be unique

Die rol van die skool word goed weergegee deur Goldman (2000) se akroniem: SAFE:

S – Seize the moment

Begelei die kind om 'n goeie antwoord op vrae te gee

A – Act

Wanneer jy twyfel, reik uit na die kind. Kinders herken opregtheid

F – Find strengths

Alle kinders het sterkpunte. Soms lei onderdrukte emosies tot ongewenste gedrag. Begrip daarvoor sal die onderwyser weerhou van oordeel

E – Establish a relationship

Praat alleen met die kind. Laat die kind weet dat jy bewus is van sy gedrag en daar is wanneer hy / sy wil praat.

Wat die rol van die sielkundige betref is riglyne gegee oor die inligting waaroor die sielkundige moet beskik ten einde rou vir alle persone betrokke te normaliseer. Dit is goed om kennis in te win oor hoe kinders rou en verlies ervaar. Die literatuur verwys na sielkundiges se onvermoë om hulle eie, sowel as ander se verliese, te hanteer en aan te spreek (Hooyman & Kramer, 2006). Dit maak die riglyne vir sielkundiges essensieel ten einde die steun aan kliënte – veral kinders – te vergemaklik en te rig.

6.5. Bevindinge van die empiriese studie

Wat die aanbieding van die werkswinkel betref, is bevind dat ouers 'n tipe lesingstyl verkies sodat hulle nie sensitiewe inligting met mekaar hoef te deel en blootgestel hoef te word nie. Die twee persone van ander rasgroepe (die groep was hoofsaaklik blank) het egter deelname verkies. Die moontlikheid bestaan dat dit weens kulturele verskille is, en dit kan in die toekoms ondersoek word.

In die literatuur is verwys na ouers se onkunde oor die hantering van rou en verlies by die jong kind (sien 1.4), maar dit het ook in die empiriese studie duidelik geblyk. Daar is na gedrag van kinders in rou en verlies as “stout” of “manipulerend” verwys. Van die proefpersone het 3 uit 7 aangedui dat hulle nie bewus was van die feit dat hulle jong kinders rou nie. Die ander het dit geweet nadat die kinders by 'n terapeut was, omdat die kind dit gesê het, of omdat die kind se gedrag na die verlies verander het. Selfs al het van die ouers geweet dat hulle kinders rou, is gedrag steeds beskryf as dat hulle “die situasie uitbuit” en “stout” is. Al die ouers het egter vrae gehad oor die hantering van rou en verlies by die jong kind of die kind in hulle sorg, wat die doel van hierdie studie bevestig. Wat verblydend is, is dat ouers uit die terugvoer van sessie 3 laat blyk het dat hulle 'n verandering ondergaan het na die bywoning van sessie 1 tot 3 van die werkswinkel. Hulle noem die volgende veranderinge:

- Die onsekerheid van die ouer is opgeklaar
- Die ouer voel meer in beheer van die probleme
- Daar is beter begrip vir die kind se optrede en reaksies
- Daar is 'n totale verandering in die denkwysse oor rou en verlies
- Die ouer voel beter toegerus om die kinders, maar selfs ook ander persone, in rou en verlies te ondersteun.

'n Paar ouers het selfs, na toepassing van die inligting en riglyne, reeds klein veranderinge by hulle kinders bespeur:

- Die kinders kom meer gerus voor
- Daar is minder woede en opgekropte hartseer
- Minder ouer-kind konflik (wat ook aan 'n verandering by die ouer toegeskryf kan word)

Waar ouers gevra is om aan te toon watter eienskappe van rou en verlies hulle by hulle kinders waarneem, het dit wat genoem is baie ooreengestem met dit wat in die literatuur voorkom. Dit was ook merkbaar hoe ouers meer simptome kon byvoeg nadat inligting vanuit die literatuur met hulle gedeel is. Dus is die riglyne wat gegee word op die regte spoor, aangesien dit gebaseer is op die simptome van rou en verlies by die jong kind. Die feit dat ouers in staat was om meer kenmerke te identifiseer, wys dat die navorsing op peil is en dat ouers deur die inligting leer. Ouers is ook, na inligting oor routake en roufases, in staat om te identifiseer in watter fase hulle kind tans verkeer en met watter routaak die kind besig is. Hulle kon ook terugkyk en identifiseer wat van die rouproses reeds deurloop is.

In hierdie studie het duidelik geblyk dat ouers nie geredelik inligting met hulle jong kinders rakende rou en verlies deel nie. Van die sewe respondente wat deelgeneem het, het drie openlik erken dat hulle inligting verdoesel het of leuens vertel het om die kinders te beskerm, terwyl dit by implikasie ook vir twee van die ander respondente die geval was. Waar respondente moes deel wat hulle prakties sal doen om die kind in rou en verlies te help, het vier respondente aangedui dat hulle met die kinders sal moet praat om leemtes in die inligting op te klaar en die waarheid deur te gee. Dit is verblydend dat alle ouers na afloop van die sessie in staat was om sinvolle idees weer te gee van hoe kinders in hulle besondere situasie ondersteun kan word.

Die doel van hierdie studie, naamlik om ouers te bemagtig, is volgens die respondente verwesenlik. Ouers het spesifieke riglyne uitgesonder wat hulle in hulle situasie sal kan gebruik. Riglyne wat die meeste respondente bruikbaar vind is die volgende:

- Eerlike kommunikasie
- Om tyd saam met die kind te spandeer
- Laat die kinders veilig en geliefd voel
- Deel emosie – sê hoe jy as ouer voel
- Moedig die kind aan om te praat
- Hou die roetine sover moontlik dieselfde

Respondente moes ook aandui wat hulle anders sal doen noudat hulle inligting gekry het oor die hantering van rou en verlies. Verskeie aspekte is genoem, maar wat meer as een keer na vore gekom het word hier gelys:

- Om tyd te maak om aan die kind se behoeftes aandag te gee en vrae te beantwoord
- Om die kind toe te laat om oor die verlies te praat
- Om gevoelens met die kind te deel

Volgens die respondente bestaan daar wel 'n behoefte aan hierdie tipes werkswinkels in die gemeenskap. Dit is dieselfde tipe terugvoer wat die navorser uit verskeie oorde ontvang het, ook by van die onderwysers. Hierdie opinie is wel subjektief, maar die redes wat die respondente gegee het waarom programme soos hierdie nodig is, maak sin:

- Om voorbereid te kan wees op 'n verliessituasie en die vaardighede te hê om dit te kan hanteer.
- Sodat kinders se gedrag geïdentifiseer kan word.
- Baie ouers worstel met dieselfde probleme.

Verskeie redes is deur respondente verskaf oor waarom hulle dink mense huiwerig is om die werkswinkel by te woon. Die volgende redes het die meeste voorgekom:

- Vrese oor die konfidensialiteit van inligting in 'n klein dorpie waar mense mekaar ken
- Mense is trots en probeer probleme wegsteek
- Mense voel kwesbaar in 'n situasie waar gevoelens bespreek word; dit kan hulle ontstel
- Ontkenning van rou en emosies

Wat die ouer en die skool betref het geblyk dat ouers meestal die skool betrek het wanneer kinders 'n verlies ervaar. Dit is goed, aangesien uit die literatuur bewys is dat kinders die beste ondersteun kan word as belangrike persone uit die omgewings waarin hulle beweeg, saamwerk. Dit sal die skool insluit. Ouers het aangedui dat as hulle iets anders kan doen met betrekking tot die skool, dit die volgende sal wees:

- Om die onderwyser te vra om eerlik te wees met die kinders oor wat gebeur het en inligting oor die proses van rou te deel
- Behou roetine en dissipline
- Weeklikse vorderingsverslae
- Die onderwyser kan ekstra belangstelling in die kind toon
- Om met die onderwyser te praat oor die probleme, riglyne te gee en ondersteuning te vra
- Die onderwyser vra om by die skool met die kind te praat

Uit gesprekke met die ouers het geblyk dat onderwysers wel soms kinders se gedrag kan misinterpreteer, soos in een ouer se geval waar die onderwyser sommerso die kind se gedrag aan depressie toegeskryf het, omdat sy geweet het een van die kind se ouers is depressief. Dit het gebeur terwyl die kind se huislike omstandighede chaoties was, een ouer was gehospitaliseer, die kinders het veelvoudige verliese beleef en boonop nie korrekte inligting gekry oor wat by die huis gebeur nie. Die ouer het wel nie alle inligting met die onderwyser gekommunikeer nie, maar dit kom ook nie voor asof die onderwyser 'n poging aangewend het om meer vrae te vra voor 'n ongevoelige opmerking gemaak is nie. Die meeste respondente (4 van die 7) het egter positiewe belewenisse gehad van die skool se betrokkenheid by hulle situasie van rou en verlies. Onderwysers het ook na van die leerders se gedrag verwys as "problematies" of "probleemvry", wat die wanpersepsie bevestig van dat onderwysers dink die kind moet probleme ervaar om deel te wees van hierdie navorsing. Dít terwyl gedrag by jong kinders waarna in hierdie studie verwys word eintlik heel normaal is vir kinders wat rou en verlies ervaar.

Gesprekke is met van die respondente se kinders se onderwysers gevoer. Die onderwysers is ook gevra om 'n lys in te vul met eienskappe van rou en verlies wat in die klas- of skoolomgewing by die kind voorkom. Heelwat van hierdie eienskappe stem ooreen met die ouers se waarnemings. Waar dit verskil is die tipe eienskap dikwels meer waarneembaar tuis, soos met byvoorbeeld nagmerries. Of die ouer of versorger sien nie die kind in 'n sosiale omgewing nie. Dit blyk dus dat die kind simptome van rou en verlies wat waargeneem kan word in die skool en tuis openbaar.

Respondente was baie positief oor die werkswinkel, maar kritiek wat gelewer is sluit in dat notas uitgedeel moet word sodat deelnemers eerder op die inhoud kan konsentreer as om te skryf, dat die sessies almal op een dag aangebied moet word, want dit is moeilik vir gesinne om oor vier weke dieselfde aand oop te hou, en inligting rakende jonger en ouer kinders is ook gevra.

6.6. Leemtes van die studie

Soos met enige studie sal daar, na terugblik en deeglike oorweging, leemtes gevind kan word wat in die toekoms, met 'n verdere studie, in oorweging geneem behoort te word:

- Die proefpersone is oorwegend afkomstig van een bepaalde sosio-ekonomiese groep, kultuur, ras en taal. Dit belemmer veralgemening.
- Die omgewing waarin die studie uitgevoer is het die navorsing grootliks belemmer. Die formaat van die werkswinkel moes noodgedwonge aangepas word na 'n lesingtipe formaat, omdat die proefpersone onveilig voel om deel te neem aan besprekings van sensitiewe inligting, wat moontlik aan die gemeenskap uitgelek kan word.
- Die grootte van die steekproef is klein – slegs sewe persone het deel daarvan gevorm.
- Die werkswinkel is nie toeganklik vir persone met 'n beperkte opvoeding en geletterdheid nie. Dit is nie in die uitnodiging aan proefpersone aangedui nie.
- Dit is moontlik dat proefpersone nie te alle tye heeltemal eerlik was in die response op die werkkaarte nie, want weens die grootte van die groep was hulle steeds identifiseerbaar.

6.7. Bydraes van die studie

Die bydraes van hierdie studie is die volgende:

- Die daarstelling van psigo-opvoedkundige riglyne vir die ouers van jong kinders om hulle te help om rou en verlies te hanteer.
- Die ontwerp van werkswinkels vir gebruik met ouers van jong kinders om hulle te bemagtig om rou en verlies by die jong kind te hanteer.

- Die literatuurstudie, sowel as die riglyne vir onderwysers en sielkundiges vanuit die literatuur, bied 'n goeie vertrekpunt om soortgelyke navorsing te doen en programme te ontwikkel wat op skole en terapeute betrekking het.
- Die kenmerke van rou en verlies wat in die literatuur bespreek is, kom in 'n groot mate ooreen met wat ouers in die terugvoer gedeel het oor wat hulle by hulle kinders in reaksie op rou en verlies waarneem. Die eienskappe van rou en verlies is dus grootliks in hierdie sessie bevestig.

6.8. Aanbevelings vir verdere navorsing

Die volgende aanbevelings vir verdere navorsing kan gemaak word:

- Die werkswinkels behoort herhaal te word en aangepas te word vir ander tale, kultuurgroepe, rasse en vir persone van verskillende sosio-ekonomiese agtergronde en vlakke van opleiding. Sorg moet gedra word om in die uitnodiging na die werkswinkel te stipuleer presies wie die persone is wat geteiken word vir deelname, veral wat opvoeding en geletterdheid betref.
- Die studie behoort herhaal te word in 'n ander omgewing, byvoorbeeld in die stad.
- Die bemerking van die werkswinkels behoort aangepas te word. Dit is moontlik dat meer persone dit sal bywoon indien dit oopgemaak word vir enige ouer en nie net vir ouers van jong kinders wat onlangs 'n verlies beleef het nie. Moontlik sal die gevoel van onveiligheid dan by die proefpersone verdwyn.
- 'n Kort opvolgssessie behoort oor 'n langer periode na die werkswinkels gedoen te word om vas te stel of die toepassing van riglyne werklike verandering by die jong kind tot gevolg het.
- Die werkswinkels behoort aangepas te word vir onderwysers en skole.

6.9. Slotgedagte

In Hoofstuk 6 is 'n kort sinopsis van die hele studie gegee. Die hoop bestaan dat die inligting wat in hierdie dokument vervat is kan bydra tot die vergemakliking van die hantering van rou en verlies by die jong kind vir die ouer. Mag dit ook dan, as 'n uitvloeisel hiervan, die jong kind baat, sodat hy / sy kan groei en relatief sorgeloos begelei kan word tot selfaktualisering. Hierdie studie en werkswinkel poog geensins

om alle kennis in pag te hê nie. Dit behoort gesien te word as 'n hulpmiddel ter ondersteuning van ouers en jong kinders in 'n krisis, sowel as 'n poging tot die normalisering van roureaksies in ons samelewing deur kennis en bemagtiging. Die navorsingsvraag is beantwoord.

Bronnelys

Altman Klein, H. en Staley, L. 2000. *Time to say good-bye*. Childhood education, 76(3):170-171, Spring.

Andrews, C.R. en Marotta, S.A. 2005. *Spirituality and coping among grieving children: A preliminary study*. Counseling and Values, Oct, 50(1):38-50.

Berg, B.L. 2007. *Qualitative research methods for the social sciences* (6th Ed). Boston: Pearson Education.

Black, S. 2005. *When children grieve*. American School Board Journal, 192(8):28-30.

Bowlby, J. 1979. *The making and breaking of affectional bonds*. New York: Tavistock / Routledge.

Branch, M.L. en Brinson, S.A. 2007. Gone but not forgotten: Children's experiences with attachment, separation, and loss. *Reclaiming Children and Youth*, **16(3):41-45, Fall**.

Brodkin, A.M. 2004. *"My grandpa died": How to help children handle grief*. Scholastic early childhood today, Jan / Feb, 18(4):18-19.

Brodkin, A.M. 2007. *Saying goodbye to a pet*. Scholastic parent & child, 15(2):40-41.

Brodkin, A.M. 2008. *Dealing with divorce*. Scholastic parent & child, Oct, 16(2): 44-45.

Brown, E. 1999. *Loss, change and grief: An educational perspective*. London: Fulton.

Christ, G.H. 2000. *Healing children's grief: surviving a parent's death from cancer*. Oxford: Oxford University Press.

Cohen, J.A., Mannarino A.P. en Deblinger, E. 2006. *Treating trauma and traumatic grief in children and adolescents*. New York: The Guilford Press.

Compassionate Friends. 1999. *When a child dies: A survey of bereaved parents*. Beschikbaar van www.compassionatefriends.org/Media/Surveys.aspx (toegang verkry op 31 Augustus 2009).

Corey, G. 2005. *Theory and practice of counseling and psychotherapy (7th ed.)*. USA: Thomson Brooks / Cole.

De Vries, B. 2001. *Grief: Intimacy's reflection*. *Generations*, 25(2):75-80, summer.

Doka, K.J (Ed). 1995. *Children mourning, mourning children*. Washington DC: Hospice Foundation of America.

Freeman, A. en Reinecke, M.A. (Ed.). 2007. *Personality disorders in childhood and adolescence*. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

Galanos, G. 2007. *Helping children grieve*. *Children's Voice*, 6(16):26-28, 33.

Goldman, L. 2000. *Life & Loss: A guide to help grieving children (2nd ed)*. Philadelphia: Taylor and Francis.

Goldman, L. 2001. *Helping the grieving child in school*. *KidsPeace Healing Magazine*, 3(1). From e-mail: admissions@kidspeace.org (accessed 16 May 2005).

Graham, A. 2004. *Life is like the seasons: Responding to Change, Loss and Grief*. *Childhood Education*, 80(6):317-321.

- Henning, E., Van Rensburg, W. and Smit, B. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik Publishers
- Holland, J. 2008. *How schools can support children who experience loss and death*. British journal of guidance and counseling, 36(4):411-424.
- Hooyman, N.R. en Kramer, B.J. 2006. *Living through loss: Interventions across the life span*. New York: Columbia University Press.
- Jewett, C.L. 1992. *Helping children cope with separation and loss*. Boston: Harvard Common Press.
- Kaufman, K.R. en Kaufman, N.D. 2005. *Childhood mourning: Prospective case analysis of multiple losses*. Death studies, 29(3):237-249.
- Kids Count. 2009. Percent of children in single-parent families: 2007. *Data Book Online*. Aanlyn beskikbaar by http://datacenter.kidscount.org/Databook/2009/OnlineBooks/AEC186_sum+find_FINAL.pdf (toegang verkry op 31 Augustus 2009).
- Kübler-Ross, E. 1975. *Death: The final stage of growth*. New Jersey: Prentice-Hall.
- Kübler-Ross, E. 1983. *On children and death*. New York: Macmillan Publishing Company.
- Le Count, D. 2000. *Working with "difficult" children from the inside out: Loss and bereavement and how the creative arts can help*. Pastoral Care, Jun, 18(2): 17-27.
- Lindsay, B. en Elsegood, J. (Ed). 1996. *Working with children in grief and loss*. London: Baillière Tindall.
- Lyness, D. 2004. *Death and grief*. Teenshealth. From: www.kidshealth.org (accessed 16 May 2005).

Maree, K. en Van der Westhuizen, C. 2007. Planning a research proposal In K. Maree *First steps in research* (p 23-45). Pretoria: Van Schaik.

McGlaufflin, H. 1998 *Helping children grieve at school*. Professional school counseling. Alexandria: June. 1(5): 46-50.

Monroe, B. en Kraus, F. 2005. *Brief interventions with bereaved children*. New York: Oxford University Press.

Morrison, D.R. en Cherlin, A.J. 1995. *The divorce process and young children's well-being: A prospective analysis*. Journal of marriage and the family. Minneapolis: Aug, 57(3): 800.

Mwamwenda, T.S. 1995. *Educational Psychology: An African perspective (2nd ed.)*. Durban: Butterworths.

National Association of School Psychologists (NASP). 2003. *Helping children cope with loss, death and grief: Tips for teachers and parents*. From www.nasponline.org (accessed 16 May 2005).

National Association of School Psychologists (NASP). 2003. *Helping children cope with loss, death and grief: Tips for teachers and parents*. From www.nasponline.org (accessed 16 May 2005).

National Institutes of Health (2002, October 15). *Preventive sessions after divorce protect children into teens* [News Release]. Aanlyn beskikbaar by www.nih.gov/news/pr/oct2002/nimh-15.htm (toegang verkry op 31 Augustus 2009).

Neimeyer, R. A. 1999. *Narrative strategies in grief therapy*. Journal of constructivist psychology, 12(1):65-85.

Nieuwenhuis, J. 2007. Analysing qualitative data In K. Maree *First steps in research* (p. 98-122). Pretoria: Van Schaik.

O'Leary, Z. 2004. *The essential guide to doing research*. London: SAGE Publications.

Odendal, F.F. 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor Uitgewery.

Perry, B.D. 2000. *Children and Loss*. Scholastic Parent and Child, 8(2):66.

Perry, B.D. 2001. *Children and loss*. Scholastic Instructor, 110(6):36, March.

Plug, C. et al. 1988. *Psigologiewoordeboek* (Tweede uitgawe). Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Pritchard, A. 2005. *Ways of learning: Learning theories and learning styles in the classroom*. London: David Fulton Publishers.

Raveis, V.H., Siegel, K. en Karus, D. 1999. *Children's psychological distress following the death of a parent*. Journal of youth and adolescence, Apr, 28(2):165-180.

Reid, J. 2002. *School management and eco-systemic support for bereaved children and their teachers*. International journal of children's spirituality, 7(2):193-207.

Sciarra, D.T. 2004. *School Counseling: Foundations and contemporary issues*. USA: Brooks/Cole.

Sims, D. 2005. *The grieving child: Part One & Two*. Beyond indigo. From: www.beyondindigo.com (accessed 16 May 2005).

Theunissen McFarlane, A. 1998. *Mamma, is die Here regtig? Bybelse antwoorde op kleuters se godsdiensvrae*. CUM: Vereeniging.

Universiteit van Suid-Afrika. Departement Opvoedkundestudies. 2002. *Inleidende Oriëntering: Voorligting in opvoedkundige kontekste (BEd): enigste studiegids vir OSV451-3 / OSV411-R*. Pretoria.

Van As, Y. 2005. *'n Gestalt tegniek om die kind wat verlies ervaar te begelei* [elektroniese bron]. Tesis (M.Diac): UNISA.

Williams, E. 2003. *A Sense of Loss*. The Times Educational Supplement, 4 April.

Wood, F.B. 2008. *Grief: Helping young children cope*. Young Children, Sep, 63(5):28-31.

Worden, J.W. 1982. *Grief counselling and grief therapy*. London and New York: Routledge.